# Afrikaans Eerste Addisionele Taal

*Leerderwerkboek*

**Graad 11**

Derde Vloer
Carrstraat 66
Newtown
2001

Webtuiste: www.learn.co.za

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie uitgawe mag gereproduseer word, in 'n inligtingstelsel bewaar word, of in enige vorm of op enige manier weergegee word nie, hetsy elektronies, meganies, fotokopiëring, plaat- of bandopnames, of enigsins, sonder vooraf verlof van die kopiereghouers nie.

Eerste uitgawe in 2008

ISBN 978-1-920040-33-8

Boek ontwerp deur PH Setting cc
Omslag ontwerp deur Learning Channel
Geset deur PH Setting cc
Gedruk deur Harry's Printers (Pty) Ltd

education
Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

learning channel
defining *your* destiny.

# Inhoud


**Hoe-om-te-gebruik gids vir die *Learning Channel* Afrikaans (Eerste Addisionele Taal)** . . . . . **iv**

**Geletterdheidsprogram vir Graad 11** . . . . . **v**

**Wat die ikone beteken** . . . . . **vi**

**Jou *Learning Channel-* aanbieders** . . . . . **vii**

**Ander *Learning Channel-* produkte** . . . . . **viii**

**1 Leesbegrip** . . . . . **1**

**2 Woordeboekgebruik** . . . . . **9**

**3 Opsommings** . . . . . **14**

**4 Spelreëls (Los en vas skryf van woorde)** . . . . . **18**

**5 Skryftekens** . . . . . **20**

**6 Leestekens** . . . . . **22**

**7 Woordvorming** . . . . . **26**

**8 Die selfstandige naamwoord** . . . . . **29**

**9 Die byvoeglike naamwoord** . . . . . **36**

**10 Voornaamwoorde** . . . . . **40**

**11 Die werkwoord** . . . . . **42**

**12 Die bywoord** . . . . . **44**

**13 Voegwoorde** . . . . . **46**

**14 Tussenwerpsels en lidwoorde** . . . . . **48**

**15 Voorsetsels en telwoorde** . . . . . **51**

**16 Woordorde** . . . . . **54**

**17 Tye (Teenwoordige tyd, verlede tyd en toekomende tyd)** . . . . . **57**

**18 Direkte en indirekte rede** . . . . . **60**

**19 Lydende en bedrywende vorm** . . . . . **63**

**20 Sinstipes** . . . . . **66**

**21 Sinstipes (vervolg)** . . . . . **68**

**22 Die ontkennende vorm (Negatief)** . . . . . **71**

**23 Enkelvoudige sin en saamgestelde sin** . . . . . **74**

**24 Veelvoudige sin** . . . . . **76**

**25 Vrae met spotprente en advertensies** . . . . . **79**

**26 Sinonieme, antonieme, paronieme en omskrywings** . . . . . **85**

**27 Polisemie, homonieme en homofone** . . . . . **88**

**28 Beeldspraak** . . . . . **91**

**29 Idiomatiese taalgebruik** . . . . . **95**

**30 Leenwoorde** . . . . . **97**

**Antwoorde** . . . . . **99**

**Wenke vir onderwysers** . . . . . **110**




# Hoe om die *Learning Channel*-program vir Afrikaans (Eerste Addisionele Taal) vir Graad 11 te gebruik

Veels geluk en dankie dat jy hierdie Graad 11 *Learning Channel*-program gekies het.

Hierdie program is omvattend en dek al die Leeruitkomstes, Assesseringstandaarde, kennis, kernbegrippe en vaardighede vir die vak soos in die Nasionale Kurrikulumverklaring saamgevat is – alles wat jy nodig het om suksesvol te wees. Nietemin, dit vervang nie jou onderwyser of handboek nie!

Hierdie *Learning Channel*-program is vir enige een … jy kan dit dalk tuis gebruik of selfs in jou klaskamer met jou onderwyser en klasmaats. Jy het dalk hierdie program gekies omdat jy met Afrikaans sukkel en gevolglik is jou uitslae nie wat dit behoort te wees nie. Of, dalk gebruik jy dit omdat dit jou sal help om die onderskeiding waarna jy strewe, te kry. Om watter rede jy dit ook al benodig, hierdie program sal jou die voorsprong gee waarna jy soek.

Die *Learning Channel*-program bestaan uit drie komponente:

- Lesse om na te kyk op DVD of PVR;
- 'n Leerderwerkboek, met opdragte en aktiwiteite om te voltooi; en
- Indien jy toegang tot die internet het, die Learning Channel-webblad.






**Hier is 'n paar wenke oor hoe om die beste uit die program te kry:**

Voordat jy begin studeer, maak seker dat jy die volgende byderhand het:

- Die *Learning Channel* Afrikaans (Eerste Addisionele Taal) Graad 11 DVD;
- Die *Learning Channel* Afrikaans (Eerste Addisionele Taal) Graad 11 Werkboek vir Leerders;
- Pen en papier; en
- Jou DVD-afstandbeheerder – indien jy dit op 'n DVD-speler kyk.
  - Plaas jou *Learning Channel* se Afrikaans (Eerste Addisionele Taal) DVD-skyfie ("disc") in jou rekenaar of DVD-speler. Druk die *"play"*-knoppie.
  - Die vaknaam en graad sal verskyn, gevolg deur die lesonderwerp, die lesnommer en die lengte van die les.
  - Vervolgens sal vir jou gesê word na watter les jy in jou werkboek moet blaai.
  - Die Leeruitkomste en Assesseringstandaarde sal verskyn, gevolg deur die lesoorsig. Dit sal presies vir jou sê wat van jou verwag word aan die einde van die les.

Ons stel voor dat jy eers die volledige les op DVD volg voordat jy na werkboek vir Afrikaans (Eerste Addisionele Taal) gaan. Terwyl jy na die DVD kyk, kan jy dit enige tyd stop as jy weer wil luister na dit wat gesê is, of as jy notas wil neem. Aan die einde van die les sal jy 'n samevatting (of opsomming) van die kernkonsepte wat in die les gedoen is, kry. As jy notas geneem het, kan jy dit neerskryf of jy sal dit in jou werkboek vind.

Wanneer jy klaar na die hele les gekyk het, kan jy na jou Afrikaans (Eerste Addisionele Taal) vir Graad 11-werkboek gaan om die aktiwiteite te voltooi.

- Alle opdragte en aktiwiteite is van so aard dat jy dit op jou eie tyd kan voltooi. Van die aktiwiteite kan jy, nietemin, saam met 'n maat doen, of in 'n groep of as 'n gesamentlike klaspoging Hierdie pogings word duidelik met die ikone gemerk (sien bladsy vi).
- Kontroleer jou antwoorde met die antwoorde wat aan die einde van jou werkboek vir jou gegee word. Foute mag beteken dat jy stappe gemis het of nie die kerngedagtes heeltemal verstaan nie. Kyk dan weer na die les, kyk na die notas wat jy neergeskryf het en doen weer die aktiwiteite wat jy nie baasgeraak het nie.

Die *Learning Channel*-webtuiste bied baie ekstras aan soos: vakopsommings, vorige eksamenvraestelle, studiewenke en die Nasionale Kurrikulumverklaring. Besoek die webtuiste as jy van ons ekstras wil gebruik maak.

Indien jy 'n onderwyser is en hierdie program in die klaskamer gebruik, sal jy wenke vir onderwysers aan die einde van die werkboek kry. Hierdie wenke sal jou help om die les en inhoud met jou leerders te fasiliteer.



## Wat die ikone beteken

| | |
|---|---|
| DVD | DVD – kyk na die les |
| INDIVIDUEEL | Individuele werk – doen hierdie aktiwiteit op jou eie |
| PARE | Paarwerk – doen hierdie aktiwiteit met 'n maat |
| GROEP | Groepwerk – doen hierdie aktiwiteit in 'n groep |
| KLAS | Klaswerk – doen hierdie aktiwiteit as 'n klas |
| SELF ASSESSERING | Self-assessering – assesseer jouself |
| VOORKENNIS | Basislyn assessering – wat ek reeds weet (vorige kennis) |
| FORMATIEWE ASSESSERING | Formatiewe assessering – hoe ek vorder |
| SUMMATIEWE ASSESSERING | Summatiewe assessering – 'n toets om vas te stel wat ek weet |
| PROJEK | Projek – 'n projek vir navorsing en aanbieding |
| PORTFOLIO | Portfolio aktiwiteit – vir insluiting in jou portfolio |



# Jou *Learning Channel*-aanbieders

## Afrikaans (EAT)


Melinda Lawrence


Donovan Lawrence

## Accounting


Ashraf Patel


Eurika Fourie

## English Home Language (FAL)


Casandra Gudhluza


Janet Unterslak


Mary Adams



Pule Hlabane

## Business Studies


Talita Lewis


Babalwa Mafuya

## Mathematics


Nelson Mogodi


Moira Clarke


Mvelo Phungula


Mark Phillips

## Life Sciences


Cathy Hastie



Farida Cassim


## Life Orientation


Zikhona Ntsangani



Juliet Glover


## Mathematical Literacy


Aarnout Brombacher


Eric Taba

## Physical Sciences


Tinyiko Khosa


Peter Glover

# Ander *Learning Channel*-produkte

Ander produkte vir die *Learning Channel* Graad 11-reeks

- Learning Channel Physical Sciences for Grade 11 DVD lessons and Learner's Workbook
- Learning Channel Mathematics for Grade 11 DVD lessons and Learner's Workbook
- Learning Channel Mathematical Literacy for Grade 11 DVD lessons and Learner's Workbook
- Learning Channel Life Sciences for Grade 11 DVD lessons and Learner's Workbook
- Learning Channel Life Orientation for Grade 11 DVD lessons and Learner's Workbook
- Learning Channel Business Studies for Grade 11 DVD lessons and Learner's Workbook
- Learning Channel English Home Language for Grade 11 DVD lessons and Learner's Workbook
- Learning Channel Accounting for Grade 11 DVD lessons and Learner's Workbook
- Learning Channel English First Additional Language for Grade 11 DVD lessons and Learner's Workbook

*Learning Channel* (in samewerking met *Liberty Life, Standard Bank, SABC-Education* en die Onderwysdepartement) is een van die wêreld se voorste leerhulpbronne wat weeksdae op *SABC1* uitgesaai word vanaf 10:00 tot 12:00 in die middae.

Die nuwe voorkoms, nuwe-generasie inhoud – reflekteer Suid-Afrika se nuutste opgedateerde kurrikulum – dit is ontwerp in noue samewerking met *SABC-Education* en die Onderwysdepartement.

*Learning Channel* se nuutste uitsendings word ondersteun deur 'n kragtige mengsel van aanbiedingsplatforms– insluitend die webtuiste, koerante, hoë-tegnologiese oudio-visuele hulpmiddels, werkboeke en *SMSe* – om te verseker dat die maksimum Suid-Afrikaanse leerders kry wat hulle die nodigste het.






*Learning Channel* bied 'n uitgebreide reeks opvoedkundige materiaal op DVD en video aan. Jy kan 15-20 ure van interaktiewe leer met 'n tutor bestel, tesame met 'n werkboek wat jy in die privaatheid van jou eie huis of skool kan gebruik.

CDs met digitale video-lesse is ook beskikbaar.

Om jou *Learning Channel CDs*, video's en werkboeke te bestel, kontak Takalani op e-pos: info@learn.co.za Skakel: (011) 639-0170

# LEESBEGRIP

## Leeruitkomstes en Assesseringstandaarde

**LEERUITKOMS 2**
**Lees en Kyk**
*Die leerder is in staat om te kan lees en te kyk vir begrip, om krities te evalueer en om op 'n wye verskeidenheid tekste reaksie te lewer*
**ASSESSERINGSSTANDAARDE**
- Vra van vrae ten einde voorspellings te maak
- Vluglees van tekste: die identifisering van titels, inleidings en eerste paragrawe en temasinne van paragrawe
- Soeklees van tekste vir ondersteunende besonderhede
- Aandagtige lees volgens doel en opdrag

## Oorsig

In Afrikaans is daar:

- 'n Groot verskeidenheid Afrikaanse tekste;
- Sekere stappe wat 'n mens volg wanneer jy 'n teks lees om dit te kan verstaan;
- Verskillende tipes vrae wat gevra kan word oor 'n leesstuk; en
- Spesifieke vrae vereis 'n spesifieke antwoord en daarom moet ons sorg dat ons elke vraag deeglik lees en verstaan.

# Lesinhoud

## Inleiding

Vandag gaan ons julle op die wonderlike reis van die Afrikaanse taal neem. Taal is elke dag van ons lewe rondom ons. Dit is as't ware deel van ons. En in die geval van 'n Addisionele taal soos Afrikaans, in julle geval, is dit belangrik dat 'n mens jou oë en ore gedurig moet oophou. Want 'n taal is mos iets wat 'n mens elke dag **hoor** (as jy of ander mense dit praat of jy die radio of televisie aanskakel), wat jy **sien** of **lees** (as jy die koerant of 'n tydskrif oopmaak). As jy gereeld Afrikaans **praat**, daarna **luister**, dit **lees** en dit **skryf** sal dit jou sommer baie help om die taal beter te verstaan.

*(Leerders word aangemoedig om ook aantekeninge vir hulself te maak tydens die kyk van die DVD as aanvulling tot die webnotas.)*

### Leesbegrip



Dit is belangrik **om eers te weet waaroor die leesstuk gaan** voordat daar met die beantwoording van vrae begin kan word.

Dit is belangrik om te BEGRYP wat jy LEES.

WAT moet jy lees om jou leesbegrip te verbeter?

HOE moet jy lees om jou leesbegrip te verbeter?

HOE moet jy 'n begripstoets beantwoord?

Stappe om te volg ten einde jou leesbegrip te verbeter, met ander woorde hoe om te begryp wat jy lees /te verstaan wat jy lees:

- Vra gedurig vir jouself vrae VOOR, GEDURENDE en NA jy iets lees;
- STOP en dink na oor wat jy gelees het;

- Probeer om te VOORSPEL wat volgende gaan gebeur;
- VERTEL aan iemand wat jy gelees het; en
- Pas jou LEESSPOED aan.

*Gaan nou na Aktiwiteit 1.*

**Watter leesstof is belangrik om te kan lees?**









## Tydskrifte





## Afrikaanse boeke










## Woordeboeke









## Hoe moet jy lees:

1. Lees eers die opskrif.
2. Lees die eerste paragraaf.
3. Lees die eerste sin van elke paragraaf.
4. Lees die hele teks versigtig en aandagtig.
5. Onderstreep dele wat belangrik lyk.
6. Onderstreep woorde wat jy nie ken nie en slaan die betekenis na.

**Waarom is dit belangrik om met insig te kan lees?**

Dit is belangrik om eers te weet waaroor die leesstuk gaan voordat daar met die beantwoording van vrae.

Hier is die stappe wat jy moet volg:

- Kyk eers na die opskrif van die berig;
- Lees die eerste paragraaf;
- Lees die eerste sin van elke paragraaf;
- Lees nou die hele teks versigtig en aandagtig;
- Onderstreep dele (sinne/woorde) wat vir jou belangrik lyk; en
- Onderstreep woorde wat jy nie ken nie en slaan die betekenis na.

**Onthou:** As deel van LEESBEGRIP word daar nie net altyd 'n koerantberig gegee nie. Ja, jou leesbegrip kan ook getoets word met 'n strokiesprent, 'n tydskrifartikel of enige van die ander tekste.

*Gaan nou na Aktiwiteit 2.*

**Kom ons gaan kyk nou hoe benader 'n mens die vrae wat oor die leesstuk gestel word:**

Onthou, wanneer 'n teks in die eksamen of in die klas gebruik word om jou LEESBEGRIP te toets, word sekere tipes vrae aan jou gestel. Die tipe vraag wat gevra word, vereis dat jy dit op 'n spesifieke manier moet beantwoord.

**Hoe om 'n begripstoets te beantwoord. (Kom ons gaan kyk na die verskillende tipes vrae en hoe jy hulle dit moet beantwoord.)**

| **VRAAG** | **ANTWOORD** |
|---|---|
| Beantwoord die volgende vraag in 'n VOLSIN | 'n VOLSIN antwoord |
| Verduidelik in een sin … | |
| Waarom dink jy … | |
| Waaruit lei ons af … | |
| Haal 'n DEEL VAN 'n SIN AAN … | Slegs deel van sin (sinsnede / frase) |
| Watter WOORD … | SLEGS EEN WOORD |
| Skryf EEN WOORD neer … | |
| KEUSEVRAE (*Multiple choice*): | SLEGS DIE KORREKTE ANTWOORD / LETTER / NOMMER |
| Watter antwoord is korrek … | |
| Kies die korrekte antwoord | |
| Kies die een wat nie pas nie | |
| Skryf slegs die letter/nommer langs jou antwoord | |



| WAAR- OF ONWAARVRAE | Slegs WAAR of ONWAAR |
|---|---|
| Waar of onwaar EN bewys deur 'n sin / gedeeelte van 'n sin / woord aan te haal … <br><br> Soms word ook gevra dat jy jou antwoord moet motiveer. | WAAR of ONWAAR <br><br> EN <br><br> 'n SIN/SINSDEEL/WOORD OM DIT TE BEWYS <br><br> Kyk veral na die puntetoekenning om te sien hoeveel punte jy sal verloor as jy nie motiveer nie. Jy motiveer slegs as vir jou gevra word om te motiveer. |

Gaan nou na Aktiwiteit 3.

## Samevatting

Daar is 'n groot verskeidenheid Afrikaanse tekste. Om hierdie tekste te verstaan, moet 'n mens dit op 'n sekere manier kan lees. Die beantwoording van vrae moet op 'n spesifieke manier benader word.

# Aktiwiteit 1

INDIVIDUEEL

PARE

FORMATIEWE ASSESSERING

### Leesbegrip

**Instruksies:**

Lees die volgende leesstuk en onthou om die volgende **stappe** te volg:

- Vra vir jouself vrae, voor, gedurende en nadat jy klaar gelees het;
- Stop en dink oor wat jy gelees het;
- Wat dink jy het verder gebeur? (Voltooi die teks); en
- Vertel nou vir iemand (in Afrikaans) wat jy gelees het.

**TEKS A:** ***Hoe die volstruis sy nek gekry het***

Lank, lank gelede het al die volstruise kort nekke gehad. Mevrou Volstruis was moeg daarvoor om op haar eiers te sit. Sy moes elke dag heeldag lank op hulle sit.

Meneer Volstruis het haar jammer gekry en gesê hy sal vir 'n verandering op die eiers sit. Mevrou Volstruis was baie opgewonde. Sy het by vriendinne gaan kuier.

Meneer Volstruis sit toe op die eiers. Hy kon sy vrou hoor gesels en lag, maar kon haar nie sien nie. Toe strek hy sy nek om beter te kan kyk …

*(Uit: Beeld, 31 Julie 2007)*

Onthou: Hoe meer oefening jy kry, hoe beter **begrip** sal jy toon.

**Vraag: Vertel nou in jou eie woorde wat hier gebeur het, sonder om die storie te verdraai.**

**Of: Wat dink jy het verder gebeur. Skryf nou die einde van die storie (slegs een paragraaf).**

INDIVIDUEEL

PARE

FORMATIEWE ASSESSERING

# Aktiwiteit 2

## Begripstoets

Lees die onderstaande leesstuk aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg:

Week ná week het hulle grasieus gegly, getrippel en gedraai – en almal oortuig daar skuil ’n danser diep binne elke lyf.

So ’n groot man met sulke vlindervoetjies? Kan nie wees nie …

Week ná week het kykers hulle vergaap aan die fyntrap-voetwerk van die man wat ’n hip-hop-klankie na Strictly Come Dancing gebring het. Om van Hip Hop Pantsula se blonde dansmaat nie te praat nie …

Soms het hulle grasieus oor die dansbaan gegly, soms op maat van die cha-cha, rumba, samba en tango getrippel – die paartjie wat die kykers aanvanklik laat wonder het: Hoe gaan dié fyn vrou haar grote maat ooit in ’n elegante danser verander?

Maar toe sy en HHP, oftewel Jabulani Tsambo (26), sewe ander bekendes en hul dansmaats uitstof om die konings van die dansbaan te word, het Hayley Bennet (23) elke ongelowige Thomas in die land oortuig: Diep in elke lyf skuil ’n danser.

Die twee is ’n blink trofee, R20 000 elk en kruiwaens vol respek ryker nadat hulle die beoordeelaars en die kykers oorrompel het. En om die kroon te span, het HHP soveel gewig verloor dat ou kenisse hom deesdae byna nie herken nie…

HHP het soveel gewig verloor toe hy vir Strictly Come Dancing geoefen het dat sy broeke deesdae tot op sy knieë afsak en hy weer in sy ou Universiteitsklere pas. “Ek kan selfs weer my ou skoolbaadjie toeknoop!”

Hy is nou ’n volle twee kleregroottes kleiner as ’n paar weke gelede.

“Ek het nie ’n spesiale dieet gevolg nie,” beklemtoon hy. “Net bitter hard geoefen-tussen vyf en tien uur per dag, elke dag van die week.”

“Ons het baie oefeninge gedoen wat HHP laat sweet het, maar steeds pret was,” verduidelik Hayley.

Hy is nie van plan om lenig te bly nie. “Dink net hoe lekker gaan dit wees om weer al daai gewig aan te sit!” skerts hy.

(Aangepas uit: *Huisgenoot, 26 Julie 2007*)

**Instruksies:**

- Skryf netjies en leesbaar.
- Laat ’n reël oop tussen elke antwoord.
- Skryf die nommer van die vrae in u antwoordboek – soos op die vraestel.

**Vrae:**



1.1 Gee ’n **gepaste opskrif** vir die leesstuk. (2)
1.2 Beantwoord in EEN VOLSIN. Waarvoor staan HHP ? (2)
1.3 Wie was die wenners van die danskompetisie? (2)
1.4 Noem enige twee danspassies wat hierdie twee gedans het? (2)
1.5 Wat was die prysgeld wat elkeen van die wenners ontvang het? (1)
1.6 Hoe oud is HHP se dansmaat? (1)
1.7 Kies die regte antwoord uit die onderstaande moontlike antwoorde.
Wie/wat is ’**n ongelowige Thomas (par.5)?**
a) iemand wat altyd alles glo;
b) iemand wat nie maklik glo nie;
c) iemand wat moeilik is;

d) iemand wat nalatig is. (2)

1.8 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is en motiveer jou antwoord? (3)

Stelling: “HHP het twee kilogram verloor”.

1.9 Hoeveel ure per dag het die danspaartjie afgestaan aan hul dansoefeninge? (1)

1.10 Gee ’n sinoniem uit die leesstuk (of woord wat min of meer dieselfde beteken as): **elegant, bekoorlik en stylvol**? (1)

1.11 Haal **een woord** uit die leesstuk aan wat daarop dui dat HHP na matriek verder studeer het? (1)

1.12 Haal **’n sin** uit die leesstuk aan wat daarop dui dat HHP wel die oefensessies geniet het? (2)

[**20**]

## Aktiwiteit 3

INDIVIDUEEL

Lees die onderstaande advertensie aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg:



**Wen R5000 vir jou tiener.**

’n Welkome blaaskans vir jou beursie.
Fluid rekening

Natuurlik is jy lief vir jou kinders, maar om meer geld uit te deel, kan jou beursie nogal seermaak. Feit is, hulle het altyd geld nodig vir fliek, CDs, die jongste modes of wat ook al in is. Ons wil graag jou finansiële las help verlig deur hulle die kans te bied om een van twintig R 5000-weggeepryse te wen. Maak vandag ‘n Fluid Rekening oop en deur net hul MasterCard debietkaart te gebruik, kan hulle wen. Die rekening is spesiaal ontwerp vir tieners tussen 13 en 18 jaar en bied fantastiese voordele soos 20% -afslag op fliekkaartjies, 15% af op musiek-CDs, 10% af op enige voorafbetaalde selfoonlugtyd, geen maandelikse bestuursfooi gehef nie, geen minimum saldo word vereis nie, twee gratis debiettransaksies is ingesluit en hulle verdien rente om hul spaargeld aan te vul. Hulle kan nét wen! En as hulle nog nie ’n fluid rekening het nie, maak sommer vandag nog een oop. Jy sal ’n groot dankie kry. Die kompetisie duur van 1 November tot 28 Februarie 2008.

(Aangepas uit: Huisgenoot, 18 Oktober 2007)

**Vrae:**

**Beantwoord vrae 1–4 in volsinne:**

1. Wat kan 'n mens se beursie seermaak? (3)
2. Wat is die naam van die rekening wat spesiaal ontwerp is vir tieners? (3)
3. Noem enige voordeel wat hierdie rekening vir tieners bied? (3)
4. Vir watter ouderdomsgroepe is hierdie rekening spesiaal ontwerp? (3)

**Die volgende vrae se antwoorde hoef nie volsinne te wees nie:**

5. Noem enige twee items uit die advertensie waarvoor tieners graag geld nodig kry? (2)
6. Watter bedrag weggeepryse kan deur twintig persone elk gewen word? (2)

**Kies die regte antwoord tussen hakies:**

7. Die hoofdoel van die rekening is (om rente te verdien as jy jou spaargeld aanvul; jy kan geld spandeer en baie rente daardeur verdien). (2)
8. Die kompetisie se aanvangsdatum is (1 November 2008; 28 Februarie 2008)? (2)

**Totaal = [20]**



# WOORDEBOEKGEBRUIK

Les 2

## Leeruitkomstes en Assesseringsstandaarde

**LEERUITKOMS 2:**
**Lees en Kyk**
*Die leerder is in staat om te kan lees en te kyk vir begrip, om krities te evalueer en om op 'n wye verskeidenheid tekste reaksie te lewer*
*(Leeruitkoms 4 sou ook relevant hier wees)*
**ASSESSERINGSSTANDAARDE**

- Gebruik woordeboeke en die tesourus effektief vir verskillende doeleindes soos vir die naslaan
- van betekenis, uitspraak, klem, spelling en vir navorsing
- Vertaal sinne van teiken taal na huistaal en omgekeerd

## Oorsig

In hierdie les gaan ons eerstens kyk na watter tipes woordeboeke daar beskikbaar is wat julle kan gebruik.

Daar word ook gekyk na watter inligting daar alles in 'n woordboek is en hoe jy dit kan gebruik om eerstens die taal beter te verstaan en tweedens om sinne wat jy in die eksamen mag kry te vertaal.

# Lesinhoud

LC DVD

## Inleiding

Die doel van `n woordeboek is om betekenis van woorde in woordeboeke na te slaan, hoe om die spelling en uitspraak/klem van woorde te bepaal, vir die gebruik van vertalings, woordsoortlike gebruik vas te stel en ook hoe om die gebruikskonteks te bepaal.

Ons sal dus kyk na:


- Tipes woordeboeke;
- Hoe om 'n woordeboek te gebruik;
- Die gebruik van 'n woordeboek vir vertaling; en
- Ander gebruike van 'n woordeboek.


Op hierdie stadium behoort julle te weet dat dit belangrik is om altyd 'n woordeboek byderhand te hou as 'n mens 'n addisionele taal aanleer. Ja, as iemand Afrikaans of enige ander taal aanleer is 'n woordeboek absoluut noodsaaklik. Dis iets waarsonder jy nie kan klaarkom nie.

### Inhoud

Kom ons kyk eerstens na die verskillende tipes woordeboeke en ander taalhulpmiddels wat daar is:










- Verklarende woordeboeke
- Tweetalige woordeboeke (Afr-Eng, Zoeloe- Xhosa,ens)
- Tesourusse
- Afrikaanse Woordelys en Spelreëls
- Elektroniese woordeboeke en speltoetsers

'n Paar van die woordeboeke sal bespreek word.

## Eentalige woordeboek

Die eentalige woordeboek sal woorde se betekenis vir ons aandui.

## Tweetalige woordeboek

Die een wat jy waarskynlik die meeste gaan gebruik, is die tweetalige Afrikaans-Engelse woordeboek.

Wat hierdie tipe woordeboeke so nuttig en kosbaar maak, is die feit dat dit Afrikaanse woorde se vertalings (in Engels, Xhosa of Zoeloe, ens) gee en natuurlik ook die omgekeerde.

Vir hierdie les gaan ons 'n Afrikaans-Engelse woordeboek gebruik.

## Meertalige woordeboek

Die woordeboek is presies wat dit sê dat daar meer as een taal in die woordeboek is. Dit is 'n woordeboek wat meestal betekenis van 'n woord vir meer twee tale wees.

## Gebruike van 'n woordeboek (Woordeboekgebruik)

### Vertaling

**ge·mak'lik** b.nw. en bw. **1(a)** Wat gemak verskaf; gerieflik lekker: *'n Gemaklike stoel, lêplek. Jou studeerkamer gemaklik inrig.* **(b)** Op jou gemak: *Sit, lê jy gemaklik?* Eng.: at ease, comfortable.. IsiZulu: ntofontofo. Sesotho: (ntho e)

**ge·trou'** b.nw. en bw. Met 'n diepe pligsbesef; toegewyd: *'n Getroue amptenaar, dienaar. 'n Getroue waghond.*

**grens** s.nwe. (-e) Lyn wat 'n sy of die omtrek van 'n gebied bepaal of een gebied van 'n ander daarnaas geleë skei: *Die grense van 'n plaas, distrik, provinsie, land.* Eng.: boundary. IsiZulu: umngcele. Sesotho: moedi/mola.



### Betekenis

**ge·mak'lik** b.nw. en bw. **1(a)** Wat gemak verskaf; gerieflik lekker: *'n Gemaklike stoel, lêplek. Jou studeerkamer gemaklik inrig.* **(b)** Op jou gemak: *Sit, lê jy gemaklik?* Eng.: at ease, comfortable.. IsiZulu: ntofontofo. Sesotho: (ntho e)

**ge·trou'** b.nw. en bw. Met 'n diepe pligsbesef; toegewyd: *'n Getroue amptenaar, dienaar. 'n Getroue waghond.*

**grens** s.nwe. (-e) Lyn wat 'n sy of die omtrek van 'n gebied bepaal of een gebied van 'n ander daarnaas geleë skei: *Die grense van 'n plaas, distrik, provinsie, land.* Eng.: boundary. IsiZulu: umngcele. Sesotho: moedi/mola.

**Spelling en uitspraak (Klem)**

**ge·mak'lik** b.nw. en bw. **1(a)** Wat gemak verskaf; gerieflik lekker: *'n Gemaklike stoel, lêplek. Jou studeerkamer gemaklik inrig.* **(b)** Op jou gemak: *Sit, lê jy gemaklik?* Eng.: at ease, comfortable.. IsiZulu: ntofontofo. Sesotho: (ntho e)

**ge·trou'** b.nw. en bw. Met 'n diepe pligsbesef; toegewyd: *'n Getroue amptenaar, dienaar. 'n Getroue waghond.*

**grens** s.nwe. (-e) Lyn wat 'n sy of die omtrek van 'n gebied bepaal of een gebied van 'n ander daarnaas geleë skei: *Die grense van 'n plaas, distrik, provinsie, land.* Eng.: boundary. IsiZulu: umngcele. Sesotho: moedi/mola.

**Woordsoortlikheid en gebruikskonteks**

**ge·mak'lik** b.nw. en bw. **1(a)** Wat gemak verskaf; gerieflik lekker: *'n Gemaklike stoel, lêplek. Jou studeerkamer gemaklik inrig.* **(b)** Op jou gemak: *Sit, lê jy gemaklik?* Eng.: at ease, comfortable.. IsiZulu: ntofontofo. Sesotho: (ntho e)

**ge·trou'** b.nw. en bw. Met 'n diepe pligsbesef; toegewyd: *'n Getroue amptenaar, dienaar. 'n Getroue waghond.*

**grens** s.nwe. (-e) Lyn wat 'n sy of die omtrek van 'n gebied bepaal of een gebied van 'n ander daarnaas geleë skei: *Die grense van 'n plaas, distrik, provinsie, land.* Eng.: boundary. IsiZulu: umngcele. Sesotho: moedi/mola.

'n Woordeboek is iets wat jy altyd by jou moet hê in die Afrikaanse klas of wanneer jy tuis taalaktiwiteite doen. Omdat jy die taal aanleer en jou woordeskat heeltyd besig is om te groei, gaan jy dit baie nodig kry om die betekenis van Afrikaanse woorde op te soek of om 'n Engelse woord se Afrikaanse vertaling te kry. En moenie vergeet om elke keer as jy 'n nuwe woord ontdek het dit agter in jou werkboek in jou woordelys te skryf nie.

Gaan nou na jou werkboek vir jou aktiwiteit oor woordeboekgebruike.

**Kom ons kyk na die volgende vertaalfoute wat leerders soms maak, ten opsigte van:**

**MEERVOUDE (met uitgange van: -e, -s)**

- ENGELS: There is a lot of apple**s** on the tree.
- AFRIKAANS: Daar is baie appel**s** aan die boom.

- ENGELS: There is a lot of orange**s** on the tree.
- AFRIKAANS: Daar is baie lemoen**s** aan die boom. ×

  Daar is baie lemoen**e** aan die boom. ✓


**DIE GEBRUIK VAN <u>WIE</u> EN <u>WAT</u>**

<u>Reël</u>: AS DAAR 'n VOORSETSEL VOOR <u>WAT</u> STAAN

VERANDER DIT NA <u>WIE</u>

VOORBEELD:

- Die man wat daar loop, is verlief.
- Die vrou op wie hy verlief is, dra 'n rooi rok.



**DIE GEBRUIK VAN MEER EN MEES**



- Die gesin is gelukkig.
- Die dogter is gelukkiger.
- Die dogter is **meer** gelukkiger. ×
- Die ma is die gelukkigste. ✓
- Die ma is die **mees** gelukkigs**te**. ×

**DIREKTE VERTALINGS**

- He lost his way.
- Hy het sy pad verloor. ×
- Hy het verdwaal. ✓

- He wears spectacles.
- Hy dra brille. ×
- Hy dra ’n bril. ✓

Gaan nou na jou werkboek vir jou volgende aktiwiteit oor vertalings.

## Samevatting

Ons het die volgende geleer:

- WOORDEBOEKE gee nie net vir ons die betekenis van woorde nie, maar ook ander belangrike inligting soos die woordsoortlikheid, meervoude, verkleinings, hoe dit in ’n sin gebruik word, sinonieme, hoe om dit uit te spreek en hoe om dit te gebruik.
- Daarmee saam is daar ook ’n lys met afkortings wat ons kan gebruik.

Verder het ons ook geleer hoe om sinne van Engels na Afrikaans te vertaal en omgekeerd.

INDIVIDUEEL

PARE

FORMATIEWE ASSESSERING



# Aktiwiteit 1

### Woordeboekgebruik

**Gebruik jou woordeboek en soek die betekenis van die onderstreepte woorde in die onderstaande paragraaf:**

Die **belhamels** van die skool was vanoggend vroeg reeds hier om allerhande **kattekwaad** en **poetsbakkery** te doen. Meneer Groenewald, die skoolhoof, het ’n paar **bakvissies** gesien en hulle agtervolg toe hy die groep seuns aan die ander kant van die draad opmerk. Tieners sal seker maar tieners bly en mens moet maar baie geduldig met hulle wees. Vandag se kinders is darem nie meer dieselfde nie; dalk is dit as gevolg van die baie **tegnologiese** en **wetenskaplike** blootstellings. (6)

## Aktiwiteit 2

INDIVIDUEEL

PARE

GROEP

FORMATIEWE ASSESSERING

### Woordeboekgebruik

**Gebruik die woordeboek en kyk waar die klem val op die onderstreepte woorde in die onderstaande paragraaf.**

Dit was **absoluut** doodstil en die **atmosfeer** was baie rustig en skielik daarna het die **telefoon** gelui. Die gesprek het gegaan oor die **katalogus** wat **alfabeties** moet wees en nie in dieselfde volgorde soos dit nou is nie. Die **notule** was nie baie duidelik hieroor nie en daarom moes die katalogus se uitleg oorgedoen word. (6)

2. Vertaal die volgende sinne na Afrikaans:

2.1 What is the time? (2)

2.2 Millie, are you done with your homework? (2)

2.3 How is the family? (2)

2.4 Do you speak Afrikaans? (2)

(2 × 4 = 8)



Les 3

# OPSOMMINGS

## Leeruitkomstes en Assesseringstandaarde

**LEERUITKOMS 2:**
**Lees en Kyk**
*Die leerder is in staat om te lees en te kyk vir begrip, om krities te evalueer en om op 'n wye verskeidenheid tekste reaksie te lewer*
**ASSESSERINGSSTANDAARDE**
- Vra van vrae ten einde voorspellings te maak
- Vluglees van tekste: die identifisering van titels, inleidings en eerste paragrawe en temasinne van paragrawe
- Soeklees van tekste vir ondersteunende besonderhede
- Aandagtige lees volgens doel en opdrag
- Opsomming van hoof- en ondersteunende gedagtes in sinne, puntsgewys en paragrawe

## Oorsig

Die maak van opsommings en hoe om instruksies reg te lees.

LC DVD

# Lesinhoud

## Inleiding

**Belangrike aspekte om na te kyk by die maak van opsommings**

- Wat is 'n opsomming?
- Hoekom opsommings gemaak word?
- Hoe om 'n opsomming te maak?

**Wat is 'n opsomming**

DEFINISIE: 'n Opsomming is 'n kernagtige en verkorte samevatting van die kernfeite in 'n gegewe leesstuk.

**Hoekom opsommings gemaak word?**

- Om die kern van paragrawe te identifiseer;
- Om lang verslae te verkort;
- Om 'n lang toespraak te verkort;
- Om tyd te bespaar; en
- Om te onderskei tussen belangrike en minder belangrike inligting (klasopsommings).



**Hoe om 'n opsomming te maak?**

- Lees instruksies;
- Lees die leesstuk deeglik deur;
- Probeer sover moontlik jou eie woorde gebruik (NIE TELEGRAMSTYL!);
- Skryf dialoog in indirekte rede;
- Let op taalgebruik en leestekens; en
- Gee opskrif, indien nodig.

**Belangrikheid van lees van instruksies by die maak van 'n opsomming**

- Lees eers die instruksies noukeurig deur voordat jy leesstuk begin lees.
- Maak seker of jy die opsomming in paragraafvorm of in puntvorm moet maak en hoeveel woorde jy mag gebruik.

**Hoe om die opsomming te maak**

- Lees eers die lessstuk deeglik deur;
- Vra gedurig vir jouself vrae VOOR, GEDURENDE en NA jy iets lees;
- STOP en dink na oor wat jy gelees het;
- Probeer om te VOORSPEL wat volgende gaan gebeur;
- VERTEL aan iemand wat jy gelees het;
- Pas jou LEESSPOED aan;
- Probeer sover moontlik jou EIE WOORDE gebruik; en
- Onthou: Die skrywer se feite en bedoeling mag nie verdraai word nie!

*Gaan nou na Aktiwiteit 1*.

**Belangrike stappe wat gevolg moet word**

**Onthou:**

- Jou opsomming moet in volsinne wees;
- Probeer sover moontlik jou eie woorde gebruik;
- Dialoog in die leesstuk moet in die indirekte rede in jou opsomming geskryf word;
- Gee aandag aan taalgebruik en leestekens; en
- Soms moet jy 'n opskrif vir jou opsomming verskaf.

Ook belangrik: Skryf dialoog in indirekte rede, bv:

- Die onderwyser sê: "Ons gaan vandag leer hoe om opsommings te maak."
- Die onderwyser sê dat hulle daardie dag gaan leer hoe om opsommings te maak.

*Gaan nou na Aktiwiteit 2*.

## Samevatting

Ons het die volgende geleer:

- Lees eers die instruksies noukeuring deur voordat jy die leesstuk begin lees.
- Maak seker of jy die opsomming in paragraafvorm of in puntvorm moet maak en hoeveel woorde jy mag gebruik.
- Lees dan die leesstuk aandagtig deur (volg die stappe wat jy vroeër in hierdie les geoefen het).
- Skryf dan die hoofgedagtes puntsgewys onder mekaar.
- Gebruik nou hierdie kernfeite om 'n logiese opsomming te maak.



INDIVIDUEEL

FORMATIEWE ASSESSERING

## Aktiwiteit 1

### Opsomming

Lees die onderstaande leesstuk aandagtig en met begrip deur en beantwoord die vrae wat volg:

Die man wat elke dag gaan skool hou, werk baie hard om die kinders wat nie wil luister nie, te laat slaag. Hy probeer so hard om die kinders te laat lees in Afrikaans. Hy het 'n versameling van boeke in sy klaskamer wat vir kinders bedoel is om te lees, maar hulle blaai net daardeur en lees glad nie.

Verlede jaar het hy ten minste daarin geslaag om een van die leerders wat in matriek was, te help in Afrikaans en die leerling wat in matriek was, het toe Afrikaans met lof geslaag. Die leerder wat in matriek was, het vir die onderwyser kom dankie sê vir al sy geduld met hulle. Dit is een van die min leerders wat darem daaraan dink om die onderwysers te bedank vir die hulp.

Die leerder is nou by 'n universiteit wat medies aanbied en hy wil graag 'n sukses van sy loopbaan maak. Dit is jammer dat daar so baie leerders is wat na matriek eenvoudig net by die huis gaan sit en niks wil doen nie. Deesdae is daar baie werkplekke wat leerders se potensiaal soek. 'n Ander moontlikheid is dat leerders kan vra vir kort peuselwerkies – al is dit liasseerwerk net vir 'n week. Daar is baie maniere en moontlikhede na matriek om jouself te help om in 'n werk te kom, as jy nie geld het om verder te studeer nie. Dit is nie baie verantwoordelik om by die huis te bly en niks te doen nie.

**Lees die onderstaande instruksies aandagtig deur en beantwoord die vrae:**

1. Skryf netjies en leesbaar.
2. Soek die belangrikste sinne in die teks en skryf dit puntsgewys in eenvoudige kort sinne van **1-10** onder mekaar neer.
3. Probeer sover moontlik jou eie woorde te gebruik.
4. Die opsomming mag nie meer as **150 woorde** wees nie.
5. Skryf die aantal woorde tussen hakies aan die einde van die opsomming neer.
6. Jy sal gepenaliseer word as jy meer as 80 woorde gebruik EN as jy nie aandui hoeveel woorde jy gebruik het nie.

INDIVIDUEEL

PARE

GROEP

FORMATIEWE ASSESSERING

## Aktiwiteit 2

### Opsomming

Lees die onderstaande leesstuk aandagtig en met begrip deur en beantwoord die vrae wat volg:

Iemand wat 'n tweede taal aanleer, moet baie lees omdat dit hom of haar sal help om meer vrymoedig te wees as hulle die taal praat. Die mense wat reeds die skool verlaat het en hulle in 'n werkplek bevind, sal weet hoe belangrik dit is om met die ander werkers in die kantoor te kommunikeer.

Sukses het nie net te doen met hoe baie jy die tweede taal in die klaskamer gepraat het nie, maar dit het ook te doen met hoeveel tyd jy buite die klaskamer daaraan afgestaan het. Dit is dus belangrik om nie net binne die klaskamer na die taal te luister nie, maar ook om tyd te maak vir die taal wanneer jy ontspan. Luister gereeld na die radio wanneer jy die tweede taal aanleer.

**Vrae:**

1. Gee 'n gepaste opskrif vir die leesstuk.
2. Verkort die leesstuk na slegs een paragraaf.
3. Moenie meer as **30 woorde** gebruik nie en skryf die aantal woorde tussen hakies onder jou paragraaf neer.



Les 4

# SPELREËLS

## Los- en vasskryf van woorde

### Leeruitkomstes en Assesseringstandaarde

**LEERUITKOMS 4**
**Taal**
*Die leerder is in staat om taalstrukture en –konvensies gepas en doeltreffend te gebruik*
**ASSESSERINGSSTANDAARDE**
- Gebruik kennis van belangrike spelpatrone, -reëls en –konvensies vir nuwe en/of komplekse woorde en skep 'n persoonlike spellys

### Oorsig

In hierdie les gaan ons julle bekend stel aan die spelreëls van Afrikaans. Meer spesifiek gaan ons kyk na watter woorde ons los skryf en watter vas geskryf word.

DVD

## Lesinhoud

### Inleiding

In die heel eerste les, sal julle onthou, het ons vir julle gevra om altyd 'n woordeboek byderhand te hou wanneeer julle na hierdie aanbiedings kyk. Dis reg, en saam met die woordeboek is dit ook belangrik om jou eie spellys saam te stel.

#### Inhoud

Hoekom is dit belangrik om korrek te kan spel?

- Laat 'n goeie indruk by die persone wat jou werk gaan lees.
- 'n Woord wat verkeerd gespel word, kan soms ook 'n heel verskillende betekenis het. Dink net wat gaan gebeur as jy die volgende woord verkeerd spel: veras, verras. Dink net aan die verwarring wat dit kan veroorsaak.

Die volgende reëls geld vir die los- en vasskryf van woorde in Afrikaans:

- Samestellings word **vas geskryf**, bv. Langbroek; varswaterblom;
- Werkwoorde wat uit twee dele bestaan word **vas geskryf**, bv. weghardloop; inhaal, uitgee;
- Woorde wat 'n tipe dier, vrug, groente, e.d.m. aandui word **vas geskryf**, bv. veselperske, pynappel;
- Ook die volgende woorde word **vas geskryf**: vorentoe, goeiemôre, vieruur;
- Intensiewe vorms word **vas geskryf**; en
- Die volgende woorde word **LOS GESKRYF:** huis toe, dorp toe, plaas toe, 'n blikkie koeldrank, 'n bottel melk, maar 'n melkbottel.



Onthou ook: begrippe wat rigting aandui soos huis toe, dorp toe, ens. word los geskryf.

In die geval van bottel melk, blikkie koeldrank, lang hare, kort hare, ens. word die item beskryf daarom word dit los geskryf.

*(Kyk na die teks op die DVD oor die los- en vasskryf van woorde.)*

As deel van jou assessering is dit belangrik om te onthou dat dit nie net daaroor gaan dat jy die spelreëls moet onthou nie. Wat belangriker is, is dat jy dit moet verstaan en die reël kan toepas sodat jy weet watter woorde los en watter vas geskryf word en hoekom.

*Gaan nou na Aktiwiteit 1.*

## Samevatting

- Dit is baie belangrik om reg te kan spel omdat swak spelling altyd 'n swak indruk laat of dit nou in die klaskamer of die eksamen is en of jy vir iemand 'n brief of 'n e-pos skryf.
- En natuurlik kan dit ook lei tot verwarring as 'n mens 'n woord verkeerd spel.
- Die AWS is die ideale naslaanbron as 'n mens onseker is of 'n woord los of vas geskryf word.

In die volgende les gaan ons die gebruik van skryftekens in Afrikaans ontdek.

## Aktiwiteit 1

INDIVIDUEEL

PARE

GROEP

FORMATIEWE ASSESSERING

**In die onderstaande paragraaf is agt (8) woorde wat verkeerdelik los of vas geskryf is.**

**Skryf die woorde in hul korrekte vorm onder mekaar neer.**

Die kinders het verlede week vroeg huistoe gegaan omdat die skool gesluit het vir die skool vakansie. Hulle was baie opgewonde en het toe hemels breed geglimlag. 'n Langbeenspinnekop het amper meneer Doep gebyt. Die kinders van die laerskool het 'n uur na ons uitgekom.

Ons was reeds agt uur oppad see toe anders sou ons te laat daar aangekom het. Dit was reeds 'n reis van omtrent sesure lank. Laas nag het ek amper niks geslaap nie omdat ek nie kon wag vir die vakansie nie, maar die vorige nag het ek goed geslaap. Ons het elkeen twee tien rand note (nie los silwer munte nie) vir sakgeld gekry. Dit was baie warm en ek het sommer vir my 'n room ys gekoop by die eerste winkel waar ons gestop het.



Les 5

# SKRYFTEKENS

## Leeruitkomstes en Assesseringsstandaarde

**LEERUITKOMS 4**
**Taal**
*Die leerder is in staat om taalstrukture en –konvensies gepas en doeltreffend te gebruik*
**ASSESSERINGSSTANDAARDE**
- Gebruik kennis van belangrike spelpatrone, -reëls en –konvensies vir nuwe en/of komplekse woorde en skep ’n persoonlike spellys

## Oorsig

In hierdie les gaan ons kyk na die gebruik van die volgende skryftekens:

- ’n Deelteken;
- Die kappie;
- Die koppelteken (“hyphen”); en
- Die aksenttekens (“accent mark”).

DVD

# Lesinhoud

## Inleiding

In die vorige les het ons gesien hoe belangrik dit is om korrek te spel. En ons het ook gesien dat ’n mens nie sommer woorde in Afrikaans los of vas kan skryf nie, maar dat daar sekere reëls is wat bepaal wanneer woorde los of vas geskryf word.

In hierdie les gaan ons kyk na die verskillende skryftekens wat in Afrikaans gebruik word en HOE dit gebruik word.

**Inhoud**

**Skryftekens**

Hier is die rëels wat jy behoort te ken en gebruik:

**’n Deelteken (ë, ï, ö)**

- deel woorde (ten opsigte van uitspraak);
- wys hoe dit uitgespreek moet word, bv. finansiële; en
- word gebruik as twee vokale as een uitgespreek kan word, maar eintlik as twee uitgespreek moet word,bv. geïnteresseerd.



**Die Kappie ( ^ )**

- wys dat ’n vokaal langer uitgespreek moet word, bv. sê, belê, skêr.

**Die Koppelteken (-)**

- koppel woorde en vergemaklik die lees van die woord;
  - te veel vokale bymekaar, bv. hande-arbeid;
  - verdubbelings,bv. speel-speel, gou-gou;
  - plekname,bv. Suid-Afrika, Oos-Afrika;
  - woorde met simbole, syfers en afkortings,bv. A-span, onder 19-sokkerspan; en
  - saamgestelde titels.

**Die Aksenttekens**

- akuutteken (dui klem aan) (hiérdie)
- gravis (dè, hè, nè, appèl) (sommige leenwoorde: crèche, première)

*(Kyk nou aandagtig na die teks op die DVD en die verduideliking wat daarmee gepaardgaan.)*

*Gaan nou na Aktiwiteit 1.*


## Samevatting

As deel van jou assessering is dit belangrik om te onthou dat dit nie net daaroor gaan dat jy die spelreëls moet onthou nie. Wat belangriker is, is dat jy dit moet verstaan en die reël kan toepas sodat jy weet watter skryftekens waar gebruik moet word en hoekom.

- Daar is die volgende verskillende skryftekens wat in Afrikaans gebruik word:
  - Deelteken;
  - Kappie;
  - Koppelteken; en
  - Aksenttekens.

Skryftekens help met die uitspraak en lees van woorde.

## Aktiwiteit 1




In die onderstaande paragraaf is daar vyf (5) van die skryfteken wat ontbreek. Skryf slegs die vyf woorde in hul korrekte vorm neer.

Die dame wat my gister in die kafee bedien het, was nie baie vriendelik nie. Ek was glad nie beindruk met haar gedrag nie. Ek het agterna gehoor dat sy vals beskuldig word van diefstal. Sy het appel aangeteken en wag nou vir ’n verhoordatum. Sy het gelukkig al haar bewyse in ’n leer om haar onskuld te bewys.

Ek het net gaan vrugte koop soos: appels, pere, lemoene en druiwe. Ek het met my dieet begin en daarom moes ek genoeg vrugte koop. Die R5 muntstuk waarmee ek wou betaal het, het onder die toonbank ingerol. Gelukkig het ’n seuntjie die geld opgetel en aan my terug gegee. ’n Ander groterige seun wou die geld aan homself toeeien. (5)



Les 6

# LEESTEKENS

## Leeruitkomstes en Assesseringsstandaarde

**LEERUITKOMS 4**
**Taal**
*Die leerder is in staat om taalstrukture en –konvensies gepas en doeltreffend te gebruik*
**ASSESSERINGSSTANDAARDE**
- Gebruik punktuasie korrek en vir 'n verskeidenheid doeleindes soos om betekenis te verduidelik, grammatikale verband te toon en vir beklemtoning

## Oorsig

In hierdie les gaan ons die gebruik van die volgende leestekens ontdek:

- Komma (comma) (,)
- Kommapunt (semicolon) (;)
- Dubbelpunt (colon) (:)
- Vraagteken (question mark) (?)
- Uitroepteken (exclamation mark) (!)

LC DVD

# Lesinhoud

## Inleiding

In die vorige les het ons gesien hoe belangrik dit is om korrek te spel. En ons het ook gesien dat ons verskillende skryftekens in Afrikaans gebruik en dat elkeen 'n spesifieke funksie het.

Kom ons verfris julle geheue:

**Inhoud**

**Skryftekens**

Skryftekens help met die uitspraak en lees van woorde. Net soos daar skryftekens is wat ons help om woorde reg **uit te spreek en te skryf**, is daar leestekens wat ons help om sinne reg te **lees** en te verstaan.

**'n deelteken (-):**

- Deel woorde;
- Wys hoe dit uitgespreek moet word; en
- Word gebruik as twee vokale as een uitgespreek kan word, maar as twee uitgespreek moet word.



**Die kappie ( ^ ):**

- Wys dat 'n vokaal langer uitgespreek moet word.

**Die Koppelteken (-):**

- koppel woorde en vergemaklik die lees van die woord
  - te veel vokale bymekaar;
  - verdubbelings;
  - plekname;
  - woorde met simbole, syfers en afkortings;

– woordgroepe; en
– saamgestelde titels

**Die aksentteken:**

- Akuutteken (dui klem aan) (hiérdie)
- Gravis (dè, hè, nè, appèl) (sommige leenwoorde: crèche, première)

Leestekens (Volg in jou DVD wat die funksie is van elke van hierdie leestekens).

- Komma (comma) [ , ]
- Kommapunt (semicolon) [ ; ]
- Dubbelpunt (colon) [ : ]
- Vraagteken (question mark) [ ?]
- Uitroepteken (exclamation mark) [ ! ]

Kom ons gaan kyk wat sê die reëls omtrent die gebruik van die komma en die kommapunt.

- **Die komma:**

Is die leesteken wat die meeste gebruik word. Dit word op die volgende plekke gebruik:

– Waar daar 'n ruspunt in 'n sin is, soos tussen woorde in 'n lys;
– tussen werkwoorde; en
– Voor die voegwoord "maar".

- **Die kommapunt:**

– Dui aan dat daar 'n langer pouse is as wanneer die komma gebruik word; en
– Word gebruik waar 'n waar voegwoord weggelaat is.

**Wenke**

- Moenie 'n komma tussen twee sinne plaas nie.
- Moenie 'n komma tussen twee voornaamwoorde plaas waar daar geen ruspunte is nie. Bv. Hulle vra dat ons ons motor moet verwyder.

Kyk na die volgende teks: Happy Feet – Huisgenoot 19 April 2007.

TEKS:

## RESENSIE: HAPPY FEET




Hierdie film handel oor 'n pikkewyn en spesifiek pikkewyne wat kan sing. Volgens hierdie storie kan enige pikkewyn wat sy sout werd is, sing. Mumble, een van die pikkewyne in die storie, is anders. Hy sing vreeslik sleg en hou boonop van klopdans. Sy ma dink hy is oulik; sy pa dink dit is onnatuurlik vir 'n pikkewyn. Selfs sy vriendin Gloria, die beste sanger op ys, is nie seker wat om van sy vrolike voete te dink nie. Toe skop die leier van die pikkewyne hom uit, maar hy ontmoet toe 'n ander klompie pikkewyne wat dink hy dans baie goed. Hulle loop saam met hom oor die ysvlaktes en die klomp beleef baie avonture. Die animasie, karakters, storie en humor is goed, maar die musiek is swak.

(*Aangepas en verkort uit: Huisgenoot, 19 April 2007*)

*Gaan nou na Aktiwiteit 1* oor die komma en kommapunt.

Aan die hand van bogenoemde teks kyk ons nou na die gebruik van die leestekens:

Kom ons kyk vervolgens **wanneer** word die volgende leestekens gebruik:

Die DUBBELPUNT word gebruik (:)

- Voor iemand se direkte woorde (sien voorbeeld uit Huisgenoot se grappies)
- Wanneer 'n verdere verduideliking volg (Daar was baie vrugte: appels, pere, lemoene en druiwe)

Die VRAAGTEKEN word gebruik (?)

- Aan die einde van 'n vraag (sien voorbeeld uit Huisgenoot se grappies)

Die UITROEPTEKEN word gebruik (!)

- Na uitroepe (sien voorbeeld bo uit Huisgenoot se grappies)
- Na wense, bv: Sterkte! Voorspoed!

**Kom ons kyk na die volgende grappies uit die Huisgenoot. (Volg ook DVD).**

Twee pasiënte in die hospitaal begin gesels.

Eerste pasiënt: "Mis jou vrou jou baie?"

Tweede pasiënt: "Nee, nie juis nie. Sy skiet baie goed. Dis hoekom ek hier is!"

(*Huisgenoot, 19 April 2007*)

Jannie: "Pa, mag ek vanaand Pa se motor leen?"

Pa: "Hoekom dink jy het jy twee voete gekry?"

Jannie: "Een vir die rem en een vir die petrol, Pa!"

(*Huisgenoot, 31 Augustus 2006*)

*Gaan nou na Aktiwiteit 2*.

## Samevatting

As deel van jou assessering is dit belangrik om te onthou dat dit nie net daaroor gaan dat jy die reëls oor die gebruik van leestekens moet onthou nie. Wat belangriker is, is dat jy dit moet verstaan en die reël kan toepas sodat jy weet watter leestekens waar gebruik moet word en hoekom.

Ons het vandag gekyk na **waar en wanneer** die volgende leestekens gebruik word:

- Die komma;
- Die kommapunt;
- Die dubbelpunt;
- Die vraagteken; en
- Die uitroepteken.



Deur gebruik te maak van die leestekens, behoort leerders met goeie intonasie te lees. Hulle behoort sinne ook met gemak te lees en behoort geleesde gedeeltes beter te verstaan.

## Aktiwiteit 1

INDIVIDUEEL
PARE
GROEP
FORMATIEWE ASSESSERING

**Vul die ontbrekende leestekens in sodat die paragraaf korrek gelees en verstaan kan word:**

By die uitverkoping was daar heelwat groente wat gekoop kon word aartappels skorsies patats pampoene en blomkool. Ek het vir Luke gevra Waarom is jy so stil vandag.

Ek kon ongelukkig nie saamgaan nie ek het te veel werk gehad. Sy het die vorige dag haar toon gestamp maar het toe vir niemand gese nie en daarom is haar toon vandag so opgeswel. Eina het sy geskreeu.

**Vul die ontbrekende leestekens in:**

2.1 Tatiana vra: Richard, voel jy al beter. (2)

2.2 Foschini het gister nuwe voorraad ingekry en van die nuwe items was: rokke serpe langbroekpakkies japonne en pragtige skoene. (3)

2.3 Sjoe Dis darem baie warm vandag, het Henry uitgeroep. (2)

2.4 Dié seuns is gereeld laat inteendeel is hulle suster altyd betyds. (2)

2.5 Het die skoolhoof al die kind se ouers in kennis gestel dat sy die prys gewen het. (1)

**[Totaal = 10]**



Les 7

# WOORDVORMING

## Leeruitkomstes en Assesseringstandaarde

**LEERUITKOMS 4**
**Taal**
*Die leerder is in staat om taalstrukture en –konvensies gepas en doeltreffend te gebruik*
**ASSESSERINGSSTANDAARDE**
- Identifiseer simplekse en die woorddele van komplekse (basisvorm/stam en voor- en agtervoegsels) om betekenis van nuwe woorde te bepaal soos in afleiding en samestellings

## Oorsig

In hierdie les gaan ons kyk na:

- Simplekse; en
- Komplekse.

Kyk hoe woorde gevorm word m.b.v.

- Samestellings;
- Voorvoegsels (premorfeme); en
- Agtervoegsels (postmorfeme) m.b.v verandering van die vokaalklank.

LC DVD

# Lesinhoud

## Inleiding

In hierdie les gaan ons kyk na:

- Samestellings;
- Voorvoegsels (premorfeme);
- Agtervoegsels (postmorfeme); en
- Verandering van die vokaalklank.

In die les word ook gekyk na die los- en vasskryf van woorde. Julle sal een belangrike reël ontdek, naamlik dat ’n **samestelling** (’n woord wat uit twee of meer woorde bestaan) **altyd vas geskryf word**.

### Inhoud

#### Samestellings

Samestellings is woorde wat gevorm word deur meer as een basis/stam. Wat is ’n stamwoord (basisvorm)? Dit is gewoonlik daardie basiswoord waarvan die ander woorde afgelei word, bv. verhuising waar huis die stam (of basiswoord) is.



**Kom ons vat die reëls van woordvorming saam:**

- Wanneer twee of meer woorde saamgevoeg word, word 'n samestelling gevorm,bv. lang+broek = langbroek.
- Samestellings word vas geskryf (bv. langbroek).
- Sommige samestellings word met verbindingsklanke verbind,bv. hondehok, hempsmou.
- Voorvoegsels/Premorfeme word voor aan woorde gelas om afleidings te vorm, bv. ver + huis of be + handel; mis + handel.
- Agtervoegsels/Postmorfeme word agter aan woorde gelas om afleidings te vorm (tuin + ier ; siek + erig) tuinier; siekerig.
- Soms word 'n ander woord gevorm wanneer die vokaalklank verander (sing > sang; drink > drank).

*(By die volgende gedeeltes moet die DVD gevolg word.)*

Lees deur die volgende teks: Credit for Africa (Uit: *Huisgenoot, 19 April 2007*)






Kom ons gaan soek gou die volgende woorde in die advertensie:

- Huiseienaars;
- Huiskooptransaksies;

- Landswyd;
- Verbandhouer;
- Leningsbedrag;
- Kontaknommer; en
- Hulp.

Kom ons probeer vasstel hoe hierdie woorde gevorm is:

Wat is 'n huiseienaar? Iemand wat 'n huis besit. Die samestelling is dus uit twee woorde gevorm nl. huis en eienaar. Wat van die "s"? – dui meervoud aan:

- Huis + koop + transaksie + s
- Land + s + wyd
- Verband + hou + er
- Leen + ing + s + bedrag
- Kontak + nommer
- Help > hulp

## Samevatting

Die volgende belangrike aspekte oor woordvorming is ontdek:

Wanneer twee of meer woorde saamgevoeg word, word 'n samestelling gevorm.

Samestellings word vas geskryf.

Sommige samestellings word met verbindingsklanke verbind.

Voorvoegsels word voor aan woorde gelas om afleidings te vorm, bv. ver + huis of be + handel; mis + handel.

Agtervoegsels word agter aan woorde gelas om afleidings te vorm (tuin + ier ; siek + erig).

Soms word 'n ander woord gevorm wanneer die vokaalklank verander (sing > sang; drink > drank).

## Aktiwiteit

INDIVIDUEEL

PARE

GROEP

FORMATIEWE ASSESSERING

Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies (d.m.v. voorvoegsels, agtervoegsels, samestellings of vokaalverandering).

Die hondjie (snuif) aan elke skoen voor hom.

Sy (heg waarde aan) haar ouers se opvoeding.

Hulle (roof) hom van sy mielies.

Die kind (beef) in die koue water.

Die (mou van die hemp) was baie vuil.

Hulle (oordeel) môre se kompetisie.

Sy het laas jaar uit haar pos (dank).

Hulle (huis) volgende jaar na Kaapstad. (8)

# DIE SELFSTANDIGE NAAMWOORD

Les 8

## Leeruitkomstes en Assesseringsstandaarde

**LEERUITKOMS 4**
**Taal**
*Die leerder is in staat om taalstrukture en –konvensies gepas en doeltreffend te gebruik*
**ASSESSERINGSSTANDAARDE**
- Gebruik geslags- en meervoudsvorme en verkleining korrek
- Identifiseer en gebruik selfstandige naamwoorde in 'n verskeidenheid tekste akkuraat en betekenisvol

## Oorsig

### Inleiding

Ons kyk na die SELFSTANDIGE NAAMWOORD sodat ons weet hoe om dit uit te ken en hoe om dit te gebruik.

- Gebruik geslags-, meervouds- (ook dubbele meervoude) en verkleiningsvorms korrek.
- Identifiseer en gebruik woordsoorte in 'n verskeidenheid tekste akkuraat en betekenisvol soos voorsetsels in vaste en vrye verbindings, telwoorde, werkwoorde, selfstandige naamwoorde, voornaamwoorde, byvoeglike naamwoorde/adjektiewe, bywoorde, voegwoorde, tussenwerpsels en determineerders soos lidwoorde en aanwysende woorde.

# Lesinhoud

## Inleiding

In hierdie les gaan gekyk word na:

- Die selfstandige naamwoord;
- Tipes selfstandige naamwoorde;
- Eienskappe van selfstandige naamwoorde; en
- Hoe om selfstandige naamwoorde te vorm.

### Inhoud

#### Die selfstandige naamwoord

Selfstandige naamwoorde is woorde wat verwys na name van mense, diere, dinge of selfs plekke.



#### Tipe selfstandige naamwoorde

- Eiename;
- Soortname;
- Massaname;
- Maatname;
- Versamelname; en
- Abstrakte selfstandige naamwoorde.

Kom ons kyk na voorbeelde van die volgende tipes sefstandige naamwoorde:

**Eiename**

- Name van mense, dorpe, stede, lande, ens.
- Word altyd met 'n hoofletter geskryf, bv.
  - John
  - Mary
  - Thandi



  - Johannesburg
  - Kaapstad
  - Prieska



  - Amerika
  - Suid-Afrika
  - Frankryk




**Soortname**

Verwys na die name van voorwerpe, dus tasbare items, bv.



stoel



boek



motor



appels



huisie



blommetjies

**Massaname**

Items wat nie getel kan word nie, bv.



sand



water




koffie



melk



koring




olie



**Maatname**

Dit is woorde wat as meetinstrumente gebruik word, bv.



– Sy drink 'n glas water.




– Die kind speel met 'n emmer sand.



– My motor gebruik 'n kan olie.

**Versamelname**

Woorde wat 'n **groep** van iets aandui, bv.



– Dit is 'n pragtige skool visse.



– Oppas vir daardie swerm bye!



– Kyk net daardie trop skape.

**Abstrakte selfstandige naamwoorde**

Woorde wat verwys na dinge wat ons nie kan aanraak nie, met ander woorde na items wat nie gesien of getas kan word nie, bv.




blydskap



vrees



woede



liefde

Gaan nou na jou werkboek vir 'n aktiwiteit oor die ses selfstandige naamwoorde.

Hier volg nou 'n aantal belangrike reëls omtrent die selfstandige naamwoord:

- Verwys na die naam van 'n persoon, dier, ding of plek;
- Het meervoud en verkleiningsvorm;
- Dui op manlike en vroulike vorms wanneer dit na mense en diere verwys; en
- Kry 'n afkappingsteken in die meervoud en verkleining as dit op i, o, u en 'n lang a-klank eindig.

**Kom ons kyk saam na die volgende opdrag oor die selfstandige naamwoord. Ons lees gou die sinne.**

Die **sekretaris** van ons **maatskappy** was gister nie by die werk nie. Sy het die heeldag na 'n **video** gekyk. Haar **bestuurderes** was woedend. Hulle moes sowaar 'n ander **vrou** vra om in die **kantoor** te help.

Kyk hoe nuwe selfstandige naamwoorde gevorm word deur die woorde tussen hakies.

Die sekretaris [VROULIKE VORM] van ons maatskappy [MEERVOUD] was gister nie by die werk nie. Sy het die heeldag na 'n video [MEERVOUD] gekyk.Haar bestuurderes [MANLIKE VORM] was woedend. Hulle moes sowaar 'n ander vrou [VERKLEINING] vra om in die kantoor [VERKLEINING EN MEERVOUD] te help.

Die **sekretaresse** van ons **maatskappye** was gister nie by die werk nie. Sy het die heeldag na 'n **video's** gekyk.Haar **bestuurder** was woedend. Hulle moes sowaar 'n ander **vroutjie** vra om in die **kantoortjies** te help.

Hou altyd in gedagte dat woordsoorte soos die selfstandige naamwoord **nie gememoriseer moet word nie**. Jy moet die reëls vir meervoude, verkleining of geslag (manlik of vroulik) kan vorm van bestaande soortname.

Dis een van die maniere hoe jy in die eksamen getoets kan word en daarom moet jy weet hoe om die reëls toe te pas.

*Gaan nou na Aktiwiteit 2*.

## Samevatting

Die reëls is dus nie vir jou om op jou vingers te ken nie, maar eerder om dit te kan toepas. Dit is om die lewe makliker vir jou te maak.

Die volgende tipes selfstandige naamwoorde word onderskei: Eiename, Soortname, Massaname, Maatname, Versamelname en Abstrakte Selfstandige naamwoord.

Verder moet ons ook die volgende omtrent die selfstandige naamwoord weet:



- Selfstandige naamwoorde verwys na die naam van 'n persoon, dier, ding of plek.
- Selfstandige naamwoorde het meervoude en verkleiningsvorms.
- Wanneer dit na mense en diere verwys dui dit ook manlike en vroulike geslag aan.
- Woorde wat op i, o, u en 'n lang a-klank eindig kry 'n afkappingsteken in die meervoud en die verkleining.

INDIVIDUEEL

PARE

GROEP

FORMATIEWE ASSESSERING

## Aktiwiteit 1

Lees die onderstaande paragraaf en beantwoord die vrae wat volg:

Lena is van Mosselbaai en werk al twintig jaar by mevrou Brinkhuis. Mevrou Brinkhuis is deesdae in 'n **rolstoel** en Lena stoot haar oral rond. Mevrou Brinkhuis se seun woon ook nie meer saam met haar in haar **woonstel** nie. Hy is getroud en sy vrou is 'n (bibliotekaris) in Kaapstad. Die egpaar se (skoondogter) **besoek** mevrou Brinkhuis slegs gedurende Desember-vakansies.

1. Gee die meervoudsvorm vir elk van die vetgedrukte woorde in die paragraaf. (3)
2. Noem enige 3 eiename in bostaande paragraaf. (3)
3. Gee die teenoorgestelde geslag vir die woorde tussen hakies. (2)
4. Gee die verkleiningsvorme vir die volgende woorde in die leesstuk:
   - woonstel; en
   - besoek. (2)


[10]

INDIVIDUEEL

PARE


GROEP

FORMATIEWE ASSESSERING



## Aktiwiteit 2

Lees die onderstaande strokiesprent en beantwoord die vrae wat volg:



**Vrae:**

| | |
|---|---|
| 2.1 Noem enige twee eiename uit bostaande strokiesprent? | (2) |
| 2.2 Gee die meervoud van **filistyn** in raampie 1? | (1) |
| 2.3 Wat is die oortreffende trap van **lank** in die laaste raampie? | (1) |
| 2.4 Gee die verkleiningsvorm vir die woord: **dame** (raampie 6) | (1) |
| | [**5**] |



Les 9

# BYVOEGLIKE NAAMWOORD

## Leeruitkomstes en Assesseringstandaarde

**LEERUITKOMS 4**
**Taal**
*Die leerder is in staat om taalstrukture en –konvensies gepas en doeltreffend te gebruik*
**ASSESSERINGSSTANDAARDE**
- Identifiseer en gebruik woordsoorte in ’n verskeidenheid tekste wat akkuraat en betekenisvol is

## Oorsig

In hierdie les gaan ons oor die gebruik van die BYVOEGLIKE NAAMWOORD (“*Adjective*”) praat sodat julle kan weet hoe om dit uit te ken en hoe om dit self te gebruik.

LC DVD

# Lesinhoud

## Inleiding

In die vorige les het ons ontdek wat ’n selfstandige naamwoord is en hoe ons dit kan gebruik.

In hierdie les gaan ons kyk na:

- die byvoeglike naamwoord;
- eienskappe van byvoeglike naamwoorde; en
- hoe om byvoeglike naamwoorde te vorm.

**Inhoud**

**Wat is ’n byvoeglike naamwoord?**

- ’n Byvoeglike naamwoord **beskryf die selfstandige naamwoord**,bv.




’n **vinnige** motor



’n **skerp** mes



’n **ronde** bal



’n **interessante** boek



**pragtige** natuurskoon




’n **heerlike** roomys

- ’n Byvoeglike naamwoord kan **voor of agter die selfstandige naamwoord staan**, bv.





– Die motor is **<u>vinnig</u>**.
Dit is 'n **<u>vinnige</u>** motor.



– Die boek is interessant.
Dit is 'n interessante boek.




– Die water is **<u>koud</u>**.
Dit is **<u>koue</u>** water.


- Die meeste byvoeglike naamwoorde **het trappe van vergelyking**, bv.



– vinnig, vinniger, vinnigste



– koud, kouer, koudste



– interessant, meer interessant,
mees interessant


- Die meeste byvoeglike naamwoorde **het 'n intensiewe vorm**, bv.




baie ryk = skatryk



baie oud = stokoud
baie jonk = bloedjonk



baie hoog = hemelhoog



*Gaan nou na Aktiwiteit 1.*

Kom ons kyk saam na die volgende: Kyk hoe die byvoeglike naamwoorde gevorm word deur die woorde tussen hakies te gebruik:

| |
|---|
| Elke oggend staan daar 'n (baie arm) man op die hoek van die straat en bedel. Vanoggend was dit (baie koud) en ek het die (arm) man baie jammer gekry. Gisteroggend was dit nog (koud) as vandag. Hierdie is seker die (koud) winter wat ons in jare gehad het. Ek hoop 'n (baie ryk) man sal eendag by die bedelaar stop en 'n paar (baie vars) note in sy (verrimpel) hand druk. (8) |
| Elke oggend staan daar 'n brandarm man op die hoek van die straat en bedel. Vanoggend was dit yskoud en ek het die arme man baie jammer gekry. Gisteroggend was dit nog kouer as vandag. Hierdie is seker die koudste winter wat ons in jare gehad het. Ek hoop 'n skatryk man sal eendag by die bedelaar stop en 'n paar kraakvars note in sy verrimpelde hand druk. (8) |

*Gaan nou na Aktiwiteit 2*. oor byvoeglike naamwoorde.

## Samevatting

- 'n Byvoeglike naamwoord of 'n adjektief beskryf die selfstandige naamwoord.
- Jy moet ook in staat wees om dit te kan verander, m.a.w. om byvoorbeeld die verbuiging of die trappe van vergelyking of die intensiewe vorm daarvan te gee.
- Hou altyd in gedagte dat woordsoorte soos die byvoeglike naamwoord nie gememoriseer moet word nie. Wat belangrik is, is dat jy weet watter eienskappe dit het, sodat jy dit kan uitken.

INDIVIDUEEL

PARE

GROEP

FORMATIEWE ASSESSERING



## Aktiwiteit 1

1. Kyk na die onderstaande strokiesprent en skryf neer die byvoeglike naamwoord in die laaste strokiesprent.




(1)

1. Lees die onderstaande paragraaf en beantwoord die daaropvolgende vrae:

**Moenie slêngwoorde gebruik nie**

*Dit verklein die moontlikheid dat mense jou gaan verstaan. As jy ouer is en jy praat só, sal dit net uitwys dat jy nie* **jonk** *is nie. Mense sal dink jy is nie baie* **professioneel** *nie.*

2. i) Gee die intensiewe vorm vir: **jonk**. (1)

   ii) Gee die trappe van vergelyking (vergrotende en oortreffende trap) vir: **professioneel**. (2)

   iii) Gee die trappe van vergelyking (vergrotende en oortreffende trap) vir: **jonk.** (2)

3. Gee die korrekte vorm vir die woorde tussen hakies:

i) Die boom is hoog, maar daardie boom is nog (hoog) maar die boom wat ek gister gesien het, was nog die (hoog). (2)

ii) Dit was 'n (baie blou) motor waarmee sy vanoggend gery het. (1)

iii) Die meisie wat daar loop, is darem (baie mooi). (1)

[10]

## Aktiwiteit 2

LC INDIVIDUEEL

LC PARE

LC GROEP

LC FORMATIEWE ASSESSERING

Gee die korrekte vorm vir die woorde tussen hakies:

In die winter kry mens graag (koue) en dan is jou neus en keel teogetrek en jy hoes baie. Dit is altyd goed om baie lemoensap te drink want dit bevat vitamien C en dit bou jou weerstand op teen hierdie (siek). Dit is baie (irriteer) om siek te wees as jy met iemand gesels. Gelukkig is mens nie elke dag vasgevang met hierdie griepsimptome nie. Jy moet jaarliks gaan vir jou griepinspuiting. 'n Mens se neus is soms toe en egalige (asemhaal) is dan ook 'n probleem. Dit is nogal 'n (hoog) gesondheidrisiko om tussen mense te beweeg wat hierdie griepvirus het. (5)

Les 10

# VOORNAAMWOORDE

## Leeruitkomstes en Assesseringsstandaarde

**LEERUITKOMS 4**
**Taal**
*Die leerder is in staat om taalstrukture en –konvensies gepas en doeltreffend te gebruik*
**ASSESSERINGSSTANDAARDE**
- Identifiseer en gebruik die voornaamwoord in 'n verskeidenheid tekste akkuraat en betekenisvol

## Oorsig

In hierdie les gaan ons oor die gebruik van die VOORNAAMWOORD praat sodat julle kan weet hoe om dit uit te ken en hoe om dit self te gebruik.

DVD

# Lesinhoud

## Inleiding

In die vorige Les 8 het ons gekyk wat 'n selfstandige naamwoord is en hoe ons dit kan gebruik. In hierdie les sal julle sien dat daar 'n groot ooreenkoms tussen selfstandige naamwoorde en voornaamwoorde is.

### Inhoud

Ons gaan kyk na:

- Eienskappe van die voornaamwoord;
- Tipe voornaamwoorde; en
- Hoe om voornaamwoorde te vorm.

### Voornaamwoorde

**Word in die plek van selfstandige naamwoorde gebruik, bv.**

**Janice** ry elke dag met **Janice** se fiets skool toe.

**Sy** ry elke dag met **haar** fiets skool toe.

**Die mense** hou lekker partytjie.

**Hulle** hou lekker partytjie.



### Tipe voornaamwoorde

Die **persoonlike voornaamwoord**

Word gebruik om na mense, diere en dinge te verwys soos: hy, sy, julle, hulle,dit, ons, ens.

**Dit** is 'n hond.

### Besitlike voornaamwoord

Word gebruik om die **besitter** aan te dui.

Die man ry op **sy** fiets. Ek ry ook op **my** fiets, maar **myne** is mooier as **syne.** Ek wonder of jy ook 'n fiets het en of **joune** dalk mooier as syne is, of dalk net so mooi is soos **myne**.

**Die betreklike voornaamwoord**

Het **betrekking** op die selfstandige naamwoord in die sin.

Die man **wat** daar loop, hou 'n sambreel vas.

Die skoene **wat** hy aan het, is bruin.

Die sambreel **waarmee** hy die reën keer is pers.

### Klasaktiwiteit

KLAS

Kyk of jy die volgende voornaamwoorde tussen hakies kan verander of korrigeer:

Mary ry elke dag met (Mary se motorfiets) skool toe. Dit is die een (wie/wat) haar pa vir (Mary) gekoop het. Haar boetie, Tom, wil hê hul pa moet vir (hom/sy) ook 'n motorfiets koop. (Sy/Hom) pa sê (Tom) is nog te jonk om een te ry. (Mary en Tom) ry nou maar saam op (Mary se) motorfiets skool toe. (8)

Mary ry elke dag met **haar** motorfiets skool toe. Dit is die een **wat** haar pa vir **haar** gekoop het. Haar boetie, Tom, wil hê hul pa moet vir **hom** ook 'n motorfiets koop. **Sy** pa sê **hy** is nog te jonk om een te ry. **Hulle** ry nou maar saam op **haar** motorfiets skool toe. (8)

Kyk mooi na die gedeeltes wat verander is en maak seker dat jy weet watter voornaamwoorde ingevoeg is. Dit sal jou vorentoe help om voornaamwoorde op hul korrekte posisie te plaas.

*Gaan nou na Aktiwiteit 1.*

## Samevatting

Voornaamwoorde is 'n plekhouer of plaasvervanger vir die selfstandige naamwoord. Ons het gekyk na:

- Eienskappe van die voornaamwoord;
- Tipe voornaamwoorde; en
- Hoe voornaamwoorde gevorm word.

## Aktiwiteit 1

INDIVIDUEEL

PARE

GROEP

FORMATIEWE ASSESSERING



**1. Kies die regte woord tussen hakies:**

Die vrou doen naaldwerk en werk vir (haar/haarself/hare). Die geld wat sy kry is dus (haar/hare) eie geld. Haar man het vir hom 'n sonbril gekoop en die sonbril is dus (hom s'n/hy s'n/syne). Hy was so nalatig en het (dit/hom/haar) op die boekrak in die boekwinkel vergeet.

**2. Skryf die korrekte woord neer vir die onderstreepte woorde:**

Die meisie vra: "Het iemand die pen gesien **wat ek mee** geskryf het?" Sy maak elke dag na skool vir **homself** kos want **sy** ma werk laat. Daarna gaan speel sy saam met **hom** beste vriendinne.

**3. Voltooi die volgende sinne**:

Gift en sy vriend was gister fliek toe maar …… het vergeet om

vir ………. ouers te sê. Kinders moet altyd vir ……… ouers laat weet waarheen hulle gaan.

Les 11

# DIE WERKWOORD

## Leeruitkomstes en Assesseringstandaarde

**LEERUITKOMS 4**
**Taal**
*Die leerder is in staat om taalstrukture en –konvensies gepas en doeltreffend te gebruik*
**ASSESSERINGSSTANDAARDE**
- Identifiseer en gebruik die werkwoord in 'n verskeidenheid tekste akkuraat en betekenisvol

## Oorsig

In hierdie les gaan ons kyk na die gebruik van die WERKWOORD sodat julle kan weet hoe om dit uit te ken en hoe om dit self te gebruik.

# Lesinhoud

## Inleiding

In hierdie les gaan ons kyk na:

- Eienskappe van die werkwoord;
- Tipes werkwoorde; en
- Hoe om werkwoorde te gebruik.

Kenmerkend van die werkwoord is dat dit handeling aandui ("*doing word*"). Werkwoorde is gewoonlik maklik om uit te ken omdat hulle die handeling ("*action or doing*") in 'n sin aandui.

Die eienskappe van die werkwoord, tipes werkwoorde en die vorming van werkwoorde sal in hierdie les uitgelig word.

### Eienskappe van werkwoorde

Werkwoorde word gebruik om HANDELING (AKSIE) aan te dui, bv:

In die volgende voorbeelde word die handeling (aksie) uitgebeeld:

- Sy **praat** al te lekker oor die foon.
- Kyk hoe lekker **spring** sy.
- Die man **lees** sy koerant.
- Ons **ry** elke dag met die skoolbus.



### Tipes werkwoorde
### Selfstandige werkwoord

Die selfstandige werkwoorde kan alleen in 'n sin staan, bv:

- Hy **ry** op sy fiets.
- Die man **kap** die hout.
- Hy **melk** die koei.

### Hulpwerkwoorde

**Help** die selfstandige werkwoord, daarom staan dit bekend as die hulpwerkwoord. Kyk na die onderstaande voorbeelde:

- Hy **het** op sy fiets gery. (verlede tyd)
- Die man **sal** môre die hout kap. (toekomende tyd)

- Die koei **word** gemelk. (teenwoordige tyd)

**Koppelwerkwoorde**

Dit is waar daar **koppeling** van die werkwoord nodig is, bv.

- Die vrou **is** haastig.
- Die vrou – selfstandige naamwoord
  **is** – **koppelwerkwoord**
  haastig – byvoeglike naamwoord.

**Die infinitief**

Dit is gewoonlik waar die werkwoord na **te** of **om te** gebruik word, bv:

- Hierdie huis is te **koop**.
- Om te **swem** is lekker.
- Om vinnig te **stap**, is goeie oefening.
  *Gaan nou na Aktiwiteit 1*.

## Samevatting

Die eienskappe van die werkwoord en tipes werkwoorde is in hierdie les uitgelig en behoort in 'n verskeidenheid tekste akkuraat en betekenisvol uitgeken te word.

(Sien ook einde van DVD vir volledige Samevatting.)

## Aktiwiteit 1




**Gee die regte vorm vir die werkwoorde tussen hakkies:**

1. Wat is die (skat) waarde vir al die koring?
2. Die seuntjie speel lekker met die (inryg) krale wat sy suster vir hom gemaak het.
3. Die man lees baie en daarom is hy 'n (lees) man.
4. Is u al (help) mevrou?
5. My jas is nêrens (vind) nie en nou weet ek nie wat (doen) nie. Nou hoef ek nie meer (gegaan) nie. (8)

Les 12

# DIE BYWOORD

## Leeruitkomstes en Assesseringstandaarde

**LEERUITKOMS 4**
**Taal**
*Die leerder is in staat om taalstrukture en –konvensies gepas en doeltreffend te gebruik*
**ASSESSERINGSSTANDAARDE**
- Identifiseer en gebruik die bywoord in 'n verskeidenheid tekste akkuraat en betekenisvol

## Oorsig

In hierdie les gaan ons kyk na die gebruik van die BYWOORD sodat julle kan weet hoe om dit uit te ken en hoe om dit self te gebruik.

LC DVD

# Lesinhoud

## Inleiding

DIE BYWOORD: In hierdie les gaan gekyk word na:

- Wat is 'n bywoord?
- Tipes bywoorde.
- Hoe bywoorde getoets kan word.

Julle sal agterkom dat die woordsoorte op die een of ander manier bymekaar inskakel. Die bywoord vertel ons meer van die werkwoord, met ander woorde die bywoord beskryf die werkwoord.

### Inhoud

### Bywoorde

Kyk na die onderstaande voorbeelde waar die bywoord die werkwoord beskryf (en ons meer vertel van die werkwoord).

Hy **spring** **<u>hoog</u>**.

Hulle **speel** **<u>middae</u>** saam.

Sy **loop** **<u>buite</u>**.

### Tipes bywoorde

i) Bywoord van plek (***Waar***?)

Sy het **daarheen** gestap.

ii) Bywoord van tyd (***Wanneer***?)

**Gister** was John siek.

iii) **Bywoord van manier** (***Hoe***?)

Die man het **hard** gelag.



*Nog voorbeelde van die tipe bywoorde (maak gebruik van die vrae om jou te help):*

Sy praat al te **heerlik** oor die foon. (Hoe?)

Kyk hoe **lekker** spring sy! (Hoe?)

Die man lees **vandag** sy koerant. (Wanneer?)

Ons ry **daagliks** met die bus **huiswaarts**. (Wanneer?) en (Waarheen?)

**Hoe kan bywoorde getoets word?**

Gee een word vir die woorde tussen hakies, bv.

Die man sit (elke dag) in die son.

Die man sit **daagliks** in die son.

Die man het die vrou (sonder skaamte) beskuldig.

Die man het die vrou **skaamteloos** beskuldig.


Gaan nou na werkboek vir Aktiwiteit 1.

## Samevatting

Bywoorde het spesifieke eienskappe wat ons help om dit te identifiseer en natuurlik help dit ons om dit korrek te gebruik.

(Sien ook op DVD meer volledige Samevatting hieroor.)

## Aktiwiteit 1




**1. Gee die korrekte vorm vir die woorde tussen hakies:**

i) Die skoolhoof het gepraat en die kinders het (met baie aandag) na hom geluister.

ii) Die oorsese besoekers is (sonder dat hul dit verwag het) aangeval.

iii) Die inwoners het (na die suide toe) getrek nadat hul huis afgebrand het.

iv) Die kinders het (sonder om op te hou) gesels.

v) Die kind is (met voorwaardes) aanvaar.

vi) Die kind is (sonder voorwaardes) aanvaar.

**2. Kies die regte woord tussen hakies:**

i) Misdade het (geweldig, ongeweldig) toegeneem.

ii) Die kind het (onbedaarlik, bedaarlik) begin huil nadat sy haar toon gestamp het.

iii) Hy het (onskuldig, beskuldig) gepleit toe hulle hom valslik aangekla het van diefstal.

iv) Hulle het hom (eenparig, afparig) as voorsitter van die skoolkomitee gekies. (10 × 1)



Les 13

# VOEGWOORDE

## Leeruitkomstes en Assesseringstandaarde

**LEERUITKOMS 4**
**Taal**
*Die leerder is in staat om taalstrukture en –konvensies gepas en doeltreffend te gebruik*
**ASSESSERINGSSTANDAARDE**
- Identifiseer en gebruik die voegwoorde in 'n verskeidenheid tekste akkuraat en betekenisvol

## Oorsig

In hierdie les gaan ons kyk na die gebruik van die VOEGWOORD sodat julle kan weet hoe om dit uit te ken en hoe om dit self te gebruik.

LC DVD

# Lesinhoud

## Inleiding

Wat is voegwoorde? Dit is daardie **woorde wat gebruik word om sinne saam te voeg.**

Bv: Tania is siek. Sy het skool toe gekom.

Tania is siek, **maar** sy het skool toe gekom.

### Inhoud

### Voegwoorde

Voegwoorde is woorde soos: **maar, want, omdat, dus, nogtans, alhoewel, inteendeel, daarom**, ens.

By die samevoeging van twee sinne sal die woordorde meestal verander.

**Uitsondering:**

As die woorde **want** en **maar** gebruik word om die sinne saam te voeg, is daar geen verandering in die woordordes nie, bv.

Ek wil graag saamgaan. **Ek moet werk**. (maar)

Ek wil graag saamgaan, **maar ek moet werk.**

Ek moet bly. **Ek is siek**. (want)

Ek moet bly **want ek is siek.**



Kyk nou na die volgende sinne waar die **woordorde van die tweede sinne wel verander** as die voegwoorde gebruik word:

Sy is siek. **Sy is by die huis**. (daarom)

Sy is siek **daarom is sy by die huis**.

Gift is by die huis. **Hy wil goed slaag**. (omdat)

Gift is by die huis **omdat hy goed wil slaag.**

**Belangrik:**

– Dit is meestal die woordorde van die laaste sin wat verander.

– Die werkwoord sal na die voegwoord wees, of nader aan die einde van die sin. (Kyk na die voorbeelde hierbo).

***Voorbeeld van eksamenvraag. Kom ons doen dit saam as groepstaak:***

Gebruik die voegwoord tussen hakies om die sinne saam te voeg.

Sy sal saamgaan. Sy sal haar werk klaarmaak. (mits)

Sy sal saamgaan, **mits sy haar werk sal klaarmaak.**

Die leerders werk hard. Hulle het ’n agterstand. (aangesien)

Die leerders werk hard **aangesien hulle ’n agterstand het.**

Kan julle sien watter reëls toegepas word en hoekom dit belangrik is om die rëels te ken? Alleenlik as ons die reëls ken, sal ons dit kan toepas.

*Gaan nou na Aktiwiteit 1.*

## Samevatting

- Dit is meestal die laaste sin wat verander.
- Die werkwoord sal na die voegwoord wees, of aan die einde van die sin.

As die woorde **want** en **maar** gebruik word om die sinne saam te voeg, is daar geen verandering in die woordordes nie.

## Aktiwiteit 1

INDIVIDUEEL

PARE

GROEP

FORMATIEWE ASSESSERING

**1. Voltooi die volgende sinne met die voegwoord tussen hakies:**

Sy sal saamgaan. Sy het haar werk klaar gemaak. (indien)

Die leerders vorder fluks. Hulle het steeds ’n agterstand. (al)

Hy bly tuis. Hy wou nie alleen tuis wees nie. (alhoewel)

Sy is ongelukkig. Haar suster het met haar geraas. (want)

**2. Voltooi die volgende sinne:**

Sy is fiks **omdat** sy ……………………….

Hy studeer hard **sodat**………………….

Rachel en Sheila is altwee baie goed in sport; inteendeel, is ………………….

**3. Voltooi die onderstaande sinne deur van die volgende woorde te gebruik:**

**aangesien, want, tog.**

Sy hardloop vinnig, ……………. sy oefen gereeld.

Ons het nie die wedstryd gewen nie, ……………. al ons atlete nie deelgeneem het nie.

Ons span was beter, …….. het hulle ons gewen. [10 × 1 = 10]



Les 14

# TUSSENWERPSELS EN LIDWOORDE

## Leeruitkomstes en Assesseringstandaarde

**LEERUITKOMS 4**
**Taal**
*Die leerder is in staat om taalstrukture en –konvensies gepas en doeltreffend te gebruik*
**ASSESSERINGSSTANDAARDE**
- Identifiseer en gebruik die tussenwerpsel en lidwoord in 'n verskeidenheid tekste akkuraat en betekenisvol

## Oorsig

In hierdie les gaan ons na die gebruik van die TUSSENWERPSEL en die LIDWOORD kyk sodat julle kan weet hoe om dit uit te ken en hoe om dit self te gebruik.

LC DVD

# Lesinhoud

## Inleiding

In hierdie les sal gekyk word:

- Hoe om tussenwerpsels (uitroepe!) en lidwoorde te identifiseer.
- Hoe word tussenwerpsels en lidwoorde getoets.

Woordsoorte is 'n afdeling in die taal wat reeds in vorige taallesse gedek is en die belangrikheid hiervan kan net weer beklemtoon word. In hierdie les sal gekyk word:

  – Hoe om tussenwerpsels (of uitroepe!) en lidwoorde te indentifiseer.
  – Hoe tussenwerpsels en lidwoorde getoets word.

*(Sien ook DVD vir meer oor die tussenwerpsel en lidwoord.)*

**Inhoud**

**Tussenwerpsels (uitroep!)**

Die tussenwerpsel druk gewoonlik emosies/gevoelens uit.

**Gevoelens** (emosies) soos:

Skrik ("*shock*")

**Opgewondenheid** ("*excitement*")

**Jammerte** ("*pity, sympathy*")



In sinne sal die tussenwerpsel soos volg lyk:

**Eina**! Dit is baie seer.

**Hoera**! Ons gaan more met vakansie.

**Sjoe,** dis darem warm vandag!

Bogenoemde woorde soos **eina, hoera en sjoe** is dus voorbeelde van tussenwerpsels.

*Gaan nou na Aktiwiteit 1.*

**Lidwoorde**

In Afrikaans is daar slegs twee (2) lidwoorde, nl: **'n** en **die**

Ons onderskei verder tussen:

Bepaalde lidwoord: **die – verwys na iets spesifiek**

Onbepaalde lidwoord: **'n – daar word nie na iets spesifiek verwys nie.**

**Kyk na die onderstaande voorbeelde:**

**Die** kind praat al te lekker oor **die** foon. (Spesifieke/bepaalde kind) (spesifieke/bepaalde foon).

**'n** Kind praat oor **'n** foon. (Nie 'n spesifieke/bepaalde kind nie) (Nie 'n spesifieke foon nie).

Ons ry elke dag met **die** skoolbus. (Die spesifieke/bepaalde bus).

Die man lees **'n** koerant. (Nie 'n spesifieke/bepaalde koerant nie).

**Onthou nou:**

- **Die** – verwys na 'n bepaalde lidwoord, daar word na iets spesifiek verwys of bepaal.
- **'n** – verwys na 'n onbepaalde lidwoord, daar word nie bepaal of verwys na iets spesifiek nie.

*Kyk nou na die aktiwiteit op die DVD wat saam met julle gedoen is.*

Vul in **'n** of **die** of laat die spasie oop:

James smeer ____uiesap aan sy hare. Hy het ____ wondermiddel leer ken toe hy in Egipte sokker gespeel het. _______ Verslagewer, Andries Koerasie, het hom van _____ boereraat vertel. ______ verslaggewer sê ___ tante van hom, wat op ____ klein dorpie op ____ platteland bly, gebruik dit in haar haarsalon. Mense stroom na ____ salon toe en sy het al _____ hele sokkerspan suksesvol behandel nadat ____hele span se hare uitgeval het. Hulle het aan ___ stres gely, omdat ____ volstruis hulle gejaag het. (14)

*Gaan nou na Aktiwiteit 2.*

## Samevatting

In hierdie les is die gebruik van die TUSSENWERPSEL en die LIDWOORD bespreek sodat leerders kan weet hoe om dit uit te ken en hoe om dit self te gebruik.



INDIVIDUEEL

PARE

GROEP

FORMATIEWE ASSESSERING

# Aktiwiteit 1

**Skryf die tussenwerpsels uit die volgende sinne neer.**

a) Gits! Dit was darem ’n harde hou.

b) Nee, gmf! Ek hou niks van daardie kind se gedrag nie.

c) Ek is bly julle het gewen. Bravo!

d) Aitsa! Jy het mos mooi gedoen in jou eksamen.

e) Sie! Jy het my verbaas. [5]

**Voltooi die volgende paragraaf deur die regte lidwoord in te vul:**

…… man wat gister hier was, is seker reeds weg Kaapstad toe. Hy het sowaar sy tas hier vergeet en ons kon ….. man nêrens weer opspoor nie … Boodskap is ook gistermiddag na … hotelkamer gestuur waar hy bly, maar hy het steeds nie sy tas kom afhaal nie. Dit is nogal jammer dat … mens hom nie kon opspoor nie. [5]



# VOORSETSELS EN TELWOORDE

Les 15

## Leeruitkomstes en Assesseringstandaarde

**LEERUITKOMS 4**
**Taal**
*Die leerder is in staat om taalstrukture en –konvensies gepas en doeltreffend te gebruik*
**ASSESSERINGSSTANDAARDE**
- Identifiseer en gebruik die voorsetsels en telwoorde in 'n verskeidenheid tekste akkuraat en betekenisvol

## Oorsig

In hierdie les gaan ons kyk na die gebruik van die VOORSETSELS en TELWOORDE sodat julle kan weet hoe om dit uit te ken en hoe om dit self te gebruik.

# Lesinhoud

## Inleiding

In hierdie les sal gekyk word na:

– Funksies van die voorsetsels en telwoorde

– Tipes voorsetsels en telwoorde wat ons kry

– Hoe word voorsetsels en telwoorde getoets

### Inhoud

### Voorsetsel

Voorsetsels word gewoonlik gebruik om **posisie** aan te dui, bv.

– Sy praat al te lekker **oor** die foon.

– Kyk hoe lekker spring sy **oor** die tou!

– Die man staan **langs** die rooi houer.

– Ons ry elke dag **met** die bus.

Voorsetsels het slegs betekenis as dit met nog woord(e) gebruik word:

- Bv. op, onder, langs, teenoor, bo, ens. (geen betekenis)
- Bv: **onder** die boom; **op** die stoel, **langs** die kas, ens. (meer betekenis)

As voorsetsels alleen staan, het dit min of geen betekenis, bv. op, onder, langs, naby, teenoor, bo-oor, ens

*Gaan nou na Aktiwiteit 1.*



### Telwoorde

Ons onderskei tussen **hooftelwoorde** en **rangtelwoorde**.

- HOOFTELWOORDE
  – Bepaalde hooftelwoorde
  – Onbepaalde hooftelwoorde
- RANGTELWOORDE

– Bepaalde rangtelwoorde

– Onbepaalde rangtelwoorde

**Hooftelwoord**

**Dui die hoeveelheid of aantal aan.**

Die hooftelwoord verdeel verder in twee, nl:

**i)** **Bepaalde** hooftelwoord: dui op 'n **bepaalde aantal**, bv.

Daar is **vier** appels aan die boom.

Daar is **twintig** appels aan die boom.

**ii)** **Onbepaalde** hooftelwoord: dui op 'n **onbepaalde hoeveelheid**, bv.

Daar is **baie** appels aan die boom.

Daar is **heelwat** appels aan die boom.

**Rangtelwoord: Dui 'n volgorde aan.**

Die rangtelwoord verdeel verder in twee, nl:

**i)** **Bepaalde** rangtelwoord: dui op presiese volgorde, bv. eer**ste**, der**de**, ens.

**ii)** **Onbepaalde** rangtelwoord: dui op volgorde maar nie die presiese volgorde, bv: laa**ste**, middel**ste**, min**ste**, ens.

My vriend is die **middelste** een.

Dit is die **soveelste** keer dat hy wen.

Kom ons doen saam die volgende aktiwiteit oor telwoorde. Hoe telwoorde in eksamens getoets word. *(Volg ook verduideliking op DVD.)*

**Vul die geskikte telwoorde in:**

My ma het altyd _____ brode gebak, ek weet nie meer hoeveel nie. Sy het die

_____ prys vir haar brode op die skou gewen. Arme Andries, wat ook brood gebak het, het ongelukkig _____ gekom.

My ma het altyd baie brode gebak, ek weet nie meer hoeveel nie. Sy het die

eerste prys vir haar brode op die skou gewen. Arme Andries, wat ook brood gebak het, het ongelukkig laaste gekom.

*Gaan nou na Aktiwiteit 2.*



## Samevatting

In hierdie les is die gebruik van die VOORSETSEL en die TELWOORD bespreek sodat leerders kan weet hoe om dit uit te ken en dit in tekste te gebruik.

## Aktiwiteit 1

INDIVIDUEEL
PARE
GROEP
FORMATIEWE ASSESSERING

### Voorsetsels

**1. Vul die ontbrekende voorsetsels in die onderstaande leesstuk in:**

(a) Linda het ….haar betrekking bedank. Sy is nou 'n huisvrou en sien om na haar gesin. Hulle kom sit elke dag ….. vir 'n volle maaltyd en geniet dit …. haar by die huis te hê.

(b) Haar kinders verkies gekookte kos …… ligte maaltye. Hulle besef nie hoe gelukkig hulle is om haar ….. die huis te hê nie. (5)

**2. Kies die regte voorsetsel tussen hakies:**

a) As jy iemand (oor, met) raad bedien, moet jy seker wees van jou saak.

b) Ek kan hom (sonder, by) twyfel aanbeveel vir die werk, want hy is 'n harde werker.

c) Ek sal dit (oor, onder) geen omstandighede sê nie.

d) Die eerlike man staan (onder, oor) verdenking, omdat hulle dink hy is skuldig.

e) Ons verwag die dokumente (binne, in) die volgende paar dae. (5)

## Aktiwiteit 2

INDIVIDUEEL
PARE
GROEP
FORMATIEWE ASSESSERING

### Telwoorde

Kies die mees gepaste telwoord tussen hakies:

a) Die (voorste, middelste) boompies is maar nog klein omdat ons hulle laaste geplant het, teenoor die agterste boompies wat eerste geplant was.

b) Ons het maar (baie, weinig) sukses gehad met die groot skade wat deur die hael aangerig is.

c) Hulle het stadig gery en het maar nog (min, heelwat) kilometers afgelê.

d) (Baie, Al) my kinders het by die huis gebly omdat hulle net die kinders ouer as twaalf toegelaat het.

e) Jy moet (beide, alles) saambring omdat altwee so oulik is. (5)

[5 × 3 = 15]



Les 16

# WOORDORDE

## Leeruitkomstes en Assesseringstandaarde

**LEERUITKOMS 4**
**Taal**
*Die leerder is in staat om taalstrukture en –konvensies gepas en doeltreffend te gebruik*
**ASSESSERINGSSTANDAARDE**
- Gebruik korrekte WOORDORDE in 'n verskeidenheid tekste akkuraat en betekenisvol

## Oorsig

In hierdie les sal die gebruik van korrekte woordorde in sinne bespreek word, en ook:

- Hoekom is die korrekte woordorde so belangrik?
- Watter reëls geld vir die korrekte woordorde in Afrikaans?

LC DVD

# Lesinhoud

## Inleiding

Hoekom is korrekte woordordes so belangrik?

– Om die regte dele van die sin te beklemtoon; en
– Om die regte betekenis aan die leser oor te dra.

*(Sien ook DVD vir meer besonderhede oor die belangrikheid van korrekte woordorde).*

**Om die regte dele van 'n sin te beklemtoon**

Byvoorbeeld:

**Ek** kan nie nou 'n nuwe motor bekostig nie.

**Nou** kan ek nie 'n nuwe motor bekostig nie.

**'n Nuwe motor** kan ek nie nou bekostig nie.

**Inhoud**

Kom ons kyk na die **eenvoudige volgorde** van 'n sin: (Reël 1)

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **1** | + | 2 | + | 3 | = | **SIN** |
| **ONDERWERP** | + | GESEGDE (WERKWOORD) | + | VOORWERP | = | SIN |

Onthou jul nog die **vrae**:

wie/wat + gesegde = **onderwerp**

gesegde + wie/wat = voorwerp

**Voorbeeldsinne:**

| | | |
|---|---|---|
| **Die onderwyser** (**Onderwerp**) | **leer** (Gesegde) | die kinders. (Voorwerp) |
| **Die vrou** (**Onderwerp**) | **speel** (Gesegde) | gholf. (Voorwerp) |
| **Die dogtertjie** (**Onderwerp**) | **koop** (Gesegde) | roomys. (Voorwerp) |



**Verkeerde woordorde**

As gevolg van die invloed van leerders se moedertaal word woordordes baie keer omgeruil. Kyk na die foutiewe sinne hieronder:

Ek het geslaap laat gister. ✗

Ek geslaap gister het laat. ✗

Ek het gister geslaap laat. ✗

Ek gister het laat geslaap. ✗

Onthou: In Afrikaans is die tendens om die hoofwerkwoord so bietjie later in die sin te plaas, bv:

Ek **het** gister laat **geslaap**. ✓

**Belangrike reëls (of resep) wat geld vir die korrekte woordorde?**

Volg die **STOMPI**-metode:

**S** = ( **S***ubject* – Onderwerp)

Verb 1

**T** = (**T***ime* – Tyd)

**O** = (**O***bject* – Voorwerp)

**M** = (**M***anner* – Manier)

Verb 2

**P** = (**P***lace* – Plek)

**I** = (**I***nfinitive* – Infinitief)

Die volgende sin moet soos volg wees as ons die STOMPI-metode gebruik:

**Hy lees elke dag die koerant lekker op die stoep om sy Afrikaans te verbeter.**

| | |
|---|---|
| **Hy** | **– S*ubject*/Onderwerp** |
| **lees** | **– Verb1 – Werkwood 1** |
| **elke dag** | **– T*ime*/Tyd** |
| **die koerant** | **– O*bject*/Voorwerp** |
| **lekker** | **– M*anner*/Manier** |
| **op die stoep** | **– P*lace*/Plek** |
| | **– Verb 2 – Werkwoord 2** |
| **om sy Afrikaans te verbeter.** | **– I*nfinitive*/Infinitief** |

**Onthou ook**: nie alle sinne het al die dele van **STOMPI** nie, maar die volgorde sal steeds so wees. (As daar nie van al die dele in die sin is nie, gaan voort met die res van die sin. Kan jy sien dat bogenoemde sin nie 'n tweede werkwoord (*Verb 2*) het nie?

Indien die sin in die verlede tyd geskryf word, sal **het 'Verb1'** wees en **gelees Verb 2**.

Onthou die reël is dus net hier by **woordordes** van toepassing vir nou want later gaan ons meer hieroor uitbrei.

Kom ons kyk saam na die volgende voorbeelde:



**S**ubject **VERB 1** **T**ime **O**bject **M**anner

**P**lace **VERB 2** **I**nfinite

David staan fluks op elke oggend om te gaan draf.

**David staan elke oggend fluks op om te gaan draf.**

Om te slaag, leer John elke dag baie hard.

**John leer elke dag baie hard om te slaag.**

Die sokkerspelers oefen baie hard elke dag om te wen.

**Die sokkerspelers oefen elke dag baie hard om te wen.**

Die miljoenêr bestee 'n klomp geld elke dag deur te dobbel.

**Die miljoenêr bestee elke dag 'n klomp geld deur te dobbel.**

*Gaan nou na Aktiwiteit 1.*

## Samevatting

Kan julle sien hoe die vorige les op hierdie een voortbou? Veral as jy kyk na die infinitief, bywoorde van plek, tyd, manier asook die onderwerp, voorwerp en gesegdes (werkwoord).




## Aktiwiteit 1

**Skryf die volgende sinne in die korrekte woordorde neer:**

1. Die man draf vinnig elke oggend om hom voor te berei vir die atletiekbyeenkoms.
2. Om te presteer, werk die man baie hard elke dag.
3. Hulle vertrek Kaapstad toe, eerskomende Maandag om te gaan werk.
4. Om fliek toe te gaan, kos dit baie geld deesdae.
5. Die kinders antwoord vandag se vrae baie maklik terug. (5 × 1 = 5)

# TYE

Les 17

## Teenwoordig, verlede en toekomende tyd

### Leeruitkomstes en Assesseringsstandaarde

**LEERUITKOMS 4**
**Taal**
*Die leerder is in staat om taalstrukture en –konvensies gepas en doeltreffend te gebruik*
**ASSESSERINGSTANDAARDE:**
- Identifiseer en gebruik die teenwoordige, toekomende en verlede tyd in ’n verskeidenheid tekste akkuraat en betekenisvol

### Oorsig

Die verskillende tye waarin sinne geskryf kan word in Afrikaans en hoe ons sinne van een tyd na ’n ander tyd omskakel, bv. vanaf die teenwoordige tyd na die verlede tyd, ens.

## Lesinhoud

L C DVD

### Inleiding

In hierdie les gaan gekyk word na: **TYE**

- Die verskillende TYE in Afrikaans
- Omskakeling van een TYD na ’n ander

Verskillende tye in Afrikaans:

- TEENWOORDIGE TYD (Vandag)
- VERLEDE TYD (Gister)
- TOEKOMENDE TYD (Môre)

*(Vergelyk ook DVD vir aanvullende verduideliking.)*

#### Die werkwoord/gesegde

Werkwoorde word gebruik om handeling/aksie aan te dui.

Kyk na die volgende sinne:

- Sy **praat** al te lekker oor die foon.
- Kyk hoe lekker **spring** sy!
- Die man **lees** sy koerant.
- Ons **ry** elke dag met die skoolbus.

WATTER WOORDSOORT WORD GEBRUIK OM TYD AAN TE DUI?

**A: DIE WERKWOORD**

Ons onderskei ook tussen ’n **selfstandige werkwoord** en ’n **hulpwerkwoord**

| **Selfstandige werkwoord** | **Hulpwerkwoorde** |
|---|---|
| – die werkwoord kan **alleen** in ’n sin staan,bv: | – **help** die selfstandige werkwoord, bv: |
| Hy **ry** op die fiets. | Hy **het** op die fiets **gery**.<br>**Verlede tyd** |
| Die man **kap** die hout. | Die man **sal** **môre** die hout **kap**.<br>**Toekomende tyd** |
| Hy **melk** die koei. | Die koei **word** **gemelk.**<br>**Teenwoordige tyd** |

**Onthou**: Wanneer ons sinne se tye wil bepaal, begin ons eers deur die werkwoorde te onderstreep.

Onthou ook die volgende:

Teenwoordige tyd: selfstandige werkwoord

Toekomende tyd: sal…..werkwoord

Verlede tyd: **is** word **was**

**het** ….**ge**…..

*Sekere werkwoorde wat begin met **be-, ge-, her-, er-, ont-, ond-, ver- en mis-,** kry nie **het … ge ….** nie, bv:

**begin, gesels, herken, ervaar, ontmoet, ondersoek, verstaan en misbruik.**

In sinne:

Hy **het** my **geverstaan**. ×

Hy **het** my **verstaan**. ✓

Verander die volgende sinne na die **verlede tyd (VT)** en na die **toekomende tyd (TT)**:

1. Die motor **ry** vinnig.

   VT: Die motor **het** vinnig **gery**.

   **TT: Die motor sal vinnig ry.**

2. Hy **studeer** hard vir die eksamen.

   VT: Hy **het** hard **studeer** vir die eksamen.

   **TT: Hy sal hard studeer vir die eksamen.**

3. Hy **is** Maandag in Johannesburg.

   VT: Hy **was** Maandag in Johannesburg.

   **TT: Hy sal Maandag in Johannesburg wees.**

4. Die koerante **is** reeds vroeg uitverkoop.

   VT: Die koerante was reeds vroeg uitverkoop. (onthou: nie uit**ge**verkoop) ×

   **TT: Die koerante sal reeds vroeg uitverkoop wees.**

*Gaan nou na Aktiwiteit 1*.



## Samevatting

Dit is belangrik dat leerders eers die verskillende tye kan identifiseer alvorens hulle die omskakeling suksesvol sal kan doen.

## Aktiwiteit 1

INDIVIDUEEL

PARE

GROEP

FORMATIEWE ASSESSERING

Kyk na die onderstaande sinne en kyk of dit in die verlede tyd, toekomende tyd of teenwoordige tyd geskryf is. Onthou: die werkwoord behoort jou ’n aanduiding te gee:

1. Rachel doen haar werk baie getrou.
2. Deliah was gister in die winkel en het heelwat aankope gedoen.
3. Lydia sal môre laat weet of sy nog saamgaan.
4. Baie mense verstaan nie altyd waarom die digter se skryfstyl so is nie.
5. Amper al haar vriendinne het haar teleurgestel met die partytjie.
6. Wie was eerste by die skool, was dit Nancy of Ian?
7. Niemand het weer oor daardie dag gepraat nie.
8. Die mense is darem baie ongasvry om nie eers koffie of tee aan te bied nie.
9. Waarom was julle nie by die partytjie nie?
10. Julle sal seker wel volgende week se partytjie bywoon, nè? $(10 \times 1 = 10)$

(Kyk ook na DVD vir meer oor die Samevatting van die les.)



# DIREKTE EN INDIREKTE REDE

Les 18

## Leeruitkomstes en Assesseringstandaarde

**LEERUITKOMS 4**
**Taal**
*Die leerder is in staat om taalstrukture en –konvensies gepas en doeltreffend te gebruik*
**ASSESSERINGSSTANDAARDE**
- Identifiseer en gebruik die direkte en indirekte rede in sinne.
- Onderskei tussen direkte en indirekte rede en omskryf sinne van direkte rede na die indirekte rede

## Oorsig

In hierdie les word die verskil tussen direkte en indirekte rede bespreek en daarna sal die omskakeling van sinne in die direkte rede na die indirekte rede bespreek word.

# Lesinhoud

## Inleiding

Waarna kan jy uitsien in hierdie les?

- Die verskil tussen DIREKTE en INDIREKTE rede; en
- Omskakeling van DIREKTE na INDIREKTE rede.

*(Kyk ook na DVD vir meer omvattende inleiding.)*

**Verskil tussen direkte en indirekte rede**

| DIREKTE REDE | INDIREKTE REDE |
|---|---|
| Spreker se direkte woorde | Oorvertelde woorde |
| Aanhalings en dubbelpunt : "……" | Geen aanhalingstekens en dubbelpunt |

**Direkte rede**: Spreker se **direkte woorde (Altyd in aanhalings met dubbelpunt)**

**Indirekte rede:** Spreker se **oorvertelde woorde (Geen aanhalings en dubbelpunt)**

**Inhoud**

Wat gebeur as sinne van iemand se **direkte woorde na indirekte woorde omgeskakel** (oorvertel word)?

Voornaamwoorde verander

Thabo sê: "**Ek** hou van sokker."

Thabo sê dat **hy** van sokker hou.

Theresa vra vir my: "Hou **jy** van pannekoek?"

Theresa vra vir my of **ek** van pannekoek hou.



**Voornaamwoorde wat verander (sal ook afhang van die sin):**

ek – hy/sy/jy

ons/julle – hulle

myne – syne

Dubbelpunt en aanhalings val weg en word vervang met: **dat** en **of**.

Thabo sê: “Ek hou van sokker.”

Thabo sê **dat** hy van sokker hou.

Theresa vra vir my: “Hou jy van pannekoek?”

Theresa vra vir my **of** ek van pannekoek hou.

**Onthou:** By **stelsinne** gebruik ons **dat** in die omskakeling.

By **vraagsinne** gebruik ons **of** in die omskakeling.

(Sien voorbeelde bo).

Bywoord van **tyd** en bywoord van **plek** verander ook, bv:

Pa sê: “Julle moet weer **môre** weer tot **hier** kom.”

Pa sê dat hulle weer die **volgende dag** tot **daar** moet kom.

**Onderstaande twee lyste is woorde wat leerders moet studeer:**

| DIREKTE REDE | INDIREKTE REDE |
|---|---|
| hier | daar |
| hierdie | daardie |
| vandag | daardie dag |
| gister | die vorige dag |
| gistermiddag | die vorige middag |
| gisteraand | die vorige aand |
| eergister | twee dae gelede |
| môre | die volgende dag |
| môremiddag | die volgende middag |
| môre-aand | die volgende aand |
| oormôre | oor twee dae |
| nou | toe |
| dan | toe |

**Kyk ook in watter tyd die sin geskryf is.**

**Ter verduideliking, kyk ons na die volgende voorbeelde (waar ons al bogenoemde toepas):**

1. Die rugbyspeler sê: “Ons het die wedstryd vandag gewen.”
   Die rugbyspelers sê **dat hulle** die wedstryd daardie dag **gewen het**.
2. Die onderwyser sê: “Julle gaan môre ’n toets skryf.”
   Die onderwyser sê **dat hulle die volgende dag** ’n toets skryf.
3. Die man vra vir ons: “Gaan julle oormôre al terug wees?”
   Die man vra **of ons** oor **twee dae** al terug **sal wees**.
4. Die skoolhoof vra: “Het julle gistermiddag die ruit gebreek?”
   Die skoolhoof vra **of hulle** die **vorige middag** die ruit **gebreek het**.
5. “Jy stel my teleur,” sê my ma.
   My ma sê **dat ek** haar teleurstel. / My ma sê **ek** stel haar teleur.

*Gaan nou na Aktiwiteit 1.*



## Samevatting

Dit is belangrik om te weet dat:

– Voornaamwoorde verander;

– Dubbelpunt en aanhalingstekens val weg in die indirekte rede; en

– Bywoorde van plek en tyd verander.

Leerders moet die lys met veranderings bestudeer en dit toepas.

Gaan ook na DVD vir meer oor die Samevatting.

LC INDIVIDUEEL

LC PARE

LC GROEP

LC FORMATIEWE ASSESSERING

## Aktiwiteit 1

**Skakel die volgende sinne om vanaf die direkte rede na die indirekte rede:**

1. Lauret het gesê: "Ek is nou moeg gesukkel".
2. Die verpleegster vra: "Is dit hierdie arm wat seer is?"
3. Morne sê: "Dit reën elke keer as ons moet weggaan."
4. Haar ma vra: "Gaan julle weer vanaand laat inkom?"
5. Mamma het gesê: "Ek weet die koekies was in hierdie kas." (5 × 2 = 10)



# LYDENDE EN BEDRYWENDE VORM

Les 19

## Aktief en passief

### Leeruitkomstes en Assesseringstandaarde

**LEERUITKOMS 4**
**Taal**
*Die leerder is in staat om taalstrukture en –konvensies gepas en doeltreffend te gebruik*
**ASSESSERINGSSTANDAARDE**
- Identifiseer en gebruik die lydende en bedrywende vorm in 'n verskeidenheid tekste akkuraat en betekenisvol

### Oorsig

In hierdie les gaan ons kyk na:

– Die verskil tussen lydende en bedrywende vorm; en

– Hoe om sinne vanaf die bedrywende vorm (aktief) na die lydende vorm (passief) om te skakel.

## Lesinhoud

DVD

### Inleiding

**Die verskil tussen lydende (passiewe) en bedrywende (aktiewe) vorm**

| LYDENDE | BEDRYWENDE |
|---|---|
| Word (minder gereeld) gebruik om sekere deel van sin te beklemtoon.<br>Honde word nie hier toegelaat nie. | Word die meeste gebruik.<br><br>Die mense laat nie honde hier toe nie. |

**Hoe om sinne van die bedrywende na die lydende vorm om te skakel**

**STAP 1:** Probeer om die **BETEKENIS** van die sin te verstaan

**STAP 2:** Onderstreep die **WERKWOORD** (gesegde) van die sin

**STAP 3:** Soek die **ONDERWERP** en **VOORWERP** van die sin

Kan julle nog onthou hoe ons klem gelê het op die onderwerp, voorwerp en gesegde in 'n vorige les? Vir die eenvoudige rede dat dit by hierdie les aansluit. Jul sal dan ook verder sien hoekom dit belangrik was om te weet van die verskillende tye (verlede tyd, toekomende tyd en die teenwoordige tyd).

Taal is soos 'n legkaart waarvan al die dele inmekaar pas.

**Voorbeelde**

**Teenwoordige tyd**

James **skop** die bal. (Bedrywende vorm)

Die bal **word** deur James **geskop**. (Lydende vorm)



**Verlede tyd**

James **het** die bal **geskop**. (Bedrywende vorm)

Die bal **is** deur James **geskop**. (Lydende vorm)

**Toekomende tyd**

James **sal** die bal **skop**. (Bedrywende vorm)

Die bal **sal** deur James **geskop word**. (Lydende vorm)

*(Kyk na DVD vir die redes waarom sinne omgeskakel word vanaf bedrywende vorm na lydende vorm.)*

**Belangrik omtrent die omskakeling:**

1. Die onderwerp en voorwerp ruil plekke om.
2. Sinne **verander** volgens die tyd waarin dit geskryf is:
   - verlede tyd: **is deur**
   - teenwoordige tyd: **word deur**
   - toekomende tyd: **sal deur**

Kom ons kyk na die onderstaande sinne en verander hulle vanaf die bedrywende vorm na die lydende vorm:

a) Die meisie eet roomys. (**Bedrywende vorm**)
   Roomys **word deur** die meisie geëet. (**Lydende vorm**)

b) Die seun ry 'n fiets. (**Bedrywende vorm**)
   'n Fiets **word deur** die seun gery. (**Lydende vorm**)

c) Ons braai vanaand weer 'n lekker stukkie vleis. (**Bedrywende vorm**)
   'n Lekker stukkie vleis **word** vanaand **deur** ons gebraai. (**Lydende vorm**)

d) Baie leerders het die vraestel gedruip. (**Bedrywende vorm**)
   Die vraestel **is deur** baie leerders gedruip. (**Lydende vorm**)

e) Die kok sal 'n heerlike ete vir ons voorberei. (**Bedrywende vorm**)
   'n Heerlike ete **sal deur** die kok vir ons voorberei word. (**Lydende vorm**)

Het julle gesien dat ons elke keer moes kyk in watter tyd die sin geskryf is? Goed so. Dit sal jou elke keer help en weereens moes jy weet wat 'n onderwerp en voorwerp is om die plekke om te ruil.

*Gaan nou na Aktiwiteit 1.*



## Samevatting

Die omskakeling van sinne vanuit die bedrywende vorm na die lydende vorm behoort met gemak gedoen te word as jy weet wat die onderwerp, voorwerp en ook die gesegde in die sin is. Die gesegde sal jou weer help om te sien in watter tyd die sin geskryf is.

## Aktiwiteit 1

INDIVIDUEEL

PARE

GROEP

FORMATIEWE ASSESSERING

Skryf die onderstaande sinne vanuit die bedrywende vorm (aktief) na die lydende vorm (passief):

1. Die meisie lees 'n interessante boek.
2. Sandra sal die bok skiet.
3. Die kinders maak hul ouers se skoene skoon.
4. My ma sal die klein kindertjies beskerm.
5. Die baba het die brief oopgeskeur. (5 × 2 = 10)



Les 20

# SINSTIPES

## Leeruitkomstes en Assesseringstandaarde

**LEERUITKOMS 4**
**Taal**
*Die leerder is in staat om taalstrukture en –konvensies gepas en doeltreffend te gebruik*
**ASSESSERINGSSTANDAARDE**
- Identifiseer en gebruik die verskillende tipes sinne (vraagsin, bevelsin, stelsin) in ’n verskeidenheid tekste akkuraat en betekenisvol

## Oorsig

In hierdie les sal gekyk word na die verskillende tipes sinne (stelsinne, vraagsinne, bevelsinne) en ook hoe om dié sinne om te skakel/te verander, bv. vanaf ’n stelsin na ’n vraagsin.

LC DVD

# Lesinhoud

## Inleiding

In Afrikaans het ons basies 3 tipes sinne, nl: vraagsinne, stelsinne en die bevelsin/uitroepsin.

In hierdie les gaan ons spesifiek kyk na

- Tipes sinne
- Hoe om sinne om te skakel (verander)

### Tipes sinne

**Stelsinne**

’n Stelling of bewering word gemaak, bv:

Die man stoot ’n kruiwa.

Dit lyk asof die vrou baie gelukkig is.

Die wetenskaplike kyk deur die mikroskoop.

**Vraagsinne**

’n Vraag word gevra (**?**)

Twee tipes vraagsinne:

1. Algemene vraagsin (Sin begin met **werkwoord**)
2. Spesifieke vraagsin (Sin begin met **vraagwoord**)



| **Algemene vraagsin** | **Spesifieke vraagsin** |
|---|---|
| Sin(ne) sal met **werkwoord begin**.<br>Gewoonlik met **‘ja’ of ’nee’ antwoord.** | Sin(ne) begin met **vraagwoord**.<br>’n **spesifieke antwoord** is nodig. |
| **Hardloop** die man vinnig? (ja/nee)<br>**Is** die meisie mooi? (ja/nee)<br>**Ry** die motor vinnig? (ja/nee)<br>**Skryf** ons môre ’n toets? (ja/nee) | **Hoe** laat is dit?<br>**Hoeveel** geld het jy gespaar?<br>**Watter** snelweg moet ek kies? |

**Bevelsin (uitroep)**

Word gewoonlik gebruik vir ’n **bevel** of **versoek**. (**!**)

Let asseblief op**!**

Maak dadelik daardie deur toe**!**

Sit tog assebleif stil, my skat**!**

Kom ons kyk na die volgende sinne en sê elke keer of dit ’n **stelsin**, ’n **vraagsin** of **bevelsin** is:

1. Jy maak my baie bekommerd. **Stelsin**
2. Wanneer het hulle gekom? **Vraagsin** (Spesifiek)
3. Ons is nooit laat vir skool nie. **Stelsin**
4. Julle moet gou maak! **Bevelsin**
5. Kom kuier jy nog môre? **Vraagsin** (Algemeen)
6. Dit is darem baie warm vandag. **Stelsin**
7. Maak asseblief die deur toe. **Stelsin**
8. Sal julle nou ophou gesels! **Bevelsin**
9. Voel jy siek? **Vraagsin** (Algemeen)
10. Hoekom luister julle nooit as ek praat? **Vraagsin** (Spesifiek)
11. Bly stil! **Bevelsin**

*Gaan nou na Aktiwiteit 1.*

## Samevatting

Dit is altyd goed om eers die sinne goed te verstaan voordat ons kan beweeg na die oorskakel van vraagsinne na stelsinne, en so meer. Maak dus seker dat die vraagsin, stelsin en bevelsin goed uitgeken kan word en dan kan volgende keer gekyk word na die omskakeling van sinne.

## Aktiwiteit 1

INDIVIDUEEL

PARE

GROEP

FORMATIEWE ASSESSERING

**Watter tipe sinne is elk van die volgende: Vraagsin, stelsin of bevelsin.**

1. Kom hier!
2. Julle is vandag besonders stout.
3. Ek hou glad nie van haar houding nie.
4. Wanneer sal julle terug wees?
5. Gmf, julle dink seker ek sal opstaan vir die kinders!
6. Hoekom is die kinders so lui vir skool?
7. Hoera, dis my verjaarsdag vandag!
8. Ek dink dit is goeie maniere om altyd beleefd te groet.
9. Ag nee, julle is nie eers skaam om sulke leuens te vertel nie!
10. Watter kleur skoene gaan jy by hierdie rooi rok dra? (10 × 1 = 10)

Les 21

# SINSTIPES

## Vervolg

### Leeruitkomstes en Assesseringstandaarde

**LEERUITKOMS 4**
**Taal**
*Die leerder is in staat om taalstrukture en –konvensies gepas en doeltreffend te gebruik*
**ASSESSERINGSSTANDAARDE**
- Identifiseer en gebruik die verskillende tipes sinne (vraagsin, bevelsin, stelsin) in 'n verskeidenheid tekste akkuraat en betekenisvol

### Oorsig

In hierdie les sal gekyk word hoe om die sinne om te skakel/te verander, vanaf 'n stelsin na 'n vraagsin. Dit sluit aan by die vorige les.

## Lesinhoud

**Inleiding**

In Afrikaans het ons 3 tipes sinne, nl: vraagsinne, stelsinne en bevelsinne/uitroepsinne.

In hierdie les gaan ons kyk:

**Hoe om verskillende sinstipes te verander na of vraagsinne, of stelsinne of bevelsinne.**

Net om die leerders se geheue te verfris, gaan ons net weer na die volgende kyk:

– Vraagsinne
– Stelsinne
– Bevelsinne (Uitroepsinne)

**Vraagsinne (?)**

Wanneer was sy hier**?**

Hoe laat vertrek die mense**?**

Hoekom lyk jy so siek vandag**?**

**Stelsinne (.)**

Jy maak my baie bekommerd**.**

Ons was nooit laat vir die skool nie**.**

Dit is darem baie warm vandag**.**

**Bevelsinne – Uitroepsinne (!)**

Jy moet gou maak**!**

Julle moet ophou om so hard te praat**!**

Kyk nou na die onderstaande sinne en verander die **bevelsinne** na **stelsinne**. (Hier word die uitroepteken (**!**) vervang met 'n punt, **.**)

Jy is darem baie hardwerkend**!**
Jy is darem baie hardwerkend**.**
Sy loop darem net te stadig**!**
Sy loop darem net te stadig**.**



Verander nou die **stelsinne** na **vraagsinne.** (Hier moet leerders veral oplet hoe die **werkwoord verskuif** na die begin van die sin.)

Linda is siek**.**

**Is** Linda siek**?**

Maureen eet vandag verskriklik baie**.**

**Eet** Maureen vandag verskriklik baie**?**

Verander nou die **vraagsinne** na **stelsinne**. (Hier moet leerders oplet hoe die stelsin met die **onderwerp begin**).

Is sy baie netjies en goed gemanierd**?**

**Sy** is baie netjies en goed gemanierd**.**

Is die dogtertjie oulik**?**

**Die dogtertjie** is oulik**.**

**Kom ons probeer gou die volgende:**

**Verander onderstaande stelsinne na vraagsinne:**

i) Die kind is vandag blakend gesond.
**Is die kind vandag blakend gesond?**

ii) Die man het 'n strooihoed op sy kop.
**Het die man 'n strooihoed op sy kop?**

iii) Jy wonder soms waaraan hy dink.
**Wonder jy soms waaraan hy dink?**

**Verander die onderstaande bevelsinne na stelsinne:**

i) Jy is baie ongemanierd!
**Jy is baie ongemanierd.**

ii) Moenie so hardkoppig wees nie!
**Moenie so hardkoppig wees nie.**

iii) Dit is baie ongeskik om so lelik te praat!
**Dit is baie ongeskik om so lelik te praat.**

**Verander die onderstaande vraagsinne na stelsinne:**

i) Kook die man baie lekker?
**Die man kook baie lekker.**

ii) Is die kind werklik so siek?
**Die kind is werklik so siek.**

iii) Bestuur Donovan versigtig?
**Donovan bestuur versigtig.**

*Gaan nou na Aktiwiteit 1.*



## Samevatting

Kan julle sien waarom ons eers die tipe sinne moes bespreek voordat ons na die omskrywing van sinne gekom het? Ja, omdat julle eers die tipes sinne moet ken (vraagsinne, stelsinne en bevelsinne) voordat julle die sinne kan omskryf.

(Kyk ook na DVD vir meer oor die Samevatting van die les.)

INDIVIDUEEL

PARE

GROEP

FORMATIEWE ASSESSERING

## Aktiwiteit

1. Kyk na die onderstaande sinne en verander die **vraagsinne** na **stelsinne**:
   a) Is julle altyd so roekeloos?
   b) Gaan hulle regtig volgende week Namibië toe?
   c) Wonder jy soms wat alles gebeur het?
2. Verander die onderstaande **bevelsinne** na **stelsinne**:
   a) Julle is besonder stil vanoggend!
   b) Dit is glad vreemd om jou sonder skoene te sien!
   c) Gits, ek het nog nooit so daaraan gedink nie!
3. Verander onderstaande **stelsinne** na **vraagsinne:**
   a) Dit is nie altyd lekker om die enigste kind te wees nie.
   b) Jou ouers gee gans te veel om vir jou.
   c) Mense moet leer om mekaar te respekteer.
   d) Sy suster is soms te streng met hom. (10 × 1 = 10)



# DIE ONTKENNENDE VORM (NEGATIEF)

Les 22

## Leeruitkomstes en Assesseringstandaarde

**LEERUITKOMS 4**
**Taal**
*Die leerder is in staat om taalstrukture en –konvensies gepas en doeltreffend te gebruik*
**ASSESSERINGSSTANDAARDE**
- Identifiseer en gebruik die ontkennende vorm (negatief) in 'n verskeidenheid tekste akkuraat en betekenisvol

## Oorsig

In hierdie les sal gekyk word na die:

- Eienskappe van die ontkennende sin; en
- Tipes ontkennende sinne.

# Lesinhoud

DVD

## Inleiding

In hierdie les sal gekyk word na die:

- Eienskappe van die ontkennende sin; en
- Tipes ontkennende sinne.

Wanneer het ons te make met die negatief of ontkenning in sinne?

Dit is wanneer 'n sin vanaf positief na negatief (ontkenning) omgeskakel word, bv:

Die man is siek. (positief)

Die man is **nie** siek **nie**. (negatief)

In Afrikaans word die **dubbele nie** in die negatief (ontkennende vorm) gebruik. Dit is egter 'n probleem waarmee baie leerders wat 'n addisionele taal aanleer soms sukkel.

*(Kyk ook na DVD vir meer omvattende inligting oor die negatief/ontkennende sinne.)*

**Inhoud**

**Maniere waarop 'n positiewe sin na 'n ontkennende sin verander:**

Wanneer 'n sin 'n onderwerp en voorwerp het, sal die **dubbele nie** gebruik word, bv:

Ek skryf 'n boek.

Ek skryf **nie** 'n boek **nie**.

(**nie** is twee keer in die sin, omdat die sin wel 'n onderwep en voorwerp het.)



Wanneer 'n sin slegs 'n onderwerp bevat, sal daar net een **nie** in die sin wees, bv:

Ek skryf.

Ek skryf **nie**.

(Sin bevat nie voorwerp nie, daarom is daar net een **nie**).

**Vraagsinne**

By sommige vraagsinne sal die ontkenning met '**nee'** begin, bv:

Sal dit vanmiddag rëen?

**Nee**, dit sal **nie** vanmiddag rëen **nie**.

Gaan sy saam met die ander kinders?

**Nee**, sy gaan **nie** saam met die ander kinders **nie**.

By sinne (uitroepsinne/bevelsinne) of soortgelyke sinne met geen onderwerp word die woord **moenie** gebruik, bv:

Loop stadiger!

**Moenie** stadiger loop **nie.**

Hardloop vinniger!

**Moenie** vinniger hardloop **nie**.

Verandering van seker woorde as dit in die ontkenning (negatief) omskryf word, bv:

Is **iemand** besig in die kombuis?

Nee, **niemand** is besig in die kombuis nie.

Het jy **al ooit** van die skool af weggebly?

Nee, ek het **nog nooit** van die skool af weggebly nie.

Bestudeer die onderstaande lys woorde en gebruik dit om sinne vanuit positief na negatief (of ontkennend) te omskryf.

Iemand – niemand … nie

Êrens – nêrens … nie

Al ooit – nog nooit … nie

Iets – niks … nie

Een – geen … nie

Beide – nog … nog

Òf … òf – nòg … nòg

Alreeds – nog nie



**Kom ons kyk na die onderstaande sinne en skryf hulle in die ontkennende vorm (negatief):**

1. Ek het vanoggend hieroor gepraat.

   Ek het **nie** vanoggend hieroor gepraat **nie**.

2. Het jy **al ooit** so iets gesien?

   Het jy **nog nooit** so iets gesien **nie**?

3. Laat ons mekaar in die rede val.

Laat ons **nie** mekaar in die rede val **nie**.

4. Beide Melita en Melinda is intelligente meisies.

   **Nòg** Melita **nòg** Melinda is intelligente meisies.

5. Het jy dit **êrens** gekry?

   Het jy dit **nêrens** gekry **nie**?

6. Was jy **al ooit** daar?

   Was jy **nog nooit** daar nie?

7. Daar is **iemand** wat weet.

   Daar is **niemand** wat weet **nie**.

8. Sal jy **ooit** hierdie werk baasraak?

   Sal jy **nooit** hierdie werk baasraak **nie**?

   **Nee**, jy sal **nooit** die werk baasraak **nie**.

*Gaan nou na Aktiwiteit 1.*

## Samevatting

Wat belangrik is om te onthou:

- Dat die **dubbele nie** in Afrikaans gebruik word by die negatief (ontkenning);
- By sommige vraagsinne kan die sin met **nee** begin word;
- By sinne met geen onderwerp kan die sin begin met **moenie**; en
- Sekere woorde verander wanneer sinne vanaf positief na negatief omskryf word.

## Aktiwiteit

INDIVIDUEEL

PARE

GROEP

FORMATIEWE ASSESSERING

**Omskryf die volgende sinne in die negatief (ontkennende vorm):**

1. Sal jy ooit klaar kry met die werk?
2. Het jy al ooit van so iets gehoor?
3. Gister was die twee masjiene buite werking.
4. Sal Liezel die atletiek bywoon?
5. Ek lag.
6. Òf Lyrice òf Dine sal laat opdaag.
7. My suster was alreeds daar toe ek daar aankom.
8. Sing harder! (8 × 2 = 16)

Les 23

# ENKELVOUDIGE SIN EN SAAMGESTELDE SIN

## Leeruitkomstes en Assesseringsstandaarde

**LEERUITKOMS 4**
**Taal**
*Die leerder is in staat om taalstrukture en –konvensies gepas en doeltreffend te gebruik*
**ASSESSERINGSSTANDAARDE**
- Identifiseer en gebruik die enkelvoudige sin sowel as die saamgestelde sin in 'n verskeidenheid tekste akkuraat en betekenisvol

## Oorsig

In hierdie les sal gekyk word na:

– Wat is 'n enkelvoudige sin?

– Wat is 'n saamgestelde sin?

Die verskil tussen die enkelvoudige sin en die saamgestelde sin.

LC DVD

# Lesinhoud

## Inleiding

(Sien ook die volledige Inleiding op DVD.)

In hierdie les sal gekyk word na:

- Wat is 'n enkelvoudige sin?
- Wat is 'n saamgestelde sin?
- Hoe dit getoets kan word?

Wat is die verskil tussen die enkelvoudige sin en die saamgestelde sin?

Enkelvoudige sin- sin het slegs **een gesegde.**

Saamgestelde sin – sin het **meer as een gesegde**.

### Enkelvoudige sin

Bestaan gewoonlik uit 'n onderwerp, gesegde en voorwerp, bv:

Die dogtertjie eet 'n roomys.

Die dogtertjie – **Onderwerp** (wie? + gesegde, m.a.w.: **wie eet?)**

eet – **EEN gesegde**

'n roomys – **Voorwerp** (Gesegde + wat, m.a.w: **eet wat?)**



### Saamgestelde sin

Bestaan gewoonlik uit twee of meer gesegdes, bv:

Millie **sê** sy **is** moeg. (twee gesegdes)

Ons **sit** en **gesels** oor die probleem. (twee gesegdes)

Kyk na die onderstaande **enkelvoudige en saamgestelde sinne**:

Ek **hou** tog niks **van** hierdie werk nie. – Enkelvoudige sin

Die kinders **het gelag**, hul ouers **het gehuil**. – Saamgestelde sin

Die seun **staan** in die straat.– Enkelvoudige sin

Ek **skryf** oor die geraas in die woonstelblok. – Enkelvoudige sin

*(Probeer om altyd ook notas te neem tydens die verduideliking op DVD.)*

Kom ons kyk na nog ’n paar voorbeelde en sê elke keer of dit ’n **enkelvoudige sin (E)** of **saamgestelde sin (S)** is:

1. Waarom **is** die kinders al weer **laat**? – E

   (**is laat**: vorm een gesegde)
2. Dit **is** nie lekker om sonder geld te gaan **toer** nie. –S

   (**is** en **toer**: twee selfstandige werkwoorde in dié sin)
3. Wie **was** eerste: die man of die vrou? – E
4. Hy **beloof** om baie verbeterings **aan** te **bring** en die huis goed te **restoureer**.- S
5. Hy **bly** ’n karnallie en **kan** nie **sien** dat hy ander mense **seermaak** nie.– S
6. Die dame wat so **gepraat het**, **het** nie **geweet** almal **luister** na haar nie. – S
7. Sy **het** so hard **geleer,** daarom het niemand **gedink** sy **sou druip** nie. – S
8. Die kinders **was** almal **moeg** vir die geraas. –E (was moeg-1 gesegde)

*Gaan nou na Aktiwiteit 1.*

## Samevatting

Die kennis van werkwoorde en gesegdes word gebruik vir die onderskeid tussen ’n enkelvoudige sin en ’n saamgestelde sin.

(Kyk ook na DVD vir volledige Samevatting.)

## Aktiwiteit 1

INDIVIDUEEL

PARE

GROEP

FORMATIEWE ASSESSERING

Is die volgende sinne **enkelvoudig** of **saamgesteld**?

1. My ma is baie siek.
2. My ma is vanoggend in die hospitaal opgeneem.
3. Die verpleegster wat na my ma omsien, is baie vriendelik.
4. Ek wens dat alle verpleegpersoneel so vriendelik kan wees.
5. Julle moet volgende week by my kom eet.
6. Dit is nie lekker om saans alleen te sit en eet nie.
7. Sodra my ma gesond is, wil ek haar uitneem om by haar suster te gaan kuier.
8. Ek sukkel deesdae baie met my motor. (8 × 1 = 8)

Les 24

# VEELVOUDIGE SIN

## Leeruitkomstes en Assesseringstandaarde

**LEERUITKOMS 4**
**Taal**
*Die leerder is in staat om taalstrukture en –konvensies gepas en doeltreffend te gebruik*
**ASSESSERINGSSTANDAARDE**
- Identifiseer en gebruik die veelvoudige sin in 'n verskeidenheid tekste akkuraat en betekenisvol

## Oorsig

In hierdie les gaan ons kyk na wat 'n veelvoudige sin is, oor watter eienskappe die veelvoudige sin beskik en hoe julle hieroor getoets kan word.

DVD

# Lesinhoud

## Inleiding

In hierdie les gaan ons kyk na:

- Wat is 'n veelvoudige sin?
- Hoe word dit getoets?

Voordat ons die veelvoudige sin verduidelik, wil ons net weer jul geheue verfris oor die **eienskappe van die enkelvoudige en saamgestelde sin**.

Enkelvoudige sin – bevat slegs **een gesegde**

Saamgestelde sin – **meer as een gesegde**

*(Kyk ook na aanvullende notas op DVD.)*

### Inhoud

Kyk na die volgende voorbeelde oor die **enkelvoudige en saamgestelde** sinne:

**Enkelvoudige sin**

Die dogtertjie **eet** roomys. (slegs een gesegde, nl. **eet**)

Die man **skop** die hond.

Die man **het** die hond **geskop**. (**het geskop**: vorm saam **een gesegde**)

**Saamgestelde sin**

Millie **sê** sy **is moeg**. (**meer as een gesegde**, nl: **sê** en **is)**

(Bestaan ook gewoonlik uit **'n hoofsin** en '**n bysin**).



**Veelvoudige sin**

Bestaan uit sinne met **meer as een hoofsin**. Wat is hoofsin? **Onderwerp + Gesegde + Voorwerp**.

*(Kyk na die voorbeelde van die volgende veelvoudige sinne. Dis ook altyd wys om notas te neem tydens DVD verduideliking.)*

Linda het baie oproepe met haar selfoon gemaak **en** sy het gedink dat haar rekening baie hoog gaan wees.

**Hoofsin 1**: Linda het baie oproepe met haar selfoon gemaak.

**Hoofsin 2**: Sy het gedink dat haar rekening baie hoog gaan wees. (Voegwoord: **en**)

Sannie ry per trein na Kaapstad en Anna ry per bus na Johannesburg.

**Hoofsin 1**: Sannie ry per trein na Kaapstad.

**Hoofsin 2**: Anna ry per bus na Johannesburg.
(Voegwoord: **en**)

Die regering het goedkoper huise belowe en dat mense vergoed sal word wat tydens die haelstorm verliese gely het.

**Hoofsin 1**: Die regering het goedkoper huise belowe.

**Hoofsin 2**: Mense sal vergoed word

**Hoofsin 3**: Mense wat tydens die haelstorm verliese gely het
(Voegwoorde: **en**, **dat**, **wat**)

Ons het deur die wildtuin gery, maar ons het geen diere gesien nie.

**Hoofsin 1**: Ons het deur die wildtuin gery.

**Hoofsin 2**: Ons het geen diere gesien nie.
(Voegwoord: **maar**)

Kan julle sien hoe die woordsoort (voegwoord) julle help om die veelvoudige sin te identifiseer? Dit is dus belangrik om eers jou woordsoorte goed te ken omdat dit jou sal help om te bepaal of sinne enkelvoudig, saamgestel of veelvoudig is.

*Kom ons doen die volgende aktiwiteit **saam**.*

Is die volgende sinne **enkelvoudig** of **veelvoudig?**

1. Die spreker **het** ons baie **beïndruk.** – Enkelvoudige sin (**het beïndruk**: vorm een gesegde)
2. **Die man was in Mpumalanga en die vrou was in die Noord-Kaap**. – Veelvoudige sin
3. **Annalie slaap altyd laat terwyl Mathilda altyd vroeg opstaan**. – Veelvoudige sin
4. Dit **is** nie so ongesond nie. – Enkelvoudige sin
5. Sy **eet** hopeloos te veel op haar ouderdom. – Enkelvoudige sin
6. Dit is nie waar nie **en** hulle vertel dit as die waarheid. – Veelvoudige sin
7. Daardie groep mense **kan** darem baie **praat**. – Enkelvoudige sin
8. **Het** jy **gehoor** van al die probleme? – Enkelvoudige sin

Gaan nou na Aktiwiteit 1.

## Samevatting

Daar is 'n duidelike verskil tussen die saamgestelde sin en veelvoudige sin en dit is belangrik dat die verskille verstaan word.

Saamgestelde sin: Hoofsin + bysin (het meer as een gesegde)

Veelvoudige sin: **Twee of meer hoofsinne** (wat deur voegwoord saamgevoeg word).



INDIVIDUEEL

PARE

GROEP

FORMATIEWE ASSESSERING

## Aktiwiteit 1

**Kyk na die onderstaande sinne en skryf elke keer die hoofsinne neer:**

1. Donovan kyk televisie terwyl sy vrou die huis skoonmaak.
2. Ek hou nie van swem nie, daarom sal jy my nooit in die water sien nie.
3. Daar was te veel mense, daarom het ek vroeg huis toe gekom.
4. Dit was lekker toe die kinders hier was, daarom mis ek die kinders baie.
5. Iemand was vroeg by die werk en iemand se rekenaar is reeds aangeskakel.
6. Die kinders is siek, dus is hulle nie skool toe nie. (6 × 2 = 12)



# VRAE MET SPOTPRENTE EN ADVERTENSIES

Les 25

## Leeruitkomstes en Assesseringsstandaarde

**LEERUITKOMS 4**
**Taal**
*Die leerder is in staat om taalstrukture en konvensies gepas en doeltreffend te gebruik*
**ASSESSERINGSSTANDAARDE**
- Hoe om interpretasies en afleidings te maak en akkuraat en betekenisvol te gebruik

## Oorsig

In hierdie les kyk ons na verskillende spotprente en advertensies; hoe om afleidings te maak en hoe vrae en antwoorde geformuleer word.

# Lesinhoud

## Inleiding

In hierdie les gaan gekyk word na:

- Die verskillende SPOTPRENTE (Cartoons) en ADVERTENSIES deur;
- Afleidings te vorm; en
- Moontlike vrae en antwoorde te vorm.

In die meeste vraestelle wat ons skryf, sien ons dat daar vrae gestel word oor spotprentjies, strokiesprente en advertensies. Ons kan dus duidelik sien dat taal nie los staan van wat in koerante, dagblaaie of tydskrifte is nie. Deur gereeld te lees, word taalvaardighede en kommunikasievaardighede bevorder.

### Inhoud

Waarom gebruik ons spotprente en waarom is die gebruik daarvan so belangrik?

- Spotprente verskyn in daaglikse koerante
- Ons sien dit op plakkate rondom ons
- Dit brei ons kennis van die taal uit
- Dit word gebruik om ons algemene kennis uit te brei
- Dit word ook gebruik om ons taalkennis te toets.

Voorbeelde van spotprente waar **afleidings** gemaak kan word:

i) Hier kan byvoorbeeld enige afleiding van: **dood, begrafnis of begraafplaas** gemaak word.


ii) Enige afleiding wat met Kersfees of Kersvader verband hou, kan gevra word.

iii) Enige vraag wat met vrugte of aarbeie verband hou, kan hier gevra word.

Hoe die spesifieke vrae gestel word, sal later in meer *detail* verduidelik word.



### Vraagstellings by spotprentjies



DIE SAL OORWEEG 'N VERKORTE OPLEIDINGSKURSUS VIR VLIEËNIERS....

Oor bogenoemde spotprentjie kan daar byvoorbeeld heelwat vrae gestel word, bv:

1. Noem die eienaam in die eerste sin? (**Frankie**)
2. Vul in die voorsetsel: Ma staan … Pa toe hulle my rapport lees. (**langs**)
3. Skryf Frankie se woorde in die indirekte rede.

**Frankie sê dat sy Pa-hulle nie moet 'worry' nie, hy sal eendag 'n vlieënier word.**

So kan ons vrae opstel uit 'n spotprent ("*cartoon*").

### Advertensies

Op dieselfde manier kan vraagstellings by **advertensies** gestel word, bv:

Skryf 'n **sin** waarin jy mense rondom jou wil aanmoedig om meer te vlieg.

**Sinne soos: Vlieg vandag teen halfprys. Vlieg sonder vlerke.** (**of:** enige relevante sin).

Nog ’n voorbeeld van ’n advertensie:




**Vrae**:

1. Noem die **bywoord** in reël 1 van die advertensie? (1)
2. Gee die **basis** waarvan die woord medisinale afgelei is? (1)
3. Kies die regte antwoord tussen hakies:

   Die produk wat geadverteer word, hou verband met (somer, verkoue, lemoene, tee). (1)

[3]

**Antwoorde:**

1. Vinnig.
2. Medisyne.
3. Verkoue.

Kom ons kyk na die onderstaande spotprentjies/strokiesprentjies (1 en 2) en beantwoord die vrae wat volg:

(*Voorbeelde van tipe vrae in die eksamen.)*



**Strokiesprent 1:**




**Vrae oor die strokiesprent MEESTER:**

1. Gee die **meervoudsvorm** vir die woord **Meneer** in die 3de strokiesprent? (1)
2. Skryf **die sin in strokiesprent 1** in die ontkennende vorm (negatief). (1)
3. Watter tipe sin is strokiesprent 3 (vraagsin, bevelsin of stelsin)? (1)
4. Gee die trappe van vergelyking vir die woord **oud** in strokiesprent 3:

    4.1 vergrotende trap; en

    4.2 oortreffende trap (2) **[5]**

**Antwoorde:**

1. Menere.
2. Jy gaan **nie** hierdie jaar weer graad 9 druip **nie**.
3. Bevelsin

    4.1 ouer

    4.2 oudste [5 × 1 = 5]

**Strokiesprent 2:**






**Vrae:**

1. Watter **eiename** word in strokiesprent gebruik? (2)
2. Gee een woord vir: **my ma en my pa** in die derde raampie. (1)
3. Voltooi die **voorsetsels**:

    Die seuntjie sit … sy bankie en luister … sy onderwyser. (2)

4. Skryf die sin in die tweede raampie in die **indirekte rede**:

    Begin met: Meneer het gesê dat … (1) **[6]**

**Antwoorde:**

1. Neelsie, Meneer
2. Ouers
3. Die seuntjie sit **op (of in)** sy bankie en luister **na** sy onderwyser.
4. Meneer het gesê dat die gehalte van sy (**of: Neelsie se**) huiswerk baie verbeter het. [6 × 1 = 6]

*Gaan nou na Aktiwiteit 1.*

## Samevatting

Wanneer vrae oor 'n spotprentjie, strokiesprent of advertensie beantwoord moet word, kyk veral na die volgende:

- Wie is die karakters/persone?
- Waaroor gaan die prentjie?
- Wat sê hulle?
- Hoekom sê hulle so?
- Wat doen hulle en hoekom/waarom doen hulle dit?

Die belangrikste is: watter **taalvrae** sal hieruit gevra kan word?

## Aktiwiteit

LC INDIVIDUEEL

LC PARE

LC GROEP

LC FORMATIEWE ASSESSERING

Kyk na die onderstaande **4 strokiesprentjies** en beantwoord die vrae wat volg:

**Strokiesprentjie 1:**




**Vrae:**

i) Watter tipe sin is: Daar is 'n groot verbetering!

ii) Skryf die volgende sin van die seuntjie in die **indirekte rede**:

Ek het hierdie kwartaal 40% vir Wiskunde gekry! (2)



**Strokiesprentjie 2:**





**Vrae:**

iii) Haal 'n **byvoeglike naamwoord** uit reël 1 (prentjie 1) van strokiesprent 2 aan?

iv) Wat is die **verkleiningsvorm** van **Meneer**?

v) Wat is die **meervoud** van **opstel**? (3)

**Strokiesprent 3:**




**Vrae:**

vi) Verander sin 1 (van strokiesprent 3) na 'n **vraagsin**. (1)

vii) Skryf **3%** volledig in **woorde** neer. (1)

viii) Wat is die **gesegdes** in sin 2 (van raampie 3)? (3)

[**10**]



# SINONIEME, ANTONIEME, PARONIEME EN OMSKRYWINGS

Les 26

## Leeruitkomstes en Assesseringsstandaarde

**LEERUITKOMS 4**
**Taal**
*Die leerder is in staat om taalstrukture en –konvensies gepas en doeltreffend te gebruik*
**ASSESSERINGSSTANDAARDE**
- Gebruik 'n verskeidenheid sinonieme, antonieme en paronieme in 'n verskeidenheid tekste akkuraat en betekenisvol Gebruik ook een woord vir 'n omskrywing gepas en korrek

## Oorsig

In hierdie les sal sinonieme, antonieme en paronieme bespreek word. Die gebruik van **een woord vir 'n omskrywing** sal ook bespreek word.

# Lesinhoud

DVD

## Inleiding

In hierdie les gaan gekyk word na:

- Sinonieme;
- Antonieme;
- Paronieme; en
- Omskrywings.

In Graad 10 het julle reeds kennis gemaak met sinonieme en antonieme. Met julle vorige kennis in gedagte, gaan ons verduidelik wat paronieme is asook hoe om **een woord vir 'n omskrywing** te gee.

*(Kyk ook na DVD vir aanvullende verduideliking.)*

### Inhoud

### Sinonieme

Sinonieme is woorde **met min of meer dieselfde betekenis** (afhangend van die konteks waarin dit voorkom).

Voorbeelde van sinonieme:

bly – **opgewonde, opgeruimd**

bang – **bevrees, beangs, vreesbevange**

kwaad – **woedend, boos, omgekrap**

moeg – **uitgeput, tam, energieloos**

### Antonieme

Antonieme is woorde met **teenoorgestelde betekenis**.

Voorbeelde van antonieme:

opgewonde – **hartseer**

siek – **gesond**

slaap – **wakker**

stilte – **geraas**



**Paronieme**

Paronieme is woorde wat **dieselfde stam** het, bv:

bo**mens**like

on**mens**like

**mens**lik

**mens**e

**mens**

**Een woord vir 'n omskrywing**

Die **persoon wat die span afrig**, is goed.

Die **afrigter** is goed.

Ek hou van **konfyt wat van lemoene gemaak is.**

Ek hou van **lemoenkonfyt.**

**Nog voorbeelde van omskrywings vir persone.**

Iemand wat insekte bestudeer =

**entomoloog**

Iemand wat voëls bestudeer =

**ornitoloog**

Iemand wat aardrykskunde bestudeer =

**geoloog**

**Omskrywings van plekke,bv.**

'n Plek waar waterdiere aangehou word

**Akwarium**

'n Plek waar sterre bestudeer word

**Observatorium**

'n Plek waar 'n kunstenaar werk

**ateljee**

*(Volg die DVD oor die gebruik of naslaan van woorde in 'n woordeboek.)*

*Gaan nou na Aktiwiteit 1.*



## Samevatting

Dit is belangrik dat die verskille tussen **sinonieme, antonieme en paronieme** verstaan word. Deur gereeld te lees, sal julle sien hoe **een woord** in plaas van 'n hele omskrywing deur die meeste skrywers gebruik word.

Onthou: 'n Woordeboek is iets waarop jy kan staatmaak as jy onseker is oor die spelling van 'n woord; ook om sinonieme vir woorde op te soek.

## Aktiwiteit 1

INDIVIDUEEL
PARE
GROEP
FORMATIEWE ASSESSERING

1. Lees die onderstaande paragraaf en skryf neer ’n **sinoniem** vir elk van die onderstreepte woorde:

   Weens ’n haelstorm, is baie mense se dakke van hul (1.1) **huise** afgewaai. Van die mense het (1.2)
   **enorme** skade gelei. Baie kinders het verkluim as gevolg van die koue weer. ’n Weldoener het die gemeenskap (1.3) **finansieel** gehelp om hul huise weer te (1.4) **restoureer**. [4]

2. Skryf **antonieme** vir elk van die onderstreepte woorde neer:

   Skaam vir jou eie naam?

   “Die was algemene praktyk deur rolprenthuise om aan akteurs en aktrises ’n naam te gee wat hul status sou verhoog en **(2.1) maksimum** impak op die teiken-gehoor kry. ’n Uitstaande en **(2.2 ongewone** naam het hulle onmiddellik geïdentifiseer as iets om na te streef. **(2.3) Deesdae** het die optreders gewoonlik ’n **(2.4) groter** sê en kan hulle dus daarin deelneem om hul eie name te kies,” sê Dannerup. [4]

   (Uit: http://152.111.1.251/argief/berigte/beeld/2007/03/06/B1/14/06Naam.html)

3. Skryf neer die **stam** waarvan die onderstreepte woorde afgelei is:

   Skaam vir jou eie naam?

   Dit blyk egter dat daar nóg meer agter die gebruik van (3.1) **verhoog**name sit as slegs (3.2) **bemarking** en dat dit lekker op die tong val. Abie Strydom, beter bekend as Abel Kraamsaal, sê sý naam het ’n tweeledig doel. “Die Kraamsaal-gedeelte het ’n dieper betekenis. Dis simbolies van die (3.3) **geboorte**plek van my *songs*. Dit behoort mense ook ’n aanduiding te gee dat ek nie plat musiek maak nie, maar iets met *substance*,” verduidelik hy. [3]

   (Uit: http://152.111.1.251/argief/berigte/beeld/2007/03/06/B1/14/06Naam.html)

4. Gee een word vir die onderstaande omskrywings:

   Die kleintjies van die (4.1) **wat in die skool vir kleinerige kinders is**, gaan volgende week op ’n uitstappie na die (4.2) **tuin waar diere aangehou word**. Hulle is baie opgewonde daaroor. Hulle juffrou het gesê dat hulle moet soet wees en die kinders wat (4.3) **nie gehoorsaam is nie**, gaan by die skool bly. [3]



Les 27

# POLISEMIE, HOMONIEME EN HOMOFONE

## Leeruitkomstes en Assesseringsstandaarde

**LEERUITKOMS 4**
**Taal**
*Die leerder is in staat om taalstrukture en –konvensies gepas en doeltreffend te gebruik*
**ASSESSERINGSSTANDAARDE**
- Identifiseer en gebruik poliseme, homonieme en homofone in 'n verskeidenheid tekste akkuraat en betekenisvol

## Oorsig

In hierdie les word poliseme, homonieme en homofone bespreek.

LC DVD

# Lesinhoud

## Inleiding

In hierdie les gaan gekyk word na:

- Polisemie;
- Homonieme; en
- Homofone.

Dit gebeur soms dat aanleerders van Afrikaans verwar word met woorde in Afrikaans wat meer as een betekenis of verskillende betekenisonderskeidings het. Ter verduideliking sal die begrippe: **polisemie, homonieme** en **homofone** vervolgens verduidelik word.

*(Sien ook inleiding op DVD as aanvulling.)*

**Inhoud**

**Polisemie**

Wanneer **een word meer as een betekenisonderskeiding het**, bv. die woord **man**

Die **man** vang 'n vis. (**'n manspersoon**)

Haar **man** sny die gras. (**eggenoot**)

Hy veg soos 'n **man**. (**manlik en dapper**)

**Nog 'n voorbeeld:** met die woord **loop**

Die motor **loop** lekker. (**ry**)

Hy **loop** in die reën. (**stap**)

Die water **loop** alles uit. (**lek**)



**Homonieme**

Verskillende woorde wat **dieselfde gespel word**, dieselfde uitgespreek word **maar verskil in betekenis**, bv:

Daar is baie geld in die **bank**. (finansiële instelling waar jy geld onttrek)

Sy sit op die **bank**. (bank waarop mens sit)

Ander voorbeelde: **leer**

leer (**om te studeer**)

leer (**die baadjie is van egte leermateriaal gemaak**)

leer (**gebruik die leer om bo-op die dak te kom**)

as (**wanneer**)

as (**tussen wiele**)

as (**verbrande hout**)

**Homofone**

Verskillende woorde wat **verskillend gespel word**, **dieselfde klink maar verskillende betekenisse** het, bv:

Sy staan in die **reën**.

Die hondjie is ’n **reun**.

**Ander voorbeelde:**

**hael × haal;**

**boud × bout;**

**fier × vier;**

**peil × pyl**

*Kom ons kyk nou saam na die volgende aktiwiteit- as voorbeeld.*

Homonieme

Gebruik die woord **pos** in twee aparte sinne sodat die verskil in betekenis duidelik uitgewys kan word.

Die man het uit sy **pos** bedank omdat hy ongelukkig was. (werk)

Die bode lewer die **pos** af. (posbode/posman)

Homofone

Gebruik die woorde **ys** en **eis** in twee aparte sinne sodat die verskil in betekenis duidelik uitgewys kan word:

Die **eis** vir die werk wat ek gedoen het, moet nog uitbetaal word.

Die **ys** smelt baie vinnig omdat dit warm is.

Polisemie

Die woord **vangs** kan verskillende betekenisonderskeidings hê. Gee **twee voorbeelde** waar dit verskillende betekenisonderskeidings het.

Die man het met ’n goeie **vangs** van die see af huis toe gekom. (**vis**)

Hierdie **vangs** moet ek nie misloop nie, want hulle sal nie volgende week dieselfde winskoop hê nie. (**uitverkoping**)

Dit was nou ’n goeie **vangs** by die atletiek. (**wenners aangewys**)

*Gaan nou na Aktiwiteit 1.*



## Samevatting

Die verskil tussen **polisemie, homonieme** en **homofone** moet verstaan word. Sinne met die spesifieke woorde moet geskryf word om die verskil in betekenis (homonieme en homofone) of die verskil in betekenisonderskeiding (poliseme) uit te wys.

INDIVIDUEEL

PARE

GROEP

FORMATIEWE ASSESSERING

## Aktiwiteit 1

1. **Homonieme:** Gebruik die woord **vat** in twee aparte sinne om die verskil in betekenis aan te dui. (2)
2. **Homofone:** Gebruik die woorde **vier** en **vuur** in twee aparte sinne sodat die verskil in betekenis duidelik uitgewys kan word. (2)
3. **Polisemie**: Gebruik die woord **vrou** in twee aparte sinne om die verskil in betekenis te gee. (2)

[**6**]



# BEELDSPRAAK

Les 28

## Leeruitkomstes en Assesseringstandaarde

**LEERUITKOMS 4**
**Taal**
*Die leerder is in staat om te kan lees met begrip, om krities te evalueer en om op ’n wye verskeidenheid tekste reaksie te lewer*
**ASSESSERINGSSTANDAARDE**
- Identifiseer en gebruik retoriese middels gepas in ’n verskeidenheid tekste

## Oorsig

Ons gaan kyk na wat bedoel word met beeldspraak asook na verskillende voorbeelde van beeldspraak.

# Lesinhoud

## Inleiding

In hierdie les gaan ons die volgende dek:

- Wat is beeldspraak (stylmiddels)?
- Voorbeelde van beeldspraak

*(Sien ook meer oor die inleiding in DVD.)*

Wat is beeldspraak? Beeldspraak is **figuurlike** taalgebruik. Aan die hand van voorbeelde sal beeldspraak verduidelik word.

**Inhoud**

**Beeldspraak/stylmiddels/stylfigure**

(Onthou om elke keer aantekeninge vir jouself te maak tydens DVD verduideliking).

**Vergelyking**

By ’n vergelyking word twee dinge met mekaar vergelyk. Die een word gelyk gestel aan die ander en woorde wat hiermee geassosieer word is: **soos, nes, net soos**.

Uittreksel uit ’n gedig**:**

***SLAAP – DF Malherbe***

**Wat is die slaap ’n wondersoete ding!**

**Sag op haar blou oë daal die vaak**

**soos maneskyn diep waterkuile raak**

**om daar te droom in silwer skemering**



Uit bogenoemde gedig word **haar blou oë vergelyk met maneskyn wat diep waterkuile raak.**

Twee dinge word met mekaar vergelyk.

**Metafoor**

’n Metafoor is ’n beknopte vergelyking, m.a.w. die woorde **soos, nes en net soos val weg en word nie hier gebruik nie, bv:**

***SLAAP – DF Malherbe***

**Wat is die slaap ’n wondersoete ding!**

**Sag op haar blou oë daal die vaak**

**soos maneskyn diep waterkuile raak**

**om daar te droom in silwer skemering**

Hier kon ons byvoorbeeld genoem het: die slaap is soos ’n wondersoete ding. Nee, die vergelykende deel val weg en daar word net gesê: **die slaap is ’n wondersoete ding.**

’n Metafoor is dus in der waarheid ’n **beknopte vergelyking**.

**Personifikasie**

Dit is wanneer ons **menslike eienskappe** gee aan **lewelose (nie-menslike) dinge**, bv:

**Die son loer oor die bult,**

**Die wind fluit om die hoek.**

Kyk ook na die volgende voorbeeld uit nog ’n gedig:

**RIETFONTEIN**

**Wit is die water**

**En blond is die maan**

**En bly is die paar**

**Wat gearm daar gaan,**

**Versilwerde bome**

**Ruis in die laan**

**Wit is die water**

**En blond is die maan**

Die maan kan nie **blond** wees nie, want blond is ’n menslike eienskap. Die digter het dus ’n menslike eienskap (blond) aan die maan (**wat leweloos is**) gegee.

**Inversie**

Inversie beteken omgekeerde woordorde met ander woorde wanneer die sin nie op die normale manier (onderwerp + gesegde + voorwerp) geskryf is nie.

Kyk na die onderstaande voorbeeld en vergelyk die sinne:



**O koud is die windjie**
**en skraal**
**En blink in die dof-lig**
**en kaal,**
**so wyd as die Heer se genade,**
**lê die veld in sterlig en skade.**
Uit: ***Winternag – Eugene Marais***

Kyk na die volgende volgende voorbeelde van :

- Vergelykings;
- Metafore;
- Personifikasie; of
- Inversie.

"So wyd as die Heer se genade, lê die veld in sterlig en skade" **Vergelyking**

Die natuur hou sy asem op. **Personifikasie**

Die man is 'n regte duiwel. **Metafoor**

"My lewe is doelloos, soos 'n graf of 'n gat in die lug." **Vergelyking**

Die dag sterf 'n stadige dood. **Personifikasie**

Nee, bang sal ek nie wees nie! **Inversie**

Haar lippe is so rooi soos 'n posbus. **Vergelyking**

Jy is 'n engel! **Metafoor**

Ons liefde het gesterf. **Personifikasie**

Jou woorde is soos musiek in my ore. **Vergelyking**

*Gaan nou na Aktiwiteit 1.*

## Samevatting

Beeldspraak is nie net beperk tot poësie nie, maar dit kan ook in taalkunde of letterkunde gebruik word. Heel dikwels gebruik mense wat advertensies skryf dit ook om 'n sekere gevoelswaarde oor te dra.



INDIVIDUEEL

PARE

GROEP

FORMATIEWE ASSESSERING

## Aktiwiteit 1

**Lees die onderstaande gedigte en beantwoord die vrae wat volg:**

Uit: ***Tram-ode – Uys Krige***

En ek wil sien
juis hoe
huppel die blou heuwels

Uit: ***Kaapse Sonette – Oor Monumente gepraat – Peter Blum***

Hier het ons stetjoes, elkeen soos 'n mens
ou Afduim-Murray, Hofmeyr met sy pens;
hier's Jan van Riebeeck, bakgat aangetrek

Uit***: Oorlewendes – Peter Blum***

En ons? Ook in ons word iets weggespoel
hoeveel? Hoe waardevol? Ek kan nie sê nie.
Ons voel net ons egtheid gaan verlore.

Uit: ***Hooglied vir die oorlewende – Elizabeth Eybers***

**In die neutetuin blom die granaat,**

**Die suurlemoene in die groen word lig,**

Haal 'n voorbeeld van elk van die volgende uit die bostaaande gedigte aan:

1.1 Vergelyking

1.2 Metafoor

1.3 Personifikasie

1.4 Inversie



# IDIOMATIESE TAALGEBRUIK

Les 29

## Leeruitkomstes en Assesseringsstandaarde

**LEERUITKOMS 4**
**Taal**
*Die leerder is in staat om taalstrukture en –konvensies gepas en doeltreffend te gebruik*
**ASSESSERINGSSTANDAARDE**
- Gebruik figuurlike taal soos idiomatiese uitdrukkings en spreekwoorde gepas en binne konteks

## Oorsig

In hierdie les word gekyk na die gebruik van idiome en uitdrukkings. Hier word spesifiek gekyk na die oorsprong van idiome.

# Lesinhoud

DVD

## Inleiding

In hierdie les gaan ons kyk na:

- Wat is idiomatiese taalgebruik?
- Waar kom dit vandaan?

Idiome en uitdrukkings het ’n geskiedenis en dit is hoofsaaklik gebruik om die werklikheid te verdoesel (“*camouflage*”). Alhoewel daar ’n duidelike boodskap binne elke idioom is.

*(Kyk ook na verduideliking op DVD.)*

### Inhoud

Kyk na die onderstaande idiome en kyk of jy weet wat elkeen beteken.

**Voor op die wa wees.**

**Om voorbarig of vrypostig te wees.**

In die ou dae moes kinders gesien en nie gehoor word nie. Hulle moes agter op die wa ry terwyl net sekere mense voor in die wa kon ry.

**Nog voorbeelde:**

**Hy is ’n barmhartige Samaritaan.**

**Hy is hulpvaardig.**

- In die Bybel word verwys na die barmhartige Samiritaan en daarom het die idioom ontstaan, a.g.v. die Bybelse verbintenis/assosiasie.



**Hy het ’n klap van die windmeul weg.**

**Hy is nie reg wys nie. /Hy is nie 100% by sy volle verstand nie./Daar is ’n paar skroewe los.**

Ken julle die verhaal van Don Quixotte wat die windmeulens gejaag het? Gaan lees dit gerus dan sal jy verstaan waar hierdie idioom vandaan kom.

**Hy is met die maan gepla.**

**Hy is nie reg wys nie. /Hy is nie 100% by sy volle verstand nie.**

Baie mense het destyds geglo dat as iemand hul gesig na die maan toe draai, hulle hul verstand sou verloor.

**Hy lieg soos 'n tandetrekker.**

**Hy jok verskriklik baie./ Hy kan verskriklik baie leuens vertel.**

**Hy soek na 'n naald in 'n hooimied.**

**Hy probeer die onmoontlike doen.**

Dis mos moeilik om 'n naald te soek, veral in 'n hooimied.

**Kom ons kyk ook na die volgende idiome en uitdrukkings en ons kyk of ons die betekenis kan opsoek in woordeboeke.**

*(Die DVD se verduidelikings sal ook help.)*

**Agteros kom ook in die kraal.**
**Die stadige werker sal ook klaar kry met sy/haar werk.**

**Die aap uit die mou laat.**
**Die geheim verklap.**

So kan elk van hierdie idiome of uitdrukkings in die woordeboek nageslaan word, asook die betekenis daarvan.

*Gaan nou na Aktiwiteit 1.*

## Samevatting

Idiome is uitdrukkings wat meestal met afleidings of assosiasies gepaard gaan. Daar moet dus na 'n dieper betekenis in 'n idioom of uitdrukking gesoek word.

## Aktiwiteit 1

INDIVIDUEEL

PARE

GROEP

FORMATIEWE ASSESSERING

1. Wat beteken staan die volgende idiome? Maak gebruik van 'n woordeboek om jou te help.
   a) Hy probeer yster met sy hande breek.
   b) Soos David en Jonathan wees.
   c) Vir iemand 'n klip uit die pad rol.
   d) Sy jas is in die wiel.
   e) Die aap is uit die mou.
   f) Sy doppie het geklap.



# LEENWOORDE

Les 30

## Leeruitkomstes en Assesseringsstandaarde

**LEERUITKOMS 4**
**Taal**
*Die leerder is in staat om taalstrukture en –konvensies gepas en doeltreffend te gebruik*
**ASSESSERINGSSTANDAARDE**
- Identifiseer en verduidelik hoe spesifieke woorde vanuit ander tale vir Afrikaans 'geleen' was Daar moet ook kennis wees oor hoe om die woorde gepas te gebruik

## Oorsig

Leenwoorde is woorde wat Afrikaans vanaf ander tale 'geleen' het en wat tot vandag toe in die Afrikaanse taal gebruik word.

# Lesinhoud

## Inleiding

In hierdie les gaan ons kyk na:

- Wat is leenwoorde?
- Uit watter tale het Afrikaans woorde ontleen?

### Inhoud

### Leenwoorde

Dit is woorde wat een taal by 'n ander ontleen het.

Verskillende tale ontleen woorde van mekaar.

Afrikaans het woorde van Engels ontleen en Engels het sekere woorde van Afrikaans ontleen.

**Kom ons kyk na die onderstaande voorbeelde waar woorde van ander tale vir Afrikaans 'geleen' is.**

Voorbeelde van woorde wat van Engels ontleen is:

Krieket
Rugby
Sokker

Voorbeelde van woorde wat uit Italiaans ontleen is"

Macaroni
Spaghetti
Ravioli

Voorbeelde van woorde wat uit Spaans ontleen is:

Sjerrie
Tornado
Kitaar
Kastanjette
Sigaar
Kafeteria

Woorde wat ons uit Maleis-Portugees ontleen het:



Atjar
Basaar
Kerrie
Bobotie
Piering
Baie
Borrie

2.5 Voorbeelde van woorde wat uit Khoi ontleen is:
Kwagga
Karos
Geitjie
Kierie
Abba

2.6 Voorbeelde van woorde wat uit Afrikatale ontleen is:
Mamba
Indaba
Impie
Kaia
Labola
Dagha
Donga

Volg nou die verduideliking op die DVD oor jou die naslaan van leenwoorde uit die woordeboek. Leerders moet probeer notas neem.

*Gaan nou na Aktiwiteit 1.*

## Samevatting

Dit is belangrik dat die betekenis van hierdie woorde verstaan moet word sodat dit in die regte konteks gebruik kan word.

## Aktiwiteit 1

INDIVIDUEEL
PARE
GROEP

In die onderstaande paragraaf is **vyf leenwoorde** wat vanuit ander tale ontleen is. Skryf hierdie vyf woorde onder mekaar neer en dui aan van watter taal elkeen ontleen is.

Ons het gaan pizza eet by ’n Italiaanse restaurant. Daar was baie bottels met blatjang op die tafels. Na ete het ek rustig eenkant gaan sit om my koerant te lees. Ek het ’n interessante artikel gelees oor die impala.

(5 × 1 = 5)

# ANTWOORDE EN ASSESSERING

## Les 1

### Aktiwiteit 1

Leerders moet nou die storie in hul eie woorde vertel maar hulle moet seker maak dat die boodskap nie verdraai word nie. (Kan in groepe of individueel geassesseer word).

### Aktiwiteit 2

1.1 Die danskompetisie/ Hiphop-danser/Strictly come dancing (of enige ander gepaste opskrif).

1.2 Die afkorting staan vir *HIP HOP PANTSULA* (of enige gepaste volsin).

1.3 HHP (Jabulani Tsambo) en Hayley Bennet.

1.4 Cha-cha, rumba, samba en tango (enige twee aanvaarbaar).

1.5 R20 000 elk

1.6 23 jr oud

1.7 Iemand wat nie maklik glo nie.

1.8 Onwaar, hy het twee kleregroottes gekrimp, nie twee kilogram nie.

1.9 Tussen 5 en 10 uur per dag.

1.10 Grasieus

1.11 Universiteitsklere

1.12 "Ons het oefeninge gedoen wat HHP laat sweet het, maar steeds pret was."

### Aktiwiteit 3

1. Om meer geld uit te deel, kan mens se beursie nogal seermaak.
2. Die fluid rekening is spesiaal ontwerp vir tieners.
3. Die rekening bied 20% afslag op fliekkaartjies, 15% af op musiek-CDs, 10% af op enige voorafbepaalde selfoonlugtyd, geen maandelikse bestuursfooie word gehef nie, geen minimum saldo word vereis nie, twee gratis debiettransaksies is ingesluit en hulle verdien rente om hul spaargeld aan te vul. (Enige twee)
4. Hierdie rekening is spesiaal ontwerp vir tieners tussen die ouderdomme 13 en 18 jaar.
5. flieks, CDs en die jongste modes
6. R5 000
7. rente te verdien as jy jou spaargeld aanvul
8. 1 November 2008

# Les 2

## Aktiwiteit 1 (Betekenis)

1. belhamel – leier van groep kwaaddoeners

   kattekwaad – ondeunde dade/ besig met verkeerde dade

   poetsbakkery – iemand 'n streep trek/iemand om die bos lei/iemand vir die gek hou

   bakvissies – tieners wat dink hulle is groot, is eintlik maar nog bakvissies

   tegnologiese – alles met tegniese/elektroniese werke

   wetenskaplike – alles wat met die wetenskap te doen het (6)

## Aktiwiteit 2 (Klem/aksent en vertalings)

1. **ab**soluut

   **at**mosfeer

   **te**lefoon

   ka**ta**logus

   **al**fabeties

   **no**tule ook no**tule** (6)

2. Punt as die onderstreepte deel korrek is.

   2.1 Hoe laat is dit? (2)

   2.2 Millie, is jy klaar met jou huiswerk? (2)

   2.3 Hoe gaan dit met die familie? (2)

   2.4 Praat jy Afrikaans? (2)

# Les 3

## Aktiwiteit 1

1. Die onderwyser werk baie hard om die stoute kinders te laat slaag.
2. Hy wil hê die kinders moet Afrikaans lees.
3. Hy het heelwat boeke in sy klaskamer vir leerders om te lees, maar hulle lees dit nie en blaai net deur die boeke.
4. Verlede jaar het hy 'n matrikulant met Afrikaans gehelp en die matrikulant het Afrikaans met lof geslaag.
5. Dit is een van die min matrikulante wat die onderwyser bedank het.
6. Die leerder is nou 'n student aan 'n Universiteit wat medies aanbied.
7. Dis jammer dat baie matrikulante deesdae net by die huis sit.
8. Deesdae is daar baie werksplekke wat potensiële werkers soek.
9. Baie leerders moet ook peuselwerk soek- al is dit net liasseerwerk vir 'n week.
10. Dis nie baie verantwoordelik om ledig te wees nie. (woorde 137)



## Aktiwiteit 2

Iemand wat ’n tweede taal aanleer, moet baie lees omdat dit hulle sal help om die taal te praat. Skoolverlaters en die mense wat reeds werk, sal weet hoe belangrik dit is om met kollegas te praat. Sukses het te doen met hoe baie jy die taal buite die klaskamer gepraat het. Jy moet dus tydens ontspanning ook die taal praat en nie net in die klaskamer nie. Luister ook gereeld na die radio wanneer jy ’n tweede taal aanleer. (80 woorde)

# Les 4

huis toe

skoolvakansie

hemelsbreed

laerskool [altyd een woord!]

agtuur

op pad

ses ure

Laasnag

Tienrand note

roomys

# Les 5

beïndruk

appèl

lêer

R5-muntstuk

toe-eien (5)

# Les 6

## Aktiwiteit 1

By die uitverkoping was daar heelwat groente wat gekoop kon word: aartappels, skorsies, patats, pampoene en blomkool. Ek het vir Luke gevra: “Waarom is jy so stil vandag?”

Ek kon ongelukkig nie saamgaan nie; ek het te veel werk gehad. Sy het die vorige dag haar toon gestamp, maar het toe vir niemand gesê nie en daarom is haar toon vandag so opgeswel. “Eina!” het sy geskreeu.



## Aktiwiteit 2

Tatiana vra: “Richard, voel jy al beter?”

2.2 Foschini het gister nuwe voorraad ingekry en van die nuwe items was: rokke, serpe, langbroekpakkies, japonne en pragtige skoene.

2.3 “Sjoe! Dis darem baie warm vandag,” het Henry uitgeroep.

2.4 Dié seuns is gereeld laat; inteendeel, is hulle suster altyd betyds.

2.5 Het die skoolhoof al die kind se ouers in kennis gestel dat sy die prys gewen het?

(10x1=10)

[Twee aanhalingstekens tel as 1-punt]

## Les 7

Die hondjie **snuffel** aan elke skoen voor hom.

Sy **waardeer** haar ouers se opvoeding.

Hulle **beroof** hom van sy mielies.

Die kind **bibber** in die koue water.

Die **hempsmou** was baie vuil.

Hulle **beoordeel** môre se kompetisie.

Sy het laas jaar uit haar pos **bedank**.

Hulle **verhuis** volgende jaar na Kaapstad. (8)

As deel van jou assessering is dit belangrik om te onthou dat dit nie net daaroor gaan dat jy die reëls oor woordvorming onthou nie. Wat belangriker is, is dat jy dit moet verstaan en die reël kan toepas om self nuwe woorde te vorm.

## Les 8

### Aktiwiteit 1

1. rolstoele, woonstelle, besoeke (3)
2. Lena, Mosselbaai, Brinkhuis, Kaapstad, Desember (enige 3)
3. bibliotekaresse, skoonseun (2)
4. woonstelletjie, besoekie (2)

[10]

### Aktiwiteit 2

2.1 Leonardo da Vinci, Mona Lisa, Louvre (enige twee) (2)

2.2 filistyne (1)

2.3 langste (1)

2.4 dametjie (1)

[5]



## Les 9

### Aktiwiteit 1

1. min**ste**
2. a) **bloed**jonk b) **meer** professioneel, **mees** professioneel
   c) jong**er**, jong**ste**
3. a) hoër, hoogste b) potblou
   c) popmooi [10]

## Aktiwiteit 2

**kou**d, **siekt**e, i**rriterend,** a**semhaling, hoë** (15)

# Les 10

1. Die vrou doen naaldwerk en werk vir (haar/**haarself**/hare). Die geld wat sy kry is dus (**haar**/hare) eie geld. Haar man het vir hom 'n sonbril gekoop en die sonbril is dus (hom s'n/hy s'n/**syne**). Hy was so nalatig en het (**dit**/hom/haar) op die boekrak in die boekwinkel vergeet.
2. Die meisie vra: "Het iemand die pen gesien **waarmee** ek geskryf het?" Sy maak elke dag na skool vir **haarself** kos want **haar** ma werk laat. Daarna gaan speel sy saam met **haar** beste vriendinne.
3. Gift en sy vriend was gister fliek toe maar **hulle** het vergeet om vir **hulle /hul** ouers te sê. Kinders moet altyd vir **hul** ouers laat weet waarheen hulle gaan.

# Les 11

1. Wat is die **geskatte** waarde vir al die koring?
2. Die seuntjie speel lekker met die **ingerygde** krale wat sy suster vir hom gemaak het.
3. Die man lees baie en daarom is hy 'n **belese** man.
4. Is u al **gehelp,** mevrou?
5. My jas is nêrens **te vinde** nie en nou weet ek nie wat om **te doen** nie. Nou hoef ek nie meer **te gaan** nie. (8)

# Les 12

1. a) aandagtig b) onverwags
   c) suidwaarts d) onophoudelik
   e) voorwaardelik f) onvoorwaardelik
2. a) geweldig b) onbedaarlik
   c) onskuldig d) eenparig (10 × 1)

# Les 13



1. Sy sal saamgaan *indien sy haar werk klaar gemaak het.* (indien)

   Die leerders vorder fluks *al het hulle steeds 'n agterstand.* (al)

   Hy bly tuis *alhoewel hy nie alleen wou tuis wees nie*. (alhoewel)

   Sy is ongelukkig want *haar suster het met haar geraas*. (want)
2. Enige **relevante sin wat korrek gebruik word** by onderstaande sinne.

   Sy is fiks *omdat* sy gereeld oefen.

   Hy studeer hard *sodat* hy kan slaag.

   Rachel en Sheila is altwee baie goed in sport; *inteendeel,* is beide swak in hul skoolwerk.
3. Sy hardloop vinnig, **want** *sy oefen gereeld.*

Ons het nie die wedstryd gewen nie, **aangesien** *al ons atlete nie deelgeneem het nie*. Ons span was beter, **tog** het hulle ons gewen. (10)

## Les 14

### Aktiwiteit 1

a) Gits
b) Gmf!
c) Bravo!
d) Aitsa!
e) Sie!

### Aktiwiteit 2

**Die** man wat gister hier was, is seker reeds weg Kaapstad toe. Hy het sowaar sy tas hier vergeet en ons kon **die** man nêrens weer opspoor nie. **'n** Boodskap is ook gistermiddag na **die** hotelkamer gestuur waar hy bly, maar hy het steeds nie sy tas kom afhaal nie. Dit is nogal jammer dat **'n** mens hom nie kon opspoor nie.

## Les 15

### Aktiwiteit 1 (Voorsetsels)

1. Vul die ontbrekende voorsetsels in die onderstaande leesstuk in:

   Linda het **uit** haar betrekking bedank. Sy is nou 'n huisvrou en sien om na haar gesin. Hulle kom sit elke dag **aan** vir 'n volle maaltyd en geniet dit **om** haar by die huis te hê

   Haar kinders verkies gekookte kos **bo** ligte maaltye. Hulle besef nie hoe gelukkig hulle is om haar **by** die huis te hê nie. (5)

2. Kies die regte voorsetsel tussen hakies:

   a) As jy iemand **met** raad bedien, moet jy seker wees van jou saak.

   b) Ek kan hom **sonder** twyfel aanbeveel vir die werk, want hy is 'n harde werker.

   c) Ek sal dit **onder** geen omstandighede sê nie.

   d) Die eerlike man staan **onder** verdenking, omdat hulle dink hy is skuldig.

   e) Ons verwag die dokumente **binne** die volgende paar dae. (5)

### Aktiwiteit 2 (Telwoorde)

Kies die mees gepaste telwoord tussen hakies:

a) Die **voorste** boompies is maar nog klein omdat ons hulle laaste geplant het, teenoor die *agterste boompies* wat *eerste geplant* was.

b) Ons het maar **weinig** sukses gehad met die *groot skade* wat deur die hael aangerig is.

c) Hulle het <u>stadig gery</u> en het maar nog **min** kilometers afgelê.

d) **Al** *my kinders* het by die huis gebly omdat hulle net die kinders ouer as twaalf toegelaat het.

e) Jy moet **beide** saambring omdat *altwee* so oulik is. (5)

[5 × 3 = 15]



## Les 16

1. Die man draf elke oggend vinnig om hom voor te berei vir die atletiekbyeenkoms.
2. Die man werk elke dag baie hard om te presteer.
3. Hulle vertrek eerskomende Maandag Kaapstad toe om te gaan werk.
4. Dit kos deesdae baie geld om fliek toe te gaan.
5. Die kinders antwoord vandag se vrae baie maklik terug.

## Les 17

1. Rachel *doen* haar werk baie getrou. – **Teenwoordige tyd**
2. Deliah *was* gister in die winkel en het heelwat aankope gedoen. – **Verlede tyd**
3. Lydia *sal* môre laat weet of sy nog saamgaan. – **Toekomende tyd**
4. Baie mense verstaan nie altyd waarom die digter se skryfstyl so is nie. – **Teenwoordige tyd**
5. Amper al haar vriendinne *het* haar teleurgestel met die partytjie. – **Verlede tyd**
6. Wie *was* eerste by die skool, was dit Nancy of Ian? – **Verlede tyd**
7. Niemand *het* weer oor daardie dag gepraat nie. – **Verlede tyd**
8. Die mense *is* darem baie ongasvry om nie eers koffie aan te bied nie. – **Teenwoordige tyd**
9. Waarom *was* julle nie by die partytjie nie? – **Verlede tyd**
10. Julle *sal* seker wel volgende week se partytjie bywoon, nè? – **Toekomende tyd**

(10 × 1 = 10)

## Les 18

1. Lauret het gesê *dat* sy *toe* moeg gesukkel is.
2. Die verpleegster vra *of* dit *daardie* arm is wat seer is.
3. Morne sê *dat* dit elke keer reën as *hulle* moet weggaan.
4. Haar ma vra *of hulle* weer *daardie aand* laat gaan inkom.
5. Mamma het gesê sy weet *dat* die koekies in *daardie* kas was.

(5 × 2 = 10)



## Les 19

1. ’n Interessante boek **word deur** die meisie *gelees*.
2. Die bok **sal deur** Sandra *geskiet word*.
3. Hul ouers se skoene **word deur** die kinders *skoongemaak.*
4. Die klein kindertjies **sal deur** my ma *beskerm word*.
5. Die brief **is deur** die baba *oopgeskeur*.

(5 × 2 = 10)

## Les 20

1. Kom hier! – **Bevelsin/Uitroepsin**
2. Julle is vandag besonders stout. – **Stelsin**
3. Ek hou glad nie van haar houding nie. – **Stelsin**
4. Wanneer sal julle terug wees? – **Vraagsin**
5. Gmf, julle dink seker ek sal opstaan vir die kinders! – Bevelsin/**Uitroepsin**
6. Hoekom is die kinders so lui vir skool? – **Vraagsin**
7. Hoera, dis my verjaarsdag vandag! – Bevelsin**/Uitroepsin**
8. Ek dink dit is goeie maniere om altyd beleefd te groet. – **Stelsin**
9. Ag nee, julle is nie eers skaam om sulke leuens te vertel nie! – **Bevelsin/ Uitroepsin**
10. Watter kleur skoene gaan jy by hierdie rooi rok dra? – **Vraagsin** (10 × 1 = 10)

## Les 21

1. a) Julle is altyd so roekeloos.
   b) Hulle gaan regtig volgende week Namibië toe.
   c) Jy wonders soms wat alles gebeur het.
2. a) Julle is besonder stil vanoggend.
   b) Dit is glad vreemd om jou sonder skoene te sien.
   c) Gits, ek het nog nooit so daaraan gedink nie.
3. a) Is dit nie altyd lekker om die enigste kind te wees nie?
   b) Gee jou ouers gans te veel om vir jou?
   c) Moet mense leer om mekaar te respekteer?
   d) Is sy suster soms te streng met hom? (10×1=10)



## Les 22

1. Sal jy **nooit** klaar kry met die werk **nie**?
2. Het jy **nog nooit** van so iets gehoor **nie**?
3. Gister was die twee masjiene **nie** buite werking **nie**.
4. **Nee**, Liezel sal **nie** die atletiek bywoon **nie**?/Liezel sal **nie** die atletiek bywoon **nie**.

5. Ek lag **nie**.
6. **Nog** Lyrice, **nog** Dine sal laat opdaag.
7. My suster was **nog nie** daar toe ek daar aankom **nie**.
8. **Moenie** harder sing **nie**! (8 × 2 = 16)

## Les 23

1. My ma **is** baie **siek**. – E (is siek – een gesegde)
2. My ma **is** vanoggend in die hospitaal **opgeneem**.- E
   (is opgeneem- een gesegde)
3. Die verpleegster wat na my ma **omsien**, **is** baie **vriendelik**. – S
   (omsien + is vriendelik – twee gesegdes)
4. Ek **wens** dat alle verpleegpersoneel so vriendelik **kan wees**. – S
   (wens + kan wees – twee gesegdes)
5. Julle **moet** volgende week by my kom **eet**. – E
   (moet eet – een gesegde)
6. Dit **is** nie lekker om saans alleen te **sit** en **eet** nie. – S
   (is+sit+eet – 3 gesegdes)
7. Sodra my ma **gesond is**, **wil** ek haar **uitneem** om by haar suster te gaan **kuier**. S
   (is+wil uitneem+kuier- 3 gesegdes)
8. Ek **sukkel** deesdae baie met my motor. –E (sukkel – een gesegde) (8 × 1 = 8)

## Les 24

1. Donovan kyk televisie terwyl sy vrou die huis skoonmaak.
   **Hoofsin 1**: Donovan kyk televisie.
   **Hoofsin 2**: Sy vrou maak die huis skoon.
2. Ek hou nie van swem nie, daarom sal jy my nooit in die water sien nie.
   **Hoofsin 1**: Ek hou nie van swem nie.
   **Hoofsin 2**: Jy sal my nooit in die water sien nie.
3. Daar was te veel mense, daarom het ek vroeg huis toe gekom.
   **Hoofsin 1**: Daar was te veel mense.
   **Hoofsin 2**: Ek het vroeg huis toe gekom.
4. Dit was lekker toe die kinders hier was, daarom mis ek die kinders baie.
   **Hoofsin 1**: Dit was lekker toe die kinders hier was.
   **Hoofsin 2**: Ek mis die kinders baie.
5. Iemand was vroeg by die werk en iemand se rekenaar is reeds aangeskakel.
   **Hoofsin 1**: Iemand was vroeg by die werk.
   **Hoofsin 2**: Iemand se rekenaar is reeds aangeskakel.
6. Van die kinders is siek, dus is hulle nie skool toe nie.



**Hoofsin 1**: Die kinders is siek.

**Hoofsin 2**: Hulle is nie skool toe nie. (6 × 2 = 12)

## Les 25

**Strokiesprent 1**

a) Uitroepsin/Bevelsin

b) Die seuntjie sê **dat hy daardie** kwartaal 40% vir Wiskunde gekry het.

**Strokiesprent 2**

c) onregverdig

d) Meneertjie

e) opstelle

**Strokiesprent 3**

f) Het jy al weer vrot gedoen in jou toets?

g) drie persent

h) uitvreet/vreet, sê, is [2 + 3 + 5 = 10]

## Les 26

1.1 wonings

1.2 groot

1.3 geldelik

1.4 herstel

2.1 minimum

2.2 gewone

2.3 Destyds

2.4 kleiner

3.1 hoog

3.2 mark

3.3 gebore

4.1 kleuterskool

4.2 dieretuin

4.3 ongehoorsaam [4 + 4 + 3 + 3 = 12]



## Les 27

1. Die wyn is in 'n **vat.** (wynhouer)
   My vriendin **vat** aan my hand om my trouring te sien. (hou my hand vas)
   (**of: enige relevante sinne**) (2)
2. My dogtertjie het **vier** vriendinne saamgebring vir die naweek. (getal)
   Hulle **vier** vandag haar verjaarsdag. (hou partytjie)
   Die **vuur** brand hoog vir vanaand se braaivleis.

(**of: enige relevante sinne**) (2)

3. Daar loop 'n **vrou**. ('n vrou/dame)

Sy **vrou** is baie siek. (eggenote) (2)

[3×2=6]

## Les 28

1.1 'n Vergelyking – **Hier het ons stetjoes, elkeen** *soos* **'n mens**
**(stetjoes vergelyk met mens)**

1.2 'n Metafoor – **Die suurlemoene in die groen word lig,**
**(Die suurlemoene in die groen word (soos) lig)**

1.3 Personifikasie – *huppel die* **blou** *heuwels*
**(huppel die heuwels): (Kan heuwels regtig huppel? Nee.)**

1.4 Inversie – **Ook in ons word iets weggespoel**
**(Iets word ook in ons weggespoel.)**

## Les 29

a) Hy wil die onmoontlike doen.
b) Goeie vriende wees.
c) Iemand help./ Iemand 'n guns bewys./ Vir iemand iets goed doen.
d) Hy is in die moeilikheid.
e) Dit is nie meer 'n geheim nie.
f) Sy plan het nie gewerk nie.

## Les 30

1. pizza (Italiaans)
2. restaurant (Frans)
3. blatjang (Maleis)
4. koerant (Frans)
5. impala (Afrikatale) (5 × 1 = 5)



# WENKE VIR ONDERWYSERS

## Les 1

Sorg dat daar altyd genoeg koerante en tydskrifte vir die klaskamer is, laat leerders gereeld terugvoer gee (natuurlik in Afrikaans) oor boeke wat hulle gelees het of artikels uit Afrikaanse koerante, tydskrifte en so meer wat hulle gelees het.

Die waarde van lees kan net aangemoedig word met terugvoer en sodoende kry hulle selfvertroue om Afrikaans te praat.

## Les 2

Motiveer leerders om te alle tye woordeboeke te gebruik. Die ideaal is dat elke leerder sy/haar eie woordeboek besit en gebruik. Dit is ook raadsaam dat hulle ’n persoonlike woordeskatlysie vir hulself byhou in ’n kleiner boekie wat net daarvoor bedoel sal wees.

## Les 3

Deur gereelde oefening kan leerders se vaardighede in opsommings ingeskerp word. “*Practice makes perfec*t”.

## Les 4

In skryfstukke moet die belangrikheid van spelreëls veral aan die leerders uitgewys word sodat hulle kan sien en verstaan waarom dit belangrik is. Ook dat hulle die verband tussen taal en enige ander skryfstuk kan sien.

## Les 5

Dit is belangrik om **aan die hand van leerders se eie skryfstukke** die belangrikheid van spelreëls en spelpatrone uit te wys. Dit behoort dan leerders te help om die taalreëls in enige skryfopdrag toe te pas.

## Les 6

Skerp in by leerders:

- Moenie ’n komma tussen twee sinne plaas nie.
- Moenie ’n komma tussen voornaamwoorde plaas waar daar geen ruspunt is nie (bv. ons, ons)
- Die komma is die leesteken wat die meeste gebruik word. Dit word op die volgende plekke gebruik:
  - Waar daar ’n ruspunt in ’n sin is, soos tussen woorde in ’n lys,
  - tussen werkwoorde
  - voor die voegwoord “maar”



## Les 7

Gereelde oefening sal help met die vaslegging by hierdie tipe oefeninge.

## Les 8

Dit is altyd raadsaam om hierdie tipe vrae by alle geïntegreerde taalaktiwiteite in te werk. Weereens: “Practice makes perfect!” oftewel “Oefening baar kuns!”

## Les 9

Met gereelde oefening in hierdie tipe vraagstellings behoort leerders ’n aanvoeling vir hierdie tipe vrae te kry wat hulle kan help.

## Les 10

Leerders moet aangemoedig word om met mekaar in Afrikaans te gesels want deur mondelings met mekaar te praat, kan baie van die voornaamwoorde korrek gebruik word.

## Les 11

Werkwoorde is gewoonlik van die woordsoorte wat deurentyd getoets kan word omdat dit in feitlik elke les teenwoordig is. Die koppelwerkwoord, hulpwerkwoord en infinitief benodig gewoonlik meer aandag as die selfstandige werkwoord

## Les 12

Gereelde gebruik van bywoorde in skryfstukke moet aangemoedig word sodat die leerders bekend kan raak met bywoorde en ook om hul skryfstukke meer interessant te maak. Dit kan slegs gedoen word as hulle ’n grondige kennis van die gebuik van die bywoord het.

## Les 13

Gereelde oefening met geïntegreerde taalopdragte sal inskerping van voegwoorde verbeter. Dit sal ook help met die bevordering van woordordes wat later gedek sal word.

## Les 14

Dit is altyd raadsaam dat leerders gedurigdeur getoets word, want al lyk iets eenvoudig vanselfsprekend vir die onderwyser is dit nie altyd so eenvoudig vir die leerders nie



## Les 15

Dit is altyd raadsaam dat leerders gedurigdeur getoets word, want al lyk iets eenvoudig vir die onderwyser is dit nie altyd so eenvoudig vir die leerders nie. Dit is ook belangrik dat leerders na die res van die sin(ne) moet kyk om soms die betekenis binne konteks te kry.

## Les 16

Hierdie tipe oefening moet regdeur die jaar ingeskerp word want alleenlik deur genoegsame oefeninge kan vaslegging verbeter word.

## Les 17

Dit is weereens ’n geval van inskerping. Gebruik veral skryfstukke waarin leerders tydsfoute begaan het om hulle te help. Dit kan gedoen word by die skryf van opstelle of paragrawe, bv. as hul verhale skryf wat reeds plaasgevind het vir die verlede tyd of opstelle wat toekomsdrome het vir die toekomende tyd.

## Les 18

Die omskakeling van direkte na indirekte rede kan met ander taalvaardighede, bv. mondeling of selfs literatuur geïntegreer word, waar leerders die geleentheid kan kry om iemand se direkte woorde na die indirekte rede om te skakel.

## Les 19

Hier behoort genoegsame oefeninge aan leerders deurgegee te word. Dit is ook goed om soms langer sinne te soek wat meer uitdagings bied aan leerders sodra hul vertroud is met die toepassing van die reëls/prosedures. Sinne moet in konteks aangebied word, dus moet daar van gepaste tekste (soos bv. koeranttekste) gebruik gemaak word. Koerantopskrifte behoort ook goed te werk.

## Les 20

Baie keer word aanvaar dat leerders reeds kennis moet hê van die verkillende tipe sinne en dan word daar baie vinnig hierdeur gewerk. Dit is juis hier waar die basis van die tipe sinne goed vasgelê moet word en meer aadag moet kry, omdat dit leerders vorentoe sal help.

## Les 21

Gereelde oefening in hierdie tipes sinne behoort leerders te help om hierdie sinstipes te onthou en daagliks te gebruik.



## Les 22

Daar moet veral klem gelê word op die gebruik van die dubbel **nie** asook die **posisie** van **nie** in sinne.

## Les 23

Dit is belangrik dat leerders duidelikheid moet kry tussen werkwoorde en gesegdes. Begrippe soos werkwoorde en gesegdes word dikwels verwar. Vir tweedetaalleerders is dit veral belangrik om te kan onderskei tussen die twee. Onthou: ’n gesegde kan uit meer as een werkwoord bestaan, bv. het gelag; sal betaal; is hartseer, ens.

## Les 24

Leerders verwar soms die saamgestelde sin met die veelvoudige sin. Die verskil moet baie duidelik aan hulle uitgewys word aan die hand van geïntegreerde taaloefeninge.

## Les 25

Probeer soveel as moontlik geïntegreerde taalaktiwiteite doen sodat leerders nie die taal as losstaande elemente sien nie, maar as eenheid ten einde kommunikasie en taalvaardigheid aan te help.

## Les 26

Alhoewel sinonieme, antonieme, paronieme met enkele woorde verduidelik is, moet die aktiwiteite altyd binne konteks getoets word.

## Les 27

Die korrekte uitspraak van woorde en die toets van leerders se luister- en skryfvaardighede kan veral geïntegreer word wanneer homofone behandel word.

## Les 28

Hoewel ons in hierdie les net uittreksels van gedigte geneem het, is dit belangrik dat leerders moet sien dat Beeldspraak/Stylfigure nie net op gedigte van toepassing is nie, maar dat dit ook in enige litêrere tekste en ander skryfstukke kan voorkom. Ter ondersteuning kan meer voorbeelde uit ander skryfstukke en veral advertensies uitgewys word.

## Les 29

Leerders kan byvoorbeeld 'n tuisopdrag doen of gaan navors oor die ontstaan of oorsprong van spesifieke idiome. Of: hulle kan in die biblioteek of op die internet soek vir idiome en uitdrukkings en wat hulle oorsprong is.

## Les 30

'n Taak oor woorde wat van ander tale ontleen is, kan leerders help om meer van ander tale te leer en sodoende ook hul woordeskat uitbrei.



